Kinders van plaaswerkers in die Oudtshoorn distrik se belewenis van alkoholmisbruik in hul primêre gesinne

SM van der Westhuizen

23240822

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister in Psigologie aan die (Potchefstroomkampus) van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Dr. SM van Staden

November 2011

BEDANKINGS

- Spesiale dank aan my studieleier, Dr Sussa van Staden, vir al haar leiding, ondersteuning, motivering, vriendelikheid en ekstra hulp tydens die proses van hierdie verhandeling. Dit word opreg waardeer.

Hiermee wil ek graag die volgende persone ook bedank vir hulle bydrae tot voltooiing van hierdie studie:

- De Rust Primêr vir hul toestemming dat onderwysers en kinders kon deelneem aan hierdie studie.
- Al die deelnemers wat hulleself beskikbaar gestel het en hul belewenis van alkoholmisbruik met my gedeel het.
- Aan Mev Sanet Vermooten vir die puik taalversorging.

'n Besondere dankie aan Ian vir al jou oneindige liefde, ondersteuning en geloof in my. Daarsonder sou baie van die uitdagings wat oor my pad kom, baie groter berge gewees het.

Aan my ouers vir hulle volgehoue emosionele en finansiële ondersteuning gedurende my loopbaan tot dusver. Sonder julle motivering en geloof in my, sou ek nie hierdie drome kon bereik nie.

Ek dank die Here vir die voorreg, vermoë, vaardighede, geduld en krag wat U aan my toegeken het om hierdie doelwit te verwesenlik!

OPSOMMING

Kinders van plaaswerkers in die Oudtshoorn distrik se belewenis van alkoholmisbruik in hul primêre gesinne

Alkoholmisbruik is tans ’n sosiale kwessie in Suid-Afrika, asook in die res van die wêreld. Die kind in sy middelkinderjare lewensfase se belewenis van sy alkoholmisbruik-gesin kom in verskillende ontwikkelingsterreine na vore, in sy daaglikse interaksie met sy gesin asook in sy wyer skakeling . Alhoewel hy homself gedurende hierdie fase in ’n losmakingsproses om onafhanklikheid bevind, bly sy gesin steeds vir hom ’n bron van sekuriteit, hulp en ondersteuning.

Vir die navorsingsmetodologie is die proses in tabelformaat weergegee met behulp van ’n onderverdeling in vier fases. Tydens die eerste fase, die aanvanklike beplanning en probleem-formulering, het hoofsaaklik drie aspekte aandag geniet, naamlik die navorsingsonderwerp, probleem-formulering en die doel met die nodige doelwitte. Die doel van die kwalitatiewe studie wat vanuit die probleem-formulering voortgespruit het, was om plattelandse kinders in die middelkinderjare se belewenis van alkoholmisbruik in hul gesinne waarvan hul deel vorm, te beskryf. Tydens die formele beplanning in die tweede fase is die inligting deur middel van triangulering ingesamel en is op die navorsingsbenadering en -strategieë gefokus. Vanuit verskillende bronne is inligting verken om die plattelandse kind in die middelkinderjare lewensfase wat deel vorm van die alkoholmisbruik-gesin se belewenisse, te beskryf. ’n Literatuurstudie het die samestelling en uiteensetting moontlik gemaak vir ’n profielstudie vanuit ’n paradigmatiese perspektief van die kind. In die derde fase is aandag gegee aan die empiriese ondersoek waartydens triangulering praktykgerig voortgesit is met behulp van sinsvoltooing met vyf kinderrespondente, voltooiing van ’n selfontwerpte vraelys wat opgevolg is met semi-gestruktureerde onderhoude met vyf ouers en vyf onderwysers. Gedurende die vierde fase het die interpretering en integrering van die bevindinge gerealiseer. Die gevolgtrekkings waartoe gekom is, is veral geleë in die leemte op nasionale vlak en op die platteland ten opsigte van spesifiek die kind se belewenis van sy alkoholmisbruik-gesin asook sy omgewing. Dit het ook duidelik geword dat daar aandag gegee moet word aan alkoholmisbruik as verskynsel en die alkoholmisbruikte-huweliksverhouding en dat onkunde bestaan ten opsigte van ouerskap en die belewenis van die kind as betrokkene by sy alkoholmisbruik-gesin.

Om hierdie redes word aanbeveel dat daar gefokus moet word op die kind se proses, maar ook dat ouers, onderwysers en maatskaplike werkers wat deel vorm van die ondersteuningsnetwerk vir hierdie kinders, die nodige kennis en insig deur middel van opleidingsprogramme behoort te ontvang.

SLEUTELTERME

Alkoholmisbruik; middelkinderjare; belewenis; ekologiese sisteemteorie; veldteorie; Gestaltbenadering; triangulering; fenomenologiese ondersoek; primêre gesinne

ABSTRACT

Children of farm workers' experience of alcohol abuse in their primary families

Alcohol abuse is a social dilemma in South Africa, as well as in the rest of the world. During the middle childhood years the child's experience of alcohol abuse in his primary family is seen in different developmental phases, in daily interactions with his family as well as in his wider relationships. The child wants to be independent, but his family stays a resource for security and support.

For the research methodology the process was put in tabular format and subdivided into four phases. During the first phase, which is the initial planning and problem formulation, the three main issues were addressed: the research topic, problem formulation and the purpose of required objectives. The purpose of this qualitative study was to investigate rural children's experience of alcohol abuse in their families. In the second phase, the formal planning phase, information was collected through triangulation. Focus was on the research approach and strategies. From various data the experiences of alcohol abuse in families and its impact on the rural child in middle childhood stage of life were described. A literature study, the composition and layout compiled a study profile of the child from a paradigmatic perspective. During the third phase focus was on the empirical study through the practice of triangulation. Five child respondents had to complete sentences, a self-designed questionnaire was used and that was followed by semi-structured interviews with five parents and teachers. During the fourth stage, findings were interpreted and integrated. It was concluded that there is a void at both national level and in rural areas in terms of the child's experience of alcohol abuse in his family and environment. It further became clear that alcohol abuse is a relevant problem and that alcohol abuse in marital relationships need attention and that ignorance exists regarding parenthood and the experience of the child in his family where alcohol is abused. For this reason it is recommended that the focus should not only be on the child's process, but on the knowledge and the insight that the parents, teachers and social workers, which forms part of the support network, should receive through training programs.

KEY TERMS

Alcohol abuse; middle childhood; experience, ecological systems theory, field theory; Gestalt approach; triangulation; phenomenological research; primary families

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

ALGEMENE INLEIDING EN ORIËNTERING VAN DIE STUDIE

		Bladsy
1.1	Inleiding	1
1.2	Motivering en rasionaal vir die keuse van die onderwerp	2
1.3	Probleemformulering en navorsingsvrae	4
1.4	Doel en doelwitte van die studie	5
1.4.1	Doel van die studie	5
1.4.2	Doelwitte van die studie	6
1.5	Navorsingsmetodologie	7
1.5.1	Navorsingsbenadering en ontwerp	7
1.5.2	Soort navorsing	7
1.5.3	Navorsingstrategieë	8
1.5.4	Navorsingsprosedures en werkwyses	8
1.5.5	Omskrywing van universum, populasie en wyse van steekproefneming	10
1.5.6	Data-ontleding	11
1.6.	Die etiese aspekte	11
1.7	Impak van die studie	12
1.8	Indeling van die navorsingsverslag	12

Inhoud (vervolg)

HOOFSTUK 2

Die profiel van die plattelandse middelkinderjare kind wat aan alkoholmisbruik blootgestel word in sy primêre gesin

		Bladsy
2.1	Inleiding	14
2.2	Die voorkoms van alkoholmisbruik en die diagnostiese kriteria daarvan	14
2.3	Komponente van gesinsfunksionering en die verskil tussen die funksionele en disfunksionele gesin.	17
2.3.1	‘n Vergelyking tussen die gesinstrukture van die funksionele- teenoor die disfunksionele gesin as gevolg van alkoholmisbruik	17
2.4	Rolle wat die kind aanneem as gevolg van alkoholmisbruik in die gesin	21
2.5	Ontwikkelingsareas van die kind in die middelkinderjare en die impak van ouerlike alkoholmisbruik op sy ontwikkeling	22
2.5.1	Emosionele ontwikkeling	22
2.5.2	Kognitiewe ontwikkeling	26
2.5.3	Sosiale ontwikkeling	28
2.5.4	Morele ontwikkeling	30
2.5.5	Fisiese ontwikkeling	31
2.5.6	Selfkonsepontwikkeling	33
2.6	Samevatting	34

Inhoud (vervolg)

HOOFSTUK 3

‘N PARADIGMATIESEPERSPEKTIEF OP DIE MIDDELKINDERJARE-PLATTELANDSEKIND WAT AAN ALKOHOLMISBRUIK BLOOTGESTEL WORD IN SY PRIMÊRE GESIN

		Bladsy
3.1	Inleiding	35
3.2	Die ekologiese sisteem- en veldteorie vanuit ‘n gestaltperspektief	36
3.2.1	Die ekologiese sisteemteorie as teoretiese benadering	36
3.2.1.1	Die kenmerke en bruikbaarheid van die ekologiese sisteemteorie	37
3.2.2	Veldteorie as teoretiese benadering	42
3.2.2.1	Konsepte eie aan die veldteorie en die bruikbaarheid daarvan	42
3.3.3	Die gestaltperspektief as metodologiese vertrekpunt	46
3.3.3.1	Konsepte vanuit ‘n gestaltperspektief en die bruikbaarheid daarvan	47
3.3	Samevatting	56

Inhoud (vervolg)

HOOFSTUK 4

NAVORSINGSMETODOLOGIE: EMPIRIESE ONDERSOEK EN INTEGRERING VAN BEVINDINGE

		Bladsy
4.1	Inleiding	58
4.2	Navorsingsproses vir die empiriese studie	59
4.2.1	Aanvanklike beplanning vir die navorsing en probleemformulering	61
4.2.2	Formele beplanning vir die navorsing	64
4.2.3	Implementering van die empiriese navorsing	67
4.2.4	Prosessering van inligting, interpretering en integrering daarvan	69
4.3	Samevatting	85

Inhoud (vervolg)

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

		Bladsy
5.1	Inleiding	87
5.2	Navorsingsprobleem en –vraag	87
5.3	Bereiking van doel en doelwitte	88
5.4	Gevolgtrekkings	91
5.5	Aanbevelings	94
5.6	Moontlike tekortkominge in die studie	95
5.7	Aanbevelings vir verdere navorsing	96
5.8	Algemene slotbeskouing	96

LITERATUUROORSIG **97**

Bylaag 1: Kontrak vir toestemming en konfidensialiteit 109

Bylaag 2: Onvoltooide sinne aan kinders 110

Bylaag 3: Vraelys deur die ouer en onderwyser ten opsigte van die kind 112

HOOFSTUK 1

ALGEMENE INLEIDING EN ORIËNTERING VAN DIE STUDIE

1.1 Inleiding

Die gesin vorm ’n integrale deel van die leefwêreld en omgewing waarin die kind opgroei en ouers poog doelbewus om aan hul kinders ’n voorsprong in die lewe te kan gee. Aangesien die kind se gesin en dus sy ouers in al sy ontwikkelingsterreine, sosialisering, opvoeding en behoeftebevrediging, ’n belangrike rol speel tydens sy middelkinderjare (hierna ook verwys na die manlike geslagsvorm of die kind) sal dit ook ’n direkte impak op sy belewenis van sy gesinslewe hê. Die stabiliteit en kwaliteit van sy gesinslewe word grotendeels in sy emosionele welstand, gedrag, sosiale vaardighede en akademiese vordering gereflekteer (Sciarra in Wolf & Peregoy. 2003:167; en Berk, 2006:575–581).

Wat die navorser nie uit die oog mag verloor nie, is dat die kind se funksionering in sy omgewing, in sy buurt, in die skool en by sy maats deur die kind se ontwikkeling bepaal word. Daar bestaan ’n wisselwerkende interaksie tussen die kind en sy omgewing volgens Pringle in (Potgieter, 1995:5–10) wat hy deur middel van sy unieke proses hanteer (Schoeman, 2006:180). Die wisselwerking en beïnvloeding bestaan ook tussen sy onderskeie ontwikkelingsterreine. Om hierdie rede mag sy emosionele ontwikkeling nie onderskat word en sy fisiese en kognitiewe terreine oorbeklemtoon word nie. ’n Verdere rede hiervoor hou verband met die kind se emosionele belewenisse wat sy kognitiewe prosesse, gedrag, reaksies en besluite kan beïnvloed. Indien dit wel gebeur dat hy byvoorbeeld sy magtelose gevoelens as gevolg van sy belewenis van sy gesinsdinamika onderdruk, leer hy om sulke emosies te onderdruk, ignoreer of ontken. Die kind beskik wel oor vaardighede om sy emosies te hanteer, maar moet ook oor die taalvaardigheid beskik om uitdrukking daaraan te gee. Indien dit dan nie moontlik is nie en hy emosies as gevaarlik beleef, onderdruk hy sy eie gevoelens (De Klerk & Le Roux, 2004:10; en Schoeman, 2006:182).

Wanneer die kind se belewenis van sy gesinslewe en spesifiek sy belewenis van die alkoholmisbruik-gesin waarvan hy ’n deel uitmaak negatief ervaar word en in gedragsvorme verkeerdelik na vore kom, kan met sekerheid gesê word dat hy deur sy portuurgroep verwerp gaan word (volgens Cole en Dodge in Nelson & Crick,

2002:161). Dieselfde navorsers beklemtoon aggressiewe gedrag binne verhoudings wat neerslag vind by kinders in die vorm van hoër vlakke van depressie, eensaamheid en negatiewe selfpersepsies. Volgens Patterson (in Nelson & Crick, 2002:165) leer kinders wat gereeld fisiese aggressie en ander ontwrigtende gedrag tuis ervaar, onbewustelik by hul ouers om ook dieselfde gedrag te openbaar aangesien dit 'n doel dien.

In die lig van onder andere bogenoemde aspekte, ervaar die navorser die behoefte dat die middelkinderjare kind se belewenis wat deel vorm van sy alkoholmisbruik-gesin, ondersoek behoort te word. Behalwe vir die unieke lewensfase met sy spesifieke behoeftes wat die kind ervaar en sy vaardighede waaroor hy behoort te beskik, behoort die ekologiese sisteem- en veldteorie vanuit 'n Gestaltperspektief wat saam die paradigmatiese perspektief vorm, 'n holistiese weergawe van die kind se interaksie in sy omgewing en sy unieke proses te bied. Vir die doeleindes van hierdie navorsing word kinders van plaaswerkers in die Oudtshoorn distrik se belewenis van alkoholmisbruik in hul primêre gesinne bespreek en aan die leser voorgehou.

1.2 Motivering en rasionaal vir die keuse van die onderwerp

Verskeie faktore het oor 'n tydperk bygedra tot die motivering van hierdie studie en sal vervolgens kortliks toegelig word.

Die aard en omvang van alkoholmisbruik in gesinne regoor die wêreld is reeds in verskeie navorsingsverslae soos onder meer die jaarverslae van National Institute on Alcohol Abuse and Alcoholism (2000–2011), en verslae van die Trustee Initiative on Alcohol Abuse Princeton, (1999–2009), uiteengesit. Hierdie navorsing is omvattend en bied alternatiewe en hulpverleningstrategieë vir hierdie kinders.

Volgens internasionale statistiek (Russel, Henderson & Blume, 2004:45) is daar nagenoeg 6,6 miljoen kinders onder die ouderdom van agtien wat wêreldwyd in huishoudings leef waar ten minste een ouer 'n alkoholis is. Vroeë navorsing het reeds in die sestigs (Kaij, 1960:12) bevind dat hierdie kinders hoë risiko vir 'n verskeidenheid van kognitiewe, emosionele en gedragsprobleme mag toon. Dit is in latere studies bevestig soos onder meer deur navorsing wat gedoen is deur die American Academy for Child and Adolescent Psychiatry (2002:23).

In navorsing deur Towers (1989) in Fisher en Harrison (2000:203) en Kushner, Sher en Beitman (2007:685–695) word bevind dat kinders wat in huise groot word waar alkohol misbruik word, hulself kan sien as minderwaardig, onbelangrik, verwerping beleef en verantwoordelik voel vir die misbruik van alkohol deur hulle ouers. Die belewenis hiervan, soos onder meer die faktore wat huwelikskonflik, gesinsgeweld en uitermatige drinkpatrone op die kind mag hê word egter in hierdie literatuur vanuit 'n internasionale perspektief verken en beskryf. Hierdie kinders woon in oorwegend Westerse wêrelddele met eerstewêreld land ekonomieë, uitstekende mediese infrastruktuur, terapeutiese- en maatskaplike werk hulpverlening tot hul beskikking en skool- en opvoedingstelsels waarbinne kinders vir hulpverlening verwys kan word.

Hiermee saam blyk dit asof emosies te dikwels 'n kind se gedrag rig en bepaal aangesien noodsaaklike beginsels ontbreek en hy dit moeilik vind om byvoorbeeld rusies as gevolg van alkoholmisbruik deur sy ouers te vermy of te besleg. De Klerk en Le Roux (2004:10) verwys na redes waarom oordraagbare lewensvaardighede nie realiseer nie wat verband hou met 'n gebrek om vaardighede tuis aan te leer en waar te neem ten opsigte van emosionele bekwaamhede (vergelyk ook Schoeman, 1996:182; en Blom, 2004:23).

Die realiteite van Afrika en veral Suider-Afrika waar hierdie navorsing moet geskied lyk duidelik anders as in die Westerse wêreld. Alkoholmisbruik in die Wes-Kaap veral onder plaaswerkers in die landbousektor is reeds in verskeie navorsingstudies soos deur die omvattende Fetale-alkoholsindroomstudies (vergelyk FAS-projekte in landelike gebiede Universiteit van Kaapstad, 2004–2009 en Universiteit van Stellenbosch, 2007) beskryf en bestudeer. Realiteite in plattelandse gebiede sluit onder meer armoede, swak behuising, ongeletterdheid, uitgebreide gesinstrukture, ontbrekende mediese sorg met min of geen primêre gesondheidsorgdienste, oor belaaide maatskaplike werk hulpverleningstrukture en ontoereikende of gebrekkige skool strukture (De Beer, 2000:38). Benewens hierdie problematiek word kinders van Afrika ook blootgestel aan risikofaktore soos hoë seksuele misbruik binne gemeenskappe, enkelouers-gesinne of gesinne waar kinders aan hoof staan van 'n gesin weens sterftes aan verworwe immuniteitsgebreksindroom (Vigs) en Fetale-alkoholsindroom wat kognitiewe funksionering belemmer en oorlewing bevraagteken (Kroll, 2004:129–140).

Skoolgaande kinders met alkoholisme in die gesin ervaar dikwels probleme met betrekking tot akademiese vordering (National Association for Children of Alcoholics, 2011:1-3). Hierdie kinders is meer geneig om akademiese jare te herhaal, sukkel met motivering, lae skoolbywoning en uitermatige stres.

Vanuit bogenoemde asook die navorser se interaksie met die gesinne, hul omgewing, skoolkinders by ŉ plaaslike laerskool en hulpgewende organisasies, is dit duidelik dat die funksionering van die plattelandse middelkinderjare kind nie noodwendig gesond of in balans is nie. Hierdie gegewens en die navorser se betrokkenheid by die kind en sy omgewing, het daartoe bygedra om die behoefte in ŉ geleentheid te omskep en om vanuit ŉ navorsersrol ŉ studie te onderneem om te bepaal wat die persoonlike belewenis van hierdie middelkinderjarige groep kinders naamlik die plaaswerker-kind in die Oudtshoorn plattelandse distrik is en hoe daar na hul subjektiewe belewenis van alkoholmisbruik gekyk kan word. Die vraag wat gevra moet word is of hierdie belewenis verskil van die belewenis wat in literatuur oor ander dele van die wêreld beskryf word. Slegs as hierdie belewenis beskryf kan word, kan ŉ eiesoortige hulpverleningstruktuur op die been gebring word, ŉ eiesoortige teorie bestudeer word en die probleem sinvol aangespreek word.

Met hierdie ondersoek wil die navorser verkennend en beskrywend te werk gaan en poog om kinders van plaaswerkers in die Oudtshoorn distrik se belewenis van alkoholmisbruik in hul primêre gesinne te bestudeer en aanbevelings daar te stel om opleiding en hulpprogramme moontlik te maak ten einde kinders in hul middelkinderjare te bemagtig.

1.3 Probleemformulering en navorsingsvrae

Volgens Mouton (2002:91) hou die probleem en ondersoek-vraag verband met die doel van die studie. Zaaiman (2003:13) sluit hierby aan deur te noem dat die navorser geïnspireer word deur sy belangstelling, idees en/of teorie vanuit die literatuur.

De Klerk en Le Roux (2004:10) wys daarop dat sowel emosionele as gedragsprobleme by laerskool kinders skrikwekkend toeneem. Dieselfde navorsers vermeld verder dat die waarde van die emosionele komponent onderskat word, kinders se reaksie daarop tuis en by die skool, nie voldoende aandag geniet nie en die nodige beginsels vir die suksesvolle hantering daarvan, nagelaat word. Die

belewenis van die middelkinderjare kind wat aan alkoholmisbruik blootgestel word, is dus ŉ belangrike ondersoekterrein as die toename daarvan en gepaardgaande probleme, in ag geneem word.

Die probleem wat dus vir studiedoeleindes aangespreek is, is dat sover vasgestel kon word bruikbare inligting vanuit ŉ teoretiese perspektief ontbreek oor kinders van plaaswerkers in die Oudtshoorn distrik se belewenis van alkoholmisbruik in hul primêre gesinne.

Die doel van hierdie studie is verkennend van aard en omdat dit ŉ kwalitatiewe studie is, word daar ŉ navorsingsvraag gestel (Fouché & De Vos, 2011:92). Zaaiman (2003:13) verwys verder ook na tipe vrae wat die navorser kan formuleer om sy navorsing te rig en om met behulp van sy navorsing, die probleem te beantwoord. Die 'wat'-vrae wat hierdie navorsing gerig het is tweërlei van aard naamlik:

- **Wat is die belewenis van kinders van plaaswerkers in die Oudtshoorn distrik rakende alkoholmisbruik in hul primêre gesinne?; en**
- **Wat is die mees toepaslike teorieë om vanuit ŉ paradigmatiese perspektief die genoemde kind se belewenis van sy alkoholmisbruik-gesin, maats, omgewing en skool te ondersoek?**

1.4 Doel en doelwitte van die studie

Vir die doel en doelwitte van hierdie navorsing, word die volgende uiteensetting voorgehou:

1.4.1 Doel van die studie

Volgens Fouché en De Vos (2011:94) kan die doel gedefinieer word as dit waarna gewerk moet word, met ander woorde dit wat met die studie bereik wil word. **Die doel van hierdie studie is om te bepaal wat die belewenis van die plaaswerker kind in die middelkinderjare op die Wes-Kaapse platteland, in die besonder die Oudtshoorn distrik is, ten opsigte van funksionering in ŉ gesin waarbinne alkoholmisbruik voorkom.**

1.4.2 Doelwitte van die studie

Volgens Fouché & De Vos (2011:94) is die doelwitte die stappe wat gevolg moet word om die doel te bereik. Die mening van Bak (in Fouché & Delport, 2011:108) word as sinvol beskou naamlik dat ŉ doelwit spesifiek, duidelik en uitvoerbaar is en volgens Fouché & Delport (2011:108) ŉ spesifieke verandering impliseer wat in die praktyk waardevol behoort te wees. Om bogenoemde doel te bereik is die volgende spesifieke **doelwitte** met die oog op die praktiese uitvoerbaarheid daarvan, geïdentifiseer:

Eerstens is gedurende die eerste gedeelte van die triangulering proses met behulp van ŉ literatuurstudie op twee sentrale temas gefokus, te wete die verkenning en beskrywing van:

- ŉ Profiel van die plattelandse middelkinderjare kind wat aan alkoholmisbruik blootgestel word in sy primêre gesin; en
- ŉ Saamgestelde teoretiese verwysingsraamwerk bestaande uit die veldteorie en Bronfenbrenner se ekologiese-sisteemteorie, waarbinne alkohol en alkoholverwante problematiek van die kind en die belangrikheid van die interaksie met sy veld as kennisbasis herken is.

Tweedens is die triangulering proses voortgesit en verdere inligting ingesamel deur middel van:

- ŉ Empiriese ondersoek met behulp van sinsvoltooiing met vyf kinderrespondente asook die voltooiing van ŉ self opgestelde vraelys wat opgevolg is met semi-gestruktureerde onderhoude met vyf ouers en onderwysers as respondente.

Derdens is die data geanaliseer volgens Creswell se data analise spiraal asook moontlike temas en subtemas geïdentifiseer:

Vierdens is ŉ literatuurkontrolering deur die verifiëring van inligting aan die hand van bestaande literatuur gedoen, asook gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak ten opsigte van die belewenis van die plattelandse middelkinderjarige kinders wat deel vorm van die alkoholmisbruik-gesin.

1.5 Navorsingsmetodologie

Volgens Fouché en Delport (2011:61) kan die navorsingsmetodologie beskryf word as die manier waarop probleme opgelos word, met ander woorde die prosedure wat gevolg word om 'n oplossing vir die probleem te kry. Delport, Fouché en Schurink (2011:297) vermeld meer spesifiek dat die navorsingsmetodologie volledig beskryf moet word ten einde aan die navorser in die navorsersrol duidelikheid te bied oor die navorsing stappe wat vir die studie gevolg gaan word. Vervolgens word die belangrikste stappe wat vir die ondersoek noodsaaklik was, voorgehou.

1.5.1 Navorsingsbenadering en ontwerp

In hierdie studie het die navorser van die **kwalitatiewe benadering** gebruik gemaak. Die rede hiervoor is dat kwalitatiewe metodes inligting versamel in die vorm van woorde en ryk beskrywings lewer, wat 'n in-diepte begrip oordra van dit wat mense ervaar, hulle emosies, gedagtes en hanteringswyses (Louw & Edwards, 1998:31). Kwalitatiewe navorsers gebruik semi-gestruktureerde onderhoude wat deelnemers toelaat om in hulle eie woorde, sonder tydsbeperking en in detail, oor hulle ervarings te praat op 'n wyse wat heel persoonlik en uniek kan wees (Fouché & De Vos, 2011:91). Die kwalitatiewe- verskil van kwantitatiewe navorsing deurdat die prosedures nie so streng gevorm word nie, die omvang is meer geneig om ongedefinieerd te wees, en 'n meer filosofiese werkswyse word aangeneem as in kwantitatiewe navorsing (volgens Mouton en Marais in Fouché & De Vos 2011:91).

1.5.2 Soort navorsing

Die omskrywing van die soort navorsing wat die doel van die studie die beste komplimenteer het, is **toegepaste navorsing** met 'n verkennende en beskrywende aard wat vir studiedoeleindes so toegepas is. Die doel was 'n volledige, komplekse beskrywing van die belewenis van die plaaswerker kind in middelkinderjare op die Wes-Kaapse platteland, in die besonder die Oudtshoorn distrik is ten opsigte van funksionering in 'n gesin waarbinne alkohol en alkoholverwante misbruik voorkom. Toegepaste navorsing met 'n **verkennende en beskrywende aard** (Fouché & De Vos, 2011:95–99; en Ruane, 2005:11-13) is verder gebruik om die faktore te verken. Nuwe kennis en begrip kon dus bekom word ten opsigte van die laerskoolkind wat deel vorm van die alkoholmisbruik-gesin. 'n Klein steekproef wat nie verteenwoordigend hoef te wees nie, is benut met die doel om die

lewensvatbaarheid van verdere navorsing te ondersoek. Die navorsing was ook beskrywend van aard. Aangesien sowel die kinder- as volwasse respondente se belewenis van die kind wat deel van die alkoholmisbruik-gesin vorm, beskryf kon word was dit vir die navorser moontlik om die resultate en bevindinge te kon beskryf.

1.5.3 Navorsingstrategieë

Die kwalitatiewe navorsingsbenadering het in teenstelling met die kwantitatiewe benadering, gewoonlik nie 'n vasgestelde strategie of riglyn om te volg nie (Fouché & Delport, 2011:109). Vanuit die verskeie strategieë, is vir die doel van die studie van die fenomenologiese benadering as navorsingstrategie gebruik gemaak wat ook deur Mackewn (2003:59) aanbeveel word.

Die fenomenologiese studie fokus daarop om die betekenis wat mense gee aan hulle lewe van elke dag, te verstaan. Verder word die selektering van deelnemers, data-insamelingstegnieke asook die ontleding van data gespesifiseer (Creswell, 2009:12; en Nieuwenhuis, 2007:70). Vir die doeleindes van hierdie studie kon die middelkinderjare kinders, ouers en volwassenes as deelnemers geselekteer word.

1.5.4 Navorsingsprosedures en werkswyses

Vir kwalitatiewe navorsing word volgens Strydom (2011:328-340) gebruik gemaak van 'n wye verskeidenheid tegnieke, waarvan waarneming, onderhoudvoering en die ontleding van dokumentasie die meerderheid vorm. Deur middel van triangulering as 'n meervoudige insamelingsmetode (Creswell, 2009:191) is die navorsingsprosedure wat vir hierdie navorsing gebruik was, 'n literatuurstudie, konsultasies, sinsvoltooiing, semi-gestruktureerde onderhoude met behulp van 'n self opgestelde vraelys en natuurlike waarneming. Hierdie werkswyse het die insameling en verwerking van die inligting meer geloofwaardig gemaak aangesien daar vanuit 'n verskeidenheid hoeke na die verskynsel gekyk is (Schurink, Fouché & De Vos, 2011:397-402).

Ten opsigte van hierdie studie het die literatuurstudie wat eerste gedoen is, aldus Fouché en Delport (2011:109) bygedra tot 'n duidelike begrip en betekenis van alkoholmisbruik as verskynsel, die middelkinderjare as lewensfase en 'n moontlike teoretiese verwysingsraamwerk wat praktykgerig toegepas kon word.

Relevante literatuur is dus ingesamel en as hulpmiddel aangewend in ’n poging om ook inligting ten opsigte van die kind se spesifieke belewenis te bekom, om met ander woorde ook vanuit die literatuur die kollektiewe stem van die kind in ag te neem. Bronne is benut vanuit vakliteratuur van maatskaplike werk, sielkunde, internasionale verslae asook wetenskaplike tydskrifte, ongepubliseerde proefskrifte, tesisse en die internet (Fouché & Delport, 2011:137 -140). Hiermee saam is konsultasies met kundiges gevoer soos met maatskaplike werkers, terapeute en onderwysers wat werksaam is met alkoholmisbruik-gesinne en kinders.

Greeff (2011:351-353) is van mening dat die navorser vanuit ’n navorsersrol, met die volwasse respondente kontak kan maak deur middel van die voltooiing van ’n selfontwerpte vraelys en semi-gestruktureerde onderhoude ten einde inligting te bekom oor die belewenis van die middelkinderjare kind wat deel vorm van die alkoholmisbruik-gesin. Vir die kinderrespondent is onvoltooide sinne as navorsingstrategie geformuleer om inligting te bekom deur aan hom die geleentheid te bied om na sy “stem”, persoonlike mening en belewenis te luister as ’n gesinslid wat deel vorm van die alkoholmisbruik-gesin.

Gebruikmaking van sinsvoltooiing om die bruikbaarheid daarvan vas te stel, is met drie middelkinderjare kinders wat deel vorm van die alkoholmisbruik-gesin, het as ’n voorondersoek gedien. Nadat veranderinge aangebring is en die sinne aangepas is met die doel om die “kind se stem” te hoor en in ag te neem, is dit deur die vyf kinderrespondente voltooi wat deel van die alkoholmisbruik-gesinne vorm. Hierna kon sub-temas van hul onderskeie funksioneringsareas geïdentifiseer word.

Die navorser het van semi-gestruktureerde een-tot-een onderhoude gebruik gemaak om ’n gedetailleerde prent van die deelnemer se persepsie te kry (Greeff, 2011:351-352). Semi-gestruktureerde een-tot-een onderhoude kan gedefinieer word as ’n uitgebreide en meer informele gesprek, waarvan die doel nie is om antwoorde op vrae te kry nie, maar eerder om die ervaring van ’n individu en die betekenis wat hy daaraan heg, te verstaan (Greeff, 2011:351).

Laastens is semi-gestruktureerde onderhoude met behulp van ’n selfontwerpte vraelys gevoer, met vyf ouers en vyf registeronderwysers van die kinders. Die inhoud van die semi-gestruktureerde onderhoude is vir rekord doeleindes getranskribeer en natuurlike waarneming is deurentyd toegepas.

1.5.5 Omskrywing van universum, populasie en wyse van steekproefneming

Die **universum** sluit in alle plaaskinders van plaaswerkers wat verwys is vir hulpverlening weens alkohol en alkoholverwante probleme na welsynsorganisasies in die Wes-Kaap. Daar is gefokus op navorsers se mening waar daar verwys word na alle potensiële onderwerpe wat dieselfde eienskappe besit waarin die navorser belangstel (Strydom & Delport, 2011:390-396).

Die **populasie,** wat verteenwoordigend is van die universum (Bless & Higson-Smith, 2004:84; Strydom & Delport, 2011:390), sluit in alle plaaskinders van plaaswerkers wat verwys is vir hulpverlening weens alkohol en alkoholverwante probleme na welsynsorganisasies in die Oudtshoorn–distrik spesifiek.

Die subgedeelte van die totale populasie, staan bekend as die **steekproef** (Bless & Higson-Smith, 2004:84) om die studie uitvoerbaar te maak, asook om die populasie te verteenwoordig en dit dus ook te weerspieël volgens McLeod (2003: 30-31). 'n Steekproef se doel is ook om die populasie beter te begryp. Doelgerigte steekproefneming (Bless & Higson-Smith, 2004:86) met nie-waarskynlikheids-seleksietipe (Strydom & Delport, 2011:391) is benut om spesifieke deelnemers vanuit die gevalle lading van maatskaplike werkers by welsynsorganisasies te kies. 'n Saamgestelde kriteria is in ag geneem ten opsigte van toeganklikheid vanuit aanmeldings, tipiese kenmerkende eienskappe van die populasie en deelnemers wat informatief was. Die steekproefgrootte het bestaan uit vyf gesinne wat deur die herhaalde voorkoms van inligting gekenmerk is.

Deelnemers moes aan die volgende kriteria voldoen:

- Vyf ouers, bruin en landsburgers van Suid-Afrika, woonagtig in die Oudtshoorn distrik van die Wes-Kaap, wat alkoholmisbruik in hul gesinne ervaar, vir die voltooiing van 'n selfontwerpte vraelys en semi-gestruktureerde onderhoud;
- Vyf plaaswerker-kinders (manlik/vroulik, tussen die ouderdom van sewe tot twaalf jaar) wat deel vorm van die gesinne van bogenoemde ouers en skoolgaan by De Rust Primêr vir sinsvoltooiing;
- Afrikaans of Engels as spreektaal verstaan;
- Ten minste een ouer moes skriftelik toestemming gee tot vrywillige deelname asook dat hul middeljarige kind aan die studie kon deelneem;

- Kinders moes by biologiese ouers woon; en
- Aanmelding moes by een van die welsynsorganisasies in die Oudtshoorn distrik plaasgevind het.

1.5.4 Data-ontleding

Creswell se data analise spiraal vir data ontleding (Creswell, 2009:185-190; Schurink, et al., 2011:403-404) is gevolg. Dit sluit in die gebruik van kleur kodes, transkripsies van onderhoude, die maak van memo's en die identifisering van kategorieë, temas en patrone. Die betroubaarheid en konsekwentheid van bevindinge gaan versterk word deur 'n onafhanklike kodeerder te gebruik (Creswell, 2009:191). Vir geldigheid is 'n literatuurkontrole met behulp van triangulering (Creswell, 2009:191) uitgevoer waar 'n literatuurstudie en gesprekvoering met kundiges, tesame met data uit rekords verkry, gebruik is om temas wat na vore gekom het, te valideer. Creswell (in Schurink et al, 2011:403-404) het verskeie stappe wat die navorser kan volg in die proses van data-analise en interpretasie en dit word die analitiese spiraal genoem. Die proses hoef nie rigied gevolg te word nie, die stappe kan soms oorvleuel of in 'n ander volgorde toegepas word. Die stappe is soos volg:

- Bestuur en organisering van data
- Deurlees en skryf van notas
- Ontwikkeling van kategorieë, temas en patrone
- Kodering van data
- Toetsing van begrippe
- Soek alternatiewe verduidelikings
- Skryf van verslag

1.6 Die etiese aspekte

Etiek verwys na die reëls en verwagtinge rakende die korrekte optrede gedurende al die fases van die navorsingsproses teenoor deelnemers (Strydom, 2011:113-129). Dit is van waarde om die navorser behulpsaam te wees om veiligheid vir die respondente te verseker. Neuman (2000:90) sluit hierby aan deur te vermeld dat etiek die balans tussen twee pole bied, naamlik die insameling van navorsingsinligting enersyds en andersyds die regte van die respondente.

Die volgende etiese aspekte word deur Strydom (2011:115–126) geïdentifiseer en as belangrik beskou, naamlik geen skade aan respondente, misleiding, indringing van privaatheid, gee van inligting, verkryging van persoonlike inligting, publisering van bevindinge en die ontlonting van respondente (beskikbaarheid van navorser), verantwoordelike optrede van die navorser en konfidensialiteit. Die deelnemers moes om hierdie rede ’n ingeligte toestemmingsvorm onderteken (bylaag 1) vir deelname en is deur die navorser verseker van konfidensialiteit.

Deelnemers is voorberei op die onderhoud en die tyd en plek van die onderhoud is bevestig. Die plek van onderhoudvoering was gemaklik en privaat, sonder die moontlikheid van steuring (Greeff, 2011:342).

1.7 Impak van die studie

Hierdie studie het bepaal wat die belewenis van die plaaswerker kind in middelkinderjare op die Wes-Kaapse platteland, in die besonder die Oudtshoorn distrik is ten opsigte van funksionering in ’n gesin waarbinne alkoholmisbruik voorkom.

Die vraag wat gevra moet word is of hierdie belewenis verskil van die belewenis wat in literatuur oor ander dele van die wêreld beskryf word. Slegs as hierdie belewenis beskryf kan word, kan ’n eiesoortige hulpverleningstruktuur op die been gebring word, ’n eiesoortige teorie bestudeer word en die probleem sinvol aangespreek word.

’n Verdere bydrae sal wees ’n eie inheemse teoretiese kennisbasis oor die kinders van Afrika en hul emosionele versorging. Hierdie kennis sal aan maatskaplike werkers en die plaaslike gemeenskap in die Oudtshoorn distrik inligting gee, oor hoe om hierdie kinders beter te hanteer en hoe om hul eiesoortige behoeftes te probeer vervul.

1.8 Indeling van die navorsingsverslag

Hoofstuk een van die navorsingsverslag bied ’n algemene oriëntering aan die leser oor kinders van plaaswerkers in die Oudtshoorn distrik se belewenis van alkoholmisbruik in hul primêre gesinne. In hoofstuk twee gaan aandag gegee word aan die profiel van die plattelandse middelkinderjare kind wat aan alkoholmisbruik blootgestel word in sy primêre gesin en in hoofstuk drie word vervolg met ’n

paradigmatiese perspektief op die plattelandse middelkinderjare kind wat aan alkoholmisbruik blootgestel word in sy primêre gesin. Hoofstuk vier verduidelik die navorsingsmetodologie deur byvoorbeeld aandag te gee aan die empiriese ondersoek en integrering van bevindinge. Hoofstuk vyf word as die slothoofstuk beskou waarin aandag gegee word aan die samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings.

Vervolgens volg hoofstuk twee waar gefokus word op die profiel van die plattelandse middelkinderjare kind wat aan alkoholmisbruik blootgestel word in sy primêre gesin.

HOOFSTUK 2

DIE PROFIEL VAN DIE PLATTELANDSE MIDDELKINDERJARE KIND WAT AAN ALKOHOLMISBRUIK BLOOTGESTEL WORD IN SY PRIMÊRE GESIN

2.1 Inleiding

Die tydperk tussen ongeveer die sesde en twaalfde lewensjare staan algemeen bekend as die middelkinderjare. Alhoewel Louw, Van Ede & Ferns (1998:326) in hul vroeëre bevindinge vermeld dat dit relatief rustiger jare is wat die fisieke ontwikkeling betref, hulle hierdie tydperk as belangrik beskou vir ’n kind se ontwikkeling op sekere terreine. Die inligtingsinsameling en verkenning wat deel vorm van die paradigmatiese perspektief, oor die voorkoms van alkoholmisbruik en die pynlike aard van die kind se belewenis wat deel vorm van die alkoholmisbruik-gesin, word as toepaslik vir die studie beskou. Die rede is dat die ontwikkeling van die plattelandse kind tydens die middelkinderjare lewensfase in so ’n gesinsopset, skade kan ly en dit ’n kind gefokusde ondersoek regverdig. Duidelikheidshalwe sal die bestaande navorsingsdata ondersoek word vir kennisname ten opsigte van die voorkoms van alkoholmisbruik en die diagnostiese kriteria daarvan, komponente van gesinsfunksionering en die verskil tussen die funksionele en disfunksionele gesin, rolle wat die kind aanneem as gevolg van alkoholmisbruik in die gesin en die ontwikkelingsareas van die kind in die middelkinderjare en die impak van ouerlike alkoholmisbruik op sy ontwikkeling.

2.2 Die voorkoms van alkoholmisbruik en die diagnostiese kriteria daarvan

Wanneer daar op die voorkoms van alkoholmisbruik oor die wyer spektrum gefokus word, is dit duidelik dat alhoewel alkohol in Suid Afrika gewettig (SA, 2003:1) is, dit een van die gevaarlikste ontspanning dwelms is en die omvang het verreikende gevolge. As ’n sentrale senuwee sisteem depressant, verminder alkohol die aktiwiteit van die brein, spanning en inhibisies en kan dit met ’n persoon se oordeel, motoriese aktiwiteite en konsentrasie inmeng. In enige gegewe jaar, val daar 6,6 persent van die wêreld se populasie in ’n langtermyn patroon van alkoholmisbruik of afhanklikheid daaraan (Comer, 2007:341). Ten spyte van die feit dat daar ook ’n stigma aan alkoholisme kleef, kom dit voor onder alle sosiale klasse en rasse. As

gevolg van hierdie stigma bring dit mee dat daar ouers en gesinne is wat probleme as gevolg van alkoholmisbruik ervaar (Tlhoaele, 2003:24). Internasionale statistiek toon aan dat nagenoeg 6,6 miljoen kinders onder die ouderdom van agtien jaar wêreldwyd in huishoudings leef waarvan ten minste een ouer 'n alkoholis is (Russel et al., 2004:2). Plaaslik het me Patricia de Lille, voormalige Wes-Kaapse Minister van Maatskaplike Ontwikkeling, onlangs by die Tweede Drankkonferensie (October, 2010:1) die mening gehuldig dat alkohol erger is as tik. Sy het ook genoem dat nagenoeg 60% van gewelddadige sterftes in die Wes-Kaap alkoholverwant is. Mnr. Alan Winde, Wes-Kaapse Minister van Finansies, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme, het ook die impak van alkohol op die samelewing betreur. Indien hierdie inligting in ag geneem word, is dit duidelik dat hierdie plattelandse provinsie met 'n groot drankprobleem gekonfronteer word. Daar is nagenoeg 25 000 onwettige sjebiens in die provinsie, met 'n baie hoë voorkomssyfer van fetale alkoholsindroom en tot 300 mense wat maandeliks sterf weens drankverwante beserings (October, 2010:2). Mnr. Cobus Dowry, Wes-Kaapse Minister van Landbou, het by die Alkohol- en middelmisbruik in landelike areas konferensie ook verwys na die ekonomiese koste van alkoholmisbruik in die Wes-Kaap wat meer as een biljoen rand jaarliks oorskry en dat meer as 'n kwart van mense wat alkohol oor naweke in die Wes-Kaap gebruik die normale risikovlakke oorskry. As gevolg van alkoholmisbruik bereik byvoorbeeld slegs 65% plaaswerkers hulle volle potensiaal in die werkplek. Persone wat alkohol misbruik is vier keer meer in ongelukke betrokke en is vyf keer meer afwesig van die werkplek, in teenstelling met mense wat nie alkohol misbruik nie. Tussen 40% en 60% van mense wat in ongelukke sterf is onder die invloed van drank. Hy het ook verder beklemtoon dat die sosiale effek van alkoholmisbruik veelvuldig is. Dit het 'n impak op die gesinslewe, finansies, geweld, verstandelike en fisiese vermoëns, swanger vrouens en hul ongebore kinders, kinders se leergestremdhede, vroeë skoolverlating en armoede (Dowry, 2007:1).

Indien daar kortliks meer spesifiek op die **diagnostiese kriteria vir alkoholmisbruik en afhanklikheid** gefokus word, grens alkohol inname aldus Gmel & Rehm (2003:50–62) aan misbruik wanneer mense groot hoeveelhede gereeld drink en dan staat maak daarop om op 'n bepaalde wyse op te tree wat hulle andersins angstig sou maak. Gewoonlik begin die alkohol misbruik inmeng met hul sosiale gedrag en vermoë om te dink en te werk. Hulle argumenteer

gereeld met hul familielede tuis en met vriende, en verloor werksverantwoordelikheid. Alkoholmisbruik vernietig dus miljoene families, sosiale verhoudinge en loopbane.

Volgens die Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders (Nevid, Rathus & Greene, 2003:300), is alkoholmisbruik 'n patroon van herhaalde gebruik wat lei tot skadelike gevolge:

- Belangrike verantwoordelikhede wat rolverwant is, soos ten opsigte van ouerskap, werksverpligtinge as werknemer of student word nie na behore verrig nie;
- Situasies waar alkoholgebruik fisies gevaarlik (motorbestuur terwyl onder die invloed) kan wees;
- Bots gereeld met die gereg (arrestasie vir alkohol verwante gedrag); en
- Sosiale of interpersoonlike probleme.

Alkoholmisbruik en die simptome daarvan, word in die Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders Text Revision (2000) ten opsigte van volwassenes aangespreek. Daar word vermeld dat die proses van alkoholgebruik wat vir 'n lang periode voortgaan, kan oorskakel na alkoholafhanklikheid met gevolge wat die gesinsfunksionering asook elke betrokkene raak. Alhoewel die studieterrein geografies in die platteland van die Wes-Kaap plaasvind en die fokus op die middelkinderjare is, word dit juis as gevolg van sulke gevolge as belangrik beskou en word die simptome vir kennisname en duidelikheidshalwe dus kortliks bespreek. Alkohol- of middelafhanklikheid word gedefinieer as 'n wanaangepaste patroon van gebruik wat benadeling op 'n persoonlike vlak tot gevolg het indien meer as drie van die volgende sewe simptome in 'n tydperk van twaalf maande voorkom:

- Toleransie is as simptoom waarneembaar indien groter hoeveelhede alkohol misbruik moet word om dieselfde effek as voorheen te verkry, en 'n merkbare verminderde effek met inname van dieselfde hoeveelheid van die middel word waargeneem;
- Onttrekkingsimptome is aanwesig indien die kenmerkende onttrekkingsindroom vir die middel sigbaar is en dieselfde middel word geneem om onttrekkingsimptome te verlig of vermy;
- Die middel word in groter hoeveelhede of oor 'n langer periode gebruik as wat beplan was;

- ’n Aanhoudende begeerte of onsuksesvolle pogings om die middelgebruik te verminder of te beheer;
- Meer tyd word spandeer om die middel te bekom, gebruik of om te herstel van die effek;
- Die opsegging of vermindering van ’n aantal sosiale, beroeps- en ontspanningsaktiwiteite as gevolg van die middelgebruik; en
- Die voortsetting van middelgebruik ten spyte van die gebruiker se beterwete en die uitwerking daarvan op die fisiese of sielkundige probleme.

Behalwe vir die simptome, word daar verder ook ses komponente onderskei wat eie is aan gesinsfunksionering ten einde die verskil tussen die funksionele en disfunksionele gesin waarvan die kind ’n betrokkene is, beter te begryp.

2.3 Komponente van gesinsfunksionering en die verskil tussen die funksionele en disfunksionele gesin

Die gesin waarin alkoholmisbruik voorkom openbaar dikwels bepaalde eienskappe van ’n disfunksionele gesin. Behalwe vir die andersoortige eienskappe, is Van Wormer (1995:205) en Barnett (2003:467–472) van mening dat ’n disfunksionele gesin uiters kompleks is aangesien elkeen op sy eie manier ongelukkigheid ervaar. Sover vasgestel kon word, is daar nie resente data beskikbaar om werklik insig in die disfunksionele aard van die alkoholmisbruik- gesin en die kind as betrokkene se belewenis daarvan te ontwikkel nie. Daar word dus as deel van die voorondersoek, vanuit verskillende navorsingsbronne (Fisher & Harrison, 2000:172; Crespi & Sabatelli, 1997:408; Wood, 1992:33; NACOA, 2011:1–3; Louw et al., 1998:354; Van Wormer, 1995:206; en Barnett, 2003:467-472) vervolgens ’n vergelyking getref tussen die ses eienskappe van ’n funksionele nie-alkoholmisbruik- gesin teenoor die van ’n disfunksionele alkoholmisbruik-gesin.

2.3.1 ’n Vergelyking tussen die gesinstrukture van die funksionele- teenoor die disfunksionele gesin as gevolg van alkoholmisbruik

Die ses eienskappe om ’n moontlike vergelyking tussen die gesinstrukture van die funksionele- teenoor die disfunksionele gesin as gevolg van alkoholmisbruik te tref, word vir kennisname kortliks in tabelformaat weergegee.

Tabel 1: Komponente van gesinsfunksionering

Funksionele gesin	Disfunksionele gesin as gevolg van alkoholmisbruik
• **Gesinstruktuur**	
’n Stabiele hiërargiese gesinstruktuur waar die ouers die leiding en verantwoordelikheid neem. Die ouers bestuur die gesin gesamentlik waar konsekwentheid, kohesie, sensitiwiteit, empatie en wedersydse respek die norm is (Fisher & Harrison, 2000:172; Crespi & Sabatelli, 1997:408; en Wood, 1992:33).	Die hiërargiese gesinstruktuur verbrokkel en kinders neem dikwels die ouers se rolle oor. Daar is geen samehorigheidsgevoel, sensitiwiteit en/of wedersydse respek aanwesig nie en min klem word op individualiteit van die gesinslede geplaas. Kinders probeer dikwels die gesinstruktuur tot voordeel van die gesinslede herstel deur in te tree as vredemakers en/of tuis te bly sodat ouers konflik en verskille suksesvol hanteer (Fisher & Harrison, 2000:172; Crespi & Sabatelli, 1997:408; en Wood, 1992:33).
• **Kinders se behoeftes**	
Die ouers is meer bewus van die kind se behoeftes in die middelkinderjare naamlik hul fisiese, kognitiewe, sosiale, selfkonsep, morele en emosionele behoeftes. Daar word in hul behoeftes voorsien en hulle word ondersteun (NACOA, 2011:1–3 & Wood, 1992:33).	Die ouers is gepreokkupeer met alkohol en min aandag word aan die kinders se basiese behoeftes naamlik hul fisiese, kognitiewe, sosiale, selfkonsep, morele en emosionele behoeftes gegee. Die kind kry nie die geleentheid om gesond te ontwikkel nie (NACOA, 2011:1–3 & Wood, 1992:33).
• **Roetines en rituele**	
By die funksionele nie-alkoholmisbruikgesin bly die huis vir kinders steeds die	Die disfunksionele alkoholmisbruikgesin bring min tyd saam deur. Indien

plek wat die meeste sekuriteit bied en hulle gesin die spil waarom hulle bestaan draai. Gelukkige geleenthede vind in gesinsverband plaas en die gesinslede ontspan graag saam (Louw et al., 1998:354).	wel, word dit gewoonlik deur die ouer se drinkgedrag bederf. Ouers stel geen vaste reëls op nie, en die kinders in die gesinne is meer aggressief, antisosiaal en buierig (Van Wormer, 1995:206; Fisher & Harrison, 2000:172). Volgens Barnett (2003: 467–472) het families wat alcohol misbruik hulle eie stel reëls, norms, kommunikasie patrone en grense. 'n Algemene reël is dat die gesin se disfunksionalisme, ten alle koste as 'n familie geheim bewaar word. Wanneer hierdie kinders interaksie het met ander buite die huis, tree die "don't talk, don't feel, don't trust" reëls in werking.

• **Gevoelens**	
By die funksionele nie-alkoholmisbruik-gesin word liefde en gevoel maklik en vrylik in gesinsverband oorgedra. Kommunikasie is oop en die gesinslede kan die vrymoedigheid neem om hul gevoelens, wense en vrese te kommunikeer (Wood, 1992:33; Van Wormer, 1995:205; Fisher & Harrison, 2000:172).	Die disfunksionele alkoholmisbruik-gesin openbaar 'n onvermoë om uitdrukking aan gevoelens te gee. Kommunikasie is geslote, verwarrend en afbrekend van aard en dubbele boodskappe word oorgedra. Kom-munikasie in die families word gekenmerk deur kritisering, klagtes, veroordeling, blamering, skuldge-voelens en klaagliedere. Die familie voel dikwels hulpeloos en projekteer hul probleme na invloede van buite soos die portuurgroep of buurt waar hulle woon (Wood, 1992:33; Van Wormer, 1995:205; en Fisher & Harrison, 2000:172).

• **Belangstelling**	
Die funksionele nie-alkoholmisbruik-ouers respekteer hul kinders, stel belang in hulle doen en late en moedig hulle aan om unieke kreatiewe individue te wees (Wood, 1992:33; en Van Wormer, 1995:205).	Die disfunksionele alkoholmisbruik-gesinslede voel bang en onseker. Weinig belangstelling en ondersteuning word in gesinsverband ontvang (Wood, 1992:33; en Van Wormer 1995:205).

• **Beskerming**	
Die funksionele nie-alkoholmisbruik-ouers beskerm hul kinders (Wood, 1992:33 & NACOA, 2011:1–3).	Die disfunksionele alkoholmisbruik-ouers is gepreokkupeer met alkohol en as gevolg daarvan word die kinders blootgestel aan verskeie gevare (Wood, 1992:33).

Dit blyk uit bogenoemde uiteensetting dat dit vir verskeie navorsers soos Fisher & Harrisson (2000:178) in wese beteken dat die disfunksionele alkoholmisbruik- gesin afgesonder is van vriende en ondersteunde volwassenes, aangesien hulle baie vroeg al leer om nie te praat oor wat by die huis gebeur nie en om nie vriende huis toe te neem nie. Om te praat oor die ouers se alkoholmisbruik buite die gesin, laat die kind voel asof hy die gesin verraai en dislojaal is. Hierdie kinders word geforseer om apaties te wees en vervolgens raak die isolasie met die buite wêreld al hoe groter. Hulle leer ook om niemand te vertrou nie en enige vrae of pogings van hulp van ander word agterdogtig benader.

Hierdie norme en reëls raak ’n gewoonte en dien as funksie om sisteme soos skole, ander families, en gesondheidsdienste wat tussen beide wil tree buite te hou (Barnett, 2003:467–472). Aangesien dit ’n feit is dat alkoholmisbruik ’n negatiewe invloed het, soos blyk uit bogenoemde inligting wat internasionaal bekom is, blyk dat alkoholmisbruik ’n negatiewe invloed het, regverdig dit plaaslik ’n ondersoek ten einde duidelikheid te kry ten opsigte van die plattelandse kind in die middelkinderjare se belewenis, verliese en vermoëns vir praktykgerigte hulpverlening.

2.4 Rolle wat die kind aanneem as gevolg van alkoholmisbruik in die gesin

Kinders wat in gesinne bly waar alkohol misbruik word, beskik oor persepsies van wat hulle moet doen ten einde te oorleef en tot stabiliteit in hul lewens sal bydra aldus Clayton (1995:99–122) en Wegscheider (1981) in Fisher en Harrison (2000:176–177). Hierdie navorsers beskryf hul bevindinge aan die hand van vyf disfunksionele familie rolle:

- Die kind wat as 'n **held** bekend staan is gewoonlik 'n presteerder wat dikwels daarin slaag om deur prestasies die aandag af te trek van die alkoholprobleem in sy gesin. Aangesien hy uitblink in musiek, sport of akademie, slaag hy daarin om 'n indruk van 'n baie stabiele gesin te skep.
- Die **sondebok** word gesien as die een wat die gesinsprobleme uitleef en demonstreer dit met behulp van sy onverantwoordelike gedrag.
- Die **verlore kind** is skaam, teruggetrokke en verg oënskynlik min aandag sodat die gesin nie oor hom bekommerd hoef te wees nie. Hierdie kind oorleef deur juis omstandighede te vermy waar hy vreugde kan ervaar. Dit laat hom ongelukkig geïsoleerd en laat hom voel asof hy nie verdien om liefde te ontvang nie.
- Die **maskot** is die snaakse kind wat die spanning in die gesin verlig.
- Die **behulpsame kind** probeer die alkoholis beskerm teen die natuurlike en logiese gevolge van sy gedrag.

Hierdie rolle word gesien as oorlewingsrolle in gesinne waar alkohol misbruik word en word beskou as disfunksioneel of wanaangepas aangesien die kind nie toegelaat word om normale gevoelens in sy gesinsomgewing te ervaar en sy gedrag daarvolgens aan te pas nie.

Behalwe vir die rolle wat 'n kind in die alkoholmisbruik- gesin kan aanneem, verwys Castro, Jones en Mirslimi (2004:205) ook na oorbelading wanneer die kinders as gevolg van hul belewenis van hul gesinsomstandighede hul eie behoeftes negeer om na van die ander betrokkenes om te sien wat meebring dat hul ook 'n onrealistiese beeld van hulself en hul bewustheid van die werklikheid ontwikkel. Rol omruiling kan dus realiseer wat nie bevorderlik is vir die kind se ontwikkeling en belewenis van gesonde gesinsfunksionering nie. Matige vlakke van rol oplegging en die versorging van gesinslede word volgens die navorser beskou as leergeleenthede om verantwoordelikhede te aanvaar en sosiale bevoegdhede te ontwikkel.

2.5 Ontwikkelingsareas van die kind in die middelkinderjare en die impak van ouerlike alkoholmisbruik op sy ontwikkeling

Dit is belangrik om op die belewenis en impak oor al die sleutelontwikkelingsterreine van die plattelandse middelkinderjare kind wat deel van die alkoholmisbruik gesin vorm, te fokus. Wood (1992:31) vermeld oorhoofs reeds 'n dekade gelede dat die kind van die alkoholis op spesifieke ontwikkelingsterreine, dikwels probleme beleef ten opsigte van die vorming van 'n identiteit, die ontwikkeling van 'n positiewe selfkonsep, die identifisering en uitdrukking van gevoelens, fisiologiese gesondheid, intellektuele ontwikkeling en akademiese prestasie. Wood word deur verskeie navorsers ondersteun (Dayton, 2011:1 & Lowenstein, 2011:1) en daar word algemeen deur verskillende skrywers (Black, 1987:3; Brandis, 1998:1; Buddy, 1998:1; en Woititz, 1983:4 & Wood, 1992:15) aanvaar dat die kind die alkoholmisbruik van sy ouers as negatief beleef as gevolg van die invloed op sy psigososiale funksionering en dat hierdie invloede tot in volwassenheid kan strek.

Dit blyk dus dat die gesinslewe steeds belangrik is vir kinders in die middelkinderjare aangesien die ouers 'n sentrale rol op verskeie ontwikkelingsterreine speel, deur geleenthede beskikbaar te stel, die kind te ondersteun en aan te moedig. Die kinders wat nie die sosiale- en skooleise kan hanteer nie, manifesteer angs-, gedrags-, en ontwikkelingsversteurings. Hierdie probleme is nie net simptomaties van aard nie, maar hou potensieel ook risiko's in vir toekomstige persoonlikheidsontwikkeling (Louw et al., 1998:326–327; Wait, 2004:131; en Ntshangase, 2008:75.)

Dit is daarom duidelik dat alkoholmisbruik in die gesin 'n geweldige impak op alle areas van die kind se ontwikkeling kan hê. Die oorhoofse ontwikkelingsfase van die middelkinderjare kind word duidelikheidshalwe vir studiedoeleindes en praktykbeoefening hoofsaaklik deur middel van ses areas onderskei met spesifieke verwysing na die middelkinderjare kind wat op die platteland woonagtig is en die impak van alkoholmisbruik vanuit sy primêre gesin.

2.5.1 Emosionele ontwikkeling

Soos in die inleidende hoofstuk vermeld is, is die middelkinderjare 'n periode van verhoogde emosionele volwassenheid. Kinders behoort nou die periode van

hulpeloosheid te ontgroei en daar kan van hulle verwag word om meer onafhanklik en selfversorgend te wees. In vergelyking met babas en hulle beperkte vorme van emosionele uitdrukking, word die emosies in die middelkinderjare meer spesifiek, divers en gesofistikeerd. Groter emosionele diversiteit stel kinders ook in staat om ŉ verskeidenheid van gevoelens uit te druk (Ntshangase, 2008:77.) Kinders ontwikkel in die middelkinderjare ŉ sensitiwiteit vir ander mense en dit bring mee dat hulle op hierdie stadium al baie beter toegerus is vir die eise wat sosiale deelname aan hulle gaan stel (Louw et al., 1998:352–354).

Ervare navorsers op die terrein van die kind se ontwikkelingsfases, naamlik Van der Zaden in Louw et al. (1998:348) wys daarop dat kinders se begrip van hulle emosies en ervarings merkbaar tussen die ouderdomme van ses tot elf jaar verander. Hulle skryf emosionele opwekking aan interne oorsake toe. Hierdie mening skep onsekerheid ten opsigte van die kind wat in ŉ alkoholmisbruik-gesinsomgewing opgroei. Die navorsers beklemtoon verder die gevolge van die interaksie deurdat die kind bewus begin raak van die sosiale reëls wat die vertoon van hulle emosies beheer, leer om gesigsuitdrukkings met groter akkuraatheid te lees, begin verstaan dat emosionele toestande psigies verander kan word en besef dat mense gelyktydig meervoudige emosies kan ervaar. Volgens Weiss & Weiss (1989:87) se bevindinge langer as twee dekades gelede, leer kinders van ouers wat alkohol misbruik nie effektiewe denke oor hul gevoelens aan nie. Dit blyk ook dat dieselfde navorsers die mening huldig dat kinders in die disfunksionele alkoholmisbruik-gesin se gevoelens meer negatief van aard is onder andere skaamte, afkeur, skok, skuld, wanhoop, hulpeloosheid, onveiligheid, ontoereikendheid en angs.

Ten einde die impak en belewenis van die kind op sy emosionele ontwikkelingsarea beter te begryp, word drie belangrike emosies kortliks bespreek, naamlik vrees, liefde en aggressie:

- **Vrees.** Skoolbesoek impliseer vir die laerskoolkind dat sy sosiale grense uitbrei wat dit verstaanbaar maak dat nuwe vrese, wat met akademiese prestasie, onderwysers en vriende verband hou, hul verskyning maak aldus Louw et al. (1998:351). Meer onlangs is belangstelling gestimuleer deur navorsing wat in terme van die teorieë van Erik Erikson en Jean Piaget gedoen is (Wait, 2004:131) waar intellektuele ontwikkeling en ook die

ontwikkeling van vaardighede wat met akademiese prestasie verband hou, deur die kultuurgroep neergelê is. Wait (2004:131) vermeld verder dat kinders in die middelkinderjare in staat behoort te wees om sosiale en werkverwante bekwaamhede en vaardighede te bemeester. Namate hulle dan vertroue in hul vaardigheidsmoontlikhede ontwikkel, raak hulle meer onafhanklik en selfversorgend om uit te kan beweeg wat duidelik sal word in 'n meer realistiese beeld van hulself, hul sosiale waarde en interaktiewe deelname.

Volgens Van der Zaden in Louw et al. (1998:352) moet in aanmerking geneem word dat kinders se vrese nie altyd heeltemal irrasioneel is nie. Die meeste kinders se vrese kan juis teruggevoer word na onaangename ervarings, wat hulle (of iemand wat hulle ken) in die betrokke verband gehad het. Daarby spreek dit vanself dat kinders merkbare individuele verskille kan toon rakende hulle ontvanklikheid vir vrees, asook wat die oorsaak van hulle vrese betref. Die kind van die alkoholmisbruik-gesin leef waarskynlik konstant in vrees wat vrae na vore bring soos hoe hy sy vrees hanteer en wat die langtermyn effek daarvan is wat empiries ondersoek gaan word. Wilson (1989:47), die American Academy of Child and Adolescent Psychiatry (AACAP, 1998:1), National Association for Children of Alcoholics (2011:2) en Kroll (2004:129–140) beklemtoon meer spesifiek dat die alkoholis se onverantwoordelike en bisarre gedrag vrees veroorsaak. Verder is daar vrees vir verlating, dat dit tot waansinnigheid en gesinsverbrokkeling sal lei, wat ook eie aan die kind van die alkoholis is.

- **Liefde.** Volgens Turner & Helms in Louw et al. (1998:325) verander die uitdrukking van liefde tydens die kinderjare. Alhoewel dieselfde fisieke vorm van die uitdrukking van liefde wat by die voorskoolse kind voorkom ook geld vir kinders in die middelkinderjare, leer hulle ook dat liefde die gevoel en behoefte op ander maniere soos mededeelsaamheid en gesellige verkeer uiting kan vind. Verskeie navorsers soos Louw et al. (1998:352) asook Wait (2004:137) huldig die mening dat die kind in die middelkinderjare lewensfase veronderstel is om sy egosentriese ingesteldheid te ontgroei en 'n sensitiwiteit vir ander persone te ontwikkel, wat daartoe bydra dat hul uitdrukking van liefde meer volwasse van aard is.

  Die National Association for Children of Alcoholics (2011:2) meld dat die kind van die alkoholis neig om liefde met jammerhartigheid te verwar. Volgens

Marlin (1988:12) se navorsing en die vermelding in die AACAP-verslag (1998:1) blyk dit duidelik dat skuldgevoelens sinoniem is met die kind van ouers wat alkohol misbruik. Die kinders blameer hulself dikwels vir hul ouers se drinkgedrag en hulle ervaar skuldgevoelens. Ander oorsake hiervoor word deur Clayton (1995:130) en die National Association for Children of Alcoholics (2011:2) bygevoeg, naamlik dat hulle hul regte op 'n persoonlike vlak beveg en onwaardigheid beleef as gevolg van emosionele verwerping. Weens die pyn en ongelukkigheid wat die kind in die alkoholmisbruik-gesin ervaar, onderdruk hy sy gevoelens tot so 'n mate dat hy heeltemal kontak daarmee verloor. Dit bring mee dat hy met verloop van tyd, sy selfbewussyn verloor (Clayton 1995:135).

- **Aggressie.** Tydens die middelkinderjare begin kinders om direkte aggressie teen ander te toon met die primêre doel om hulle seer te maak wat 'n geleidelike toename tydens hierdie selfde lewensfase neem (Louw et al. 1998:352). Robinson (1989:28) beklemtoon ook aggressie as gevolg van die alkoholis ouer se selfgesentreerdheid, die onregverdige behandeling, inkonsekwentheid, onvoorspelbaarheid en gebrek aan ondersteuning. Vir die kind van die alkoholis is woede en gevaar ook sinoniem met die situasie. Hierdie kind ervaar deurentyd onsekerheid oor die tydstip wanneer woorde en kritiek tot geweld, aggressie, verbale mishandeling, emosionele verwerping of seksuele molestering kan lei (Clayton, 1995:129).

  Malherbe (1993:253) voeg by dat die kind in die alkoholmisbruik-gesin dikwels blootgestel word aan fisiese geweld, emosionele verwaarlosing en seksuele molestering wat dan meebring dat hulle simptome toon van kompulsiewe gedrag, eetversteurings, alkohol en/of dwelmafhanklikheid en post-traumatiese stres. Buddy (1998:1) is bekommerd dat ouerlike alkoholisme die kind se hele lewensuitkyk kan beïnvloed en dat die kind daarom sterk gevoelens van verlies beleef.

Bogenoemde navorsingsbevindinge verwys egter hoofsaaklik na navorsing wat onderneem is in buitelandse stede met 'n gemiddelde sosio-ekonomiese klas en gerig is op alle ontwikkelingsareas van die kind. Die navorser huldig die mening dat dit belangrik is om insig in die Suid-Afrikaanse situasie te bekom wat spesifiek tot die plattelandse gemeenskap gerig is om hulpverlening te kan bied. Die impak op die lewe van 'n kind wat deel vorm van 'n alkoholmisbruik- gesin behoort volgens die

navorser nie as ’n eenmalige gebeurtenis beskou te word nie, maar as ’n proses. Die middelkinderjare kind behoort verder dus deel van die navorsingsproses te vorm om sodoende self sy belewenis daarvan te kan deel. Bestaande navorsingsbevindinge toon aan dat die kind op korttermyn byvoorbeeld angs, skuld en woede beleef wat in somatiese simptome vertoon kan word. Die langtermyneffek is sover vasgestel kon word, nie duidelik nie maar behoort nagevors te word om deur middel van hulpverlening stabiliserende faktore in te bou.

2.5.2 Kognitiewe ontwikkeling

Kognitiewe ontwikkeling verwys na die veranderinge wat plaasvind in die kind se verstandelike vermoëns en vaardighede (Shaffer, 2002:229). Gedurende die middelkinderjare stel ’n kind se kognitiewe ontwikkeling hom in staat om op verskillende maniere te dink (Ntshangase, 2008:80). Wanneer daar na kognitiewe ontwikkeling van ’n kind gekyk word, ag die navorser dit noodsaaklik om na Piaget (1928–1951) se stadia van kognitiewe ontwikkeling te verwys. Die middelkinderjare omvat die konkreet-operasionele periode wat min of meer van hul sewende tot hul elfde lewensjaar kan duur. In hierdie stadium is kinders in staat tot operasionele of simboliese denke aangesien hul denke konkreet en nie abstrak is nie. Hulle gebruik die waarneembare realiteit om hul redenasies te rig deur soos ’n volwassene te redeneer deur byvoorbeeld te sê hoe hy oor ’n saak voel en daaroor dink (volgens Piaget in Blerk, 2006:242–245).

Volgens Papalia et al. in Wait (2004:132) is bogenoemde proses ’n interne verstandelike aktiwiteit, wat die kind in staat stel om beelde en simbole aan te pas, of te verander en te herorganiseer, ten einde ’n logiese gevolgtrekking te bereik. Hy behoort die beperkinge in pre-operasionele denke te oorkom sodat sy denke meer logies, buigsaam en georganiseerd ontwikkel vir die toepassing van konkrete inligting en probleme. Volgens die National Association for Children of Alcoholics (2011:3) vorder die middelkinderjare kind van die alkoholis nie na die volgende ontwikkelingsfase, naamlik na die formeel-operasionele periode van abstrakte denke nie. Hierdie kinders kan net konkreet dink en sukkel om abstrakte denke te ontwikkel. Die navorser ondersteun die mening van Stahl (1999:116) dat dit moontlik is dat ouers oningelig is en soos wat reeds na verwys is, deurdat hulle byvoorbeeld nie grense en dissipline duidelik stel nie. Verder word dit as ’n leemte

beskou dat die effek hiervan op die kind wat deel van die alkoholmisbruik-gesin vorm, ten opsigte van sy daaglikse funksionering en interaksie op al sy lewensterreine, nie aangespreek word nie en volgens Stahl (1999:116) die ontwikkeling van hiper-volwasse gedrag kan beïnvloed.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek, word ook kortliks aandag gegee aan die ontwikkeling van konservasie-, klassifikasie- en kombinasievaardighede tydens die middelkinderjare:

- Die begrip **konservasie** verwys na die mate waarin fisiese objekte dieselfde bly selfs al sou die inhoud herrangskik word. Kinders is dus in staat om sekere fisiese karaktereienskappe te herken van objekte wat dieselfde bly, selfs al verander die uiterlike voorkoms daarvan (Wait, 2004:132 &134 & Louw et al., 1998:332). Ntshangase (2008:81) verduidelik dit aan die hand van water van uit ŉ lang skraal beker in ŉ kort ronde beker oor gegooi word, maar die hoeveelheid bly dieselfde. .
- Kinders is ook in staat om met behulp van **klassifikasie** voorwerpe op grond van hulle vorm, kleur en grootte te klassifiseer aldus Louw et al. (1998:331). Wait (2004:134-136) beklemtoon verder dat hulle objekte kan groepeer en hergroepeer in hiërargieë van klasse en subklasse; byvoorbeeld om al die rooi albasters saam te groepeer en die blou blokkies apart te plaas.
- **Kombinasievaardighede** bied vir die kind die vermoë om nommers te manipuleer soos byvoorbeeld op te tel, af te trek, te vermenigvuldig en te deel (Wait, 2004:136). Kinders van alkoholiste beskik nie oor goeie verbale en kognitiewe vaardighede nie wat probleemoplossing bemoeilik aldus die National Association for Children of Alcoholics (2011:3).

Skoolprestasies van die kind wie se ouers alkohol misbruik is volgens Malherbe (1993:165) ook dikwels swak. National Association for Children of Alcoholics (2011:3) verskaf die volgende redes hiervoor naamlik vrees vir onderwysers, mislukking, ander skoliere, belewenis van spanning en angs weens die huislike omstandighede en die norm van chaos tuis, die onvermoë om hulself verbaal uit te druk, te konsentreer en te studeer, die afwesigheid van steun en erkenning van ŉ ouer, moegheid, rusteloosheid, hoë voorkoms van afwesigheid van skoolbywoning, verandering van skool, asook min geleentheid vir ontspanning of deelname aan naskoolse aktiwiteite as gevolg van verpligtinge tuis.

Sover vasgestel kon word stel Clayton (1995:140) dit dat die oorsaak van bogenoemde geleë is in die feit dat die kind in die alkoholmisbruik-gesin selde deur die ouers aangemoedig en gemotiveer word om take te voltooi aangesien hy bykans geen erkenning vir enige voltooide take kry nie en gevolglik 'n onvermoë openbaar om projekte af te handel.

2.5.3 Sosiale ontwikkeling

Behalwe die sosiale- en werksverwante vaardighede wat deur Erik Erikson en Jean Piaget in Wait (2004:131) tydens die middelkinderjare lewensfase beklemtoon word, verwys Erik Erikson meer spesifiek ook op sosiale vlak dat kinders gedurende hierdie tydperk waardevolle lesse leer in hul verhoudings met hul ouers, maats en onderwysers. Hierdie sosiale lesse in lojaliteit, vriendskap, konsiderasie, kommunikasie en vertroue is belangrik omdat dit hul bemagtig en voorberei vir die uitdagings van adolessensie. Die aanleer van die sosiale vaardighede loop hand aan hand met veranderinge op die terreine van intellektuele en emosionele ontwikkeling. (Wait, 2004:131; en Louw et al., 1998:326.)

Kinders se sosiale omgewing hou verband met hulle verwagtinge wat impliseer dat spesifieke rolle aan hulle voorgeskryf word wat ouderdomgebaseer is (Ntshangase, 2008:77). Gedurende die middelkinderjare word die kind blootgestel aan 'n verskeidenheid nuwe sosiale leerervarings waarvan daar vervolgens na etlike belangrike sosiale ontwikkelingsfasette verwys word:

- **Vriendskapsverhoudinge.** Tydens die middelkinderjare ontwikkel die kind die behoefte en die vermoëns om meer intieme vriendskappe aan te knoop. Om hierdie rede verwys hy dikwels na sy beste maat. Vriendskappe vorm 'n sosiale netwerk wat plesier verskaf, ondersteuning en beskerming bied aldus Wait (2004:137–138). Interessant is egter dat hulle tydens hierdie lewensfase meer geneig is om met ander kinders van dieselfde geslag en ouderdomsgewys in interaksie te verkeer (Louw et al., 1998:368). Volgens Wait (2004:139–140) bied die aanknoop van vriendskappe tydens die middelkinderjare leergeleenthede aan hom omdat hy:
    - ❖ ten spyte van verskille, saamspeel en leer om van iemand anders te hou;
    - ❖ bewus raak van sosiale norme en sensitief word vir groepsdruk;
    - ❖ die ervaring van nabyheid in 'n vriendskap beleef; en

- ❖ in die portuurgroep van reëls en regulasies bewus raak.

Dit blyk dat emosies, waarneming met behulp van die sintuie en denke besluitneming en optrede bepaal indien Robinson (1989:33) se bevindinge in ag geneem word wat daarop dui dat kinders van ouers wat alkoholmisbruik hulself ook dikwels in isolasie bevind. Hierdie kinders onttrek voortdurend uit die omgewing, aangesien die verleentheid en die trauma wat met die alkoholmisbruik in die gesin gepaard gaan, te veel vir die kind is om te hanteer. Ander persone word dikwels op ’n afstand gehou, aangesien hy bang is die persoon sal hom seermaak of teleurstel. Hoewel hierdie kind moontlik ’n groot behoefte aan ’n vriend het, openbaar hy egter ’n hoogmoedige houding om ander persone op ’n afstand te hou. Om superieur op te tree, dien soms ook as ’n verdedigingsmeganisme, sodoende kan die kind voorgee dat dit uiters goed gaan met hom en dat niks in sy lewe verkeerd is nie (Clayton,1995:137; en Lambie & Sias, 2005:266–273).

- **Ouer-kind verhoudinge.** ’n Kind se sosiale vaardighede word ook deur sy gesinslewe beïnvloed aangesien ouerskap style, dissiplineringstegnieke en die manier waarop sy ouers hom behandel en met hom praat, sy sosialisering beïnvloed (Wait, 2004:138). Die gesin oefen veral op sekere maniere ’n invloed op kinders se sosiale vaardighede uit aangesien sy lojaliteit en konflik uit verband uit kan ontwikkel indien hy byvoorbeeld sy vriende, ouers asook sy persoonlike behoeftes wil bevredig (Wait, 2004:139; Pretorius, 1998:45–48; en Blerk, 2006:604–605). Die voorbeelde waarna Wait, Pretorius en Blerk verwys, toon volgens die navorser nie aan dat dit op die middelkinderjare kind in die alkoholmisbruik-gesin van toepassing gemaak kan word nie. Die maniere wat egter genoem word, is naamlik dat:
  - ❖ hulle hul ouers se gedrag kan naboots;
  - ❖ ouers se dissiplinêre tegnieke ’n invloed het op dit wat kinders in ’n sosiale situasie verwag. Indien ouers byvoorbeeld aggressie gebruik, openbaar die kinders dikwels dieselfde gedrag teenoor maats en lei dit dikwels tot sosiale verwerping; en
  - ❖ ouers wat hul kinders te streng groot maak, of oorbeskerm, laat die kinders dikwels nie toe om genoeg buitenshuis en by maats te speel nie. Dit kan daartoe bydra dat kinders nie genoegsame ondervinding opdoen om met maats te speel nie.

- **Sosialisering in die skoolomgewing.** Met die toetrede tot die skool vind daar ’n dramatiese verandering in kinders se lewe plaas aangesien die bekende omgewing van die huis verlaat word vir die relatief onbekende omgewing van die skool. Behalwe die basiese skolastiese vaardighede van lees, skryf en reken wat hy moet bemeester, moet hy ook leer om sosiaal met maats en onderwysers te verkeer (Louw et al., 1998:363–367; en Wenar & Kerig, 2000:35–36). Kelly & Myers (1996:501) meen dat kinders van ouers wat alkohol misbruik dikwels probleme ten opsigte van sosiale interaksie en interpersoonlike verhoudings in die portuurgroep openbaar.
- **Spanspel.** Gedurende die middelkinderjare ontwikkel ’n nuwe vorm van spel by kinders aangesien hulle al hoe meer speletjies speel wat deur reëls gekenmerk word. Vir die speletjies word verskillende rolspelers benodig wat impliseer dat hulle deur middel van spel leer om die verskillende rolle te vertolk of posisies te speel (Wait, 2004:141). Drie kenmerke van spanspel bevorder kinders se sosiale ontwikkeling:
  - ❖ persoonlike doelwitte is ondergeskik aan groepsdoelwitte;
  - ❖ die beginsel van verdeling van werk geld; en
  - ❖ kompetisie is aanwesig.

Clayton (1995:132) stel die kind se ontwikkeling in die alkoholmisbruik-gesin soos volg: “Children of drug-abusing parents tend to grow up too quickly or too slowly. They have to behave like adults or like infants. They are either fifteen going on fifty, or twenty going on two. They are never fifteen going on sixteen, because they seldom get to act or feel their real age.” Vanuit hierdie mening blyk dit dat kinders se gedrag deur hul emosies gerig word. Die proses van die kind, die rol van sy emosies en denke, behoort met behulp van hulpverlening aangespreek te word om hom werklik die geleentheid te gee om bloot kind te wees of om ooreenkomstig sy ontwikkelingsfase te funksioneer aangesien dit negatiewe implikasies vir sy sosialisering inhou.

2.5.4 Morele ontwikkeling

Morele ontwikkeling verwys na die proses waardeur kinders die beginsels aanleer wat hulle in staat stel om, in ’n bepaalde samelewing, gedrag as reg of verkeerd te beoordeel, en om hulle eie gedrag hiervolgens te rig (Louw et al., 1998:376). Kohlberg in Louw et al. (1998:380–383) en Ntshangase (2008:79) se teorie oor

morele ontwikkeling verwys daarna dat die kind in sy middelkinderjare nog nie morele rypwording ontwikkel het nie. Die navorser onderskei drie vlakke van morele ontwikkeling, en noem dat die kind in die middelkinderjare op vlak 1 beweeg, wat bekend staan as die pre-konvensionele vlak. Aangesien hierdie vlak van toepassing is op die middelkinderjare, word dit vervolgens kortliks aan die hand van twee stadiums onderskei en daarvolgens bespreek.

- **Stadium 1: Straf- en gehoorsaamheidsoriëntasie** is in hierdie ontwikkelingsfase moeilik om ŉ morele dilemma vanuit verskillende gesigspunte te benader en daarom evalueer hy gedrag slegs op grond van die gevolge daarvan. Hy voer die regte gedrag uit om sodoende straf te vermy en is ook onvoorwaardelik gehoorsaam aan outoriteitsfigure.
- **Stadium 2: Naïewe hedonistiese en instrumentele oriëntasie** hou in dat daar alhoewel konkreet, by die kind ŉ bewuswording na vore tree om verskillende standpunte te kan handhaaf om ŉ morele dilemma op te los. Die kind kom reëls na indien dit in iemand se onmiddellike belang is en om straf te vermy (Louw et al., 1998:376).

De Wit in De Beer (2000:75) is van mening dat daar in gesinne waar alkohol misbruik word gewoonlik onvoldoende supervisie en of ouerleiding en dissipline is. Aangesien die ouers meeste van die tyd onder die invloed van alkohol is, is die kinders geneig om die situasie uit te byt. Hulle dink dat hulle net kan doen wat hulle wil, omdat hul ouers hulle nie sien nie en nie omgee wat hulle doen nie. Hierdie kinders het soms ŉ wanpersepsie van wat reg of verkeerd is, maak soms die verkeerde keuses met vriende en raak betrokke by kriminele aktiwiteite as gevolg van ŉ gebrek aan supervisie en of ouerleiding en dissipline.

2.5.5 Fisiese ontwikkeling

ŉ Uitstaande kenmerk van liggaamlike ontwikkeling tydens die middelkinderjare is dat die arms en bene nou vinniger as die romp ontwikkel. Die kind se liggaamsvorm begin die van ŉ volwasse liggaam aanneem. Fisiese veranderinge vind plaas; die longe funksioneer normaalweg goed, asemhaling is vinniger en dieper, en die bloedsomloopstelsel ontwikkel ook teen ŉ stadiger tempo. Verder word die kind se melktande vervang deur ŉ permanente stel tande. (Louw et al., 1998:327–328; Mwamwenda, 1996:53–54; Kaplan, 2000:415; en Slavin, 1997:87).

Die brein hou aan ontwikkel in struktuur en funksie, maar teen ’n stadiger tempo (Ntsangase, 2008:77).

Een van die opvallendste ontwikkelingskenmerke tydens die middelkinderjare is die aanleer en verfyning van ’n verskeidenheid motoriese vaardighede. Die kind is in staat om hierdie nuwe vaardighede te bemeester omdat daar ’n toename in krag, koördinasie en spierbeheer in die liggaam is. Hy neem gewoonlik aan verskeie aktiwiteite deel soos hardloop, hoog- en/of verspring en swem om sy motoriese vaardighede te kan uitleef en ontwikkel (Louw et al., 1998:329). Kinders van ouers wat alkohol misbruik se fisiese beserings is een en ’n halwe keer meer as die van ander kinders (Nixon & Tivis, 1997:232–235). Voorbeelde van fisiese siektes as gevolg van alkoholmisbruik in die gesin:

- **Fetale-alkoholsindroom**

Navorsingsbevindinge van bykans twee dekades gelede verwys na fetale-alkoholsindroom volgens Seilhamer (1991:183) as die negatiewe biologiese effek van die moeder se alkoholgebruik tydens swangerskap op die kind. Hierdie sindroom dui volgens Malherbe (1993:258), Mash & Wolfe (2005:274) op ’n herkenbare patroon van aangebore abnormaliteite by kinders wie se moeders tydens die swangerskap alkohol gebruik het. Die abnormaliteite sluit probleme in ten opsigte van vertraging in groei; disfunksies van die sentrale senuweestelsel, asook neurologiese abnormaliteite, ontwikkelingsvertragings, gedrags-disfunksies, intellektuele belemmering en misvorming van die brein en skedel. Seilhamer (1991:183) en De Villiers (2004:21) is verder van mening dat die graad van fetale alkoholsindroom van kind tot kind kan verskil. Sommige babas toon al die eienskappe van fetale-alkoholsindroom, terwyl ander slegs enkele simptome daarvan openbaar. Die ontwikkelingsvertragings kan verder dikwels eers na afloop van die kind se eerste of tweede lewensjaar waargeneem word en die verswakte intellektuele vermoëns kom dikwels eers aan die lig wanneer die kind met sy skoolopleiding begin. Die invloed van ouerlike alkoholmisbruik kan dus reeds voor die kind se geboorte ’n negatiewe uitwerking op hom hê.

- **Psigosomatiese simptome**

Die belewing van spanning en angs is enersyds eie aan die kind van die alkoholis en andersyds is hy daartoe geneig om hul gedagtes, vrese, hartseer en

ongelukkigheid te onderdruk, aangesien dit dikwels te pynlik is om te hanteer. Hierdie ongemak moet egter êrens verligting vind en gevolglik manifesteer dit in die kind se liggaam (Armsworth & Holaday, 1993:53). Die onderdrukking van gevoelens lei dikwels tot die ervaring van psigosomatiese toestande in die vorm van byvoorbeeld hoofpyne, slaapprobleme, moegheid, naarheid, maag- en eetprobleme, sonder dat daar 'n fisieke oorsprong vir hierdie probleme bestaan (Robinson, 1989:47; en Reddy, 2009:39).

2.5.6 Selfkonsepontwikkeling

Selfkonsep verwys na hoe die kind homself beskryf of sien en bestaan volgens Ntshangase (2008:78) uit ses dimensies. Indien die selfkonsep dus onderverdeel word, bestaan dit uit 'n persoon se selfpersepsies, vermoëns, karaktertrekke, self-evaluasie, selfbewussyn en gedrag wat oor die algemeen nie teenstrydig is met mekaar nie.

Die klem wat in die middelkinderjare op vaardighede en prestasie val, loop hand aan hand met selfkonsep (Wait, 2004:143) en wat gedurende hierdie lewensfase vinnig ontwikkel aldus Schoeman (2006:15). Die ideale self omsluit baie van die norme wat hulle geleer het wat ook 'n hulpbron is om impulse te beheer ten einde as 'n goeie persoon beskou te word. Beïnvloeding vind tydens hierdie fase deur sowel sy ouers as onderwysers plaas en indien positief en ontwikkelingsgerig hanteer word, ontwikkel hy as mens ook gesond. (Louw et al., 1998:348; en Schoeman, 2006:15.)

Die ouer wat alkohol misbruik is volgens Cocores (1990:164) oor die algemeen ten opsigte van sy optrede teenoor en terugvoering aan die kind negatief en vyandig wat veroorsaak dat hy skaamte oor sy ouers se preokkupasie met alkohol ervaar. Verder toon sy beskouing van homself as 'n verlengstuk van sy ouers dikwels eienskappe van 'n lae eiewaarde.

Die kind van die ouer wat alkoholmisbruik het 'n sterk behoefte aan goedkeuring en aanvaarding, aangesien dit iets is wat hy selde in die alkoholmisbruik-gesin ontvang. Hy is dus bereid om op te offer en selfs te verander of aan te pas net om deur ander aanvaar te word met die gevolg dat hy sy unieke identiteit verloor (Clayton 1995:128).

2.6 Samevatting

Vanuit die navorsingsgegewens oor die profiel van die plattelandse middelkinderjare kind wat aan alkoholmisbruik blootgestel word in sy primêre gesin, blyk 'n kind-gefokusde studie van belang te wees. Navorsingsdata oor die voorkoms en diagnostiese kriteria, komponente van die dis-funksionele alkoholmisbruik-gesin, die verskillende rolle waarin die kind betrokke kan raak, asook sy onderskeie ontwikkelingsterreine wat verband hou met sy proses, het daartoe bygedra.

Die verlies wat die kind as gevolg van alkoholmisbruik in die gesin ervaar, blyk veel verder te strek as bloot die ouer se preokkupasie met alkohol. Die emosionele, kognitiewe, sosiale, morele, fisiese en selfkonsep implikasies wat alkoholmisbruik in die gesin ten opsigte van die kind se maatskaplike funksionering inhou, is oorweldigend. Alhoewel die ontwikkelingsterreine afsonderlik aangebied is met die oog op die nodige begrip vir die middelkinderjare kind se funksionering en om insig te bekom met die oog op hulpverlening, kan dit meestal nie van mekaar geskei word nie. Die belewenis van emosies soos spanning, 'n verlies aan beheer, hulpeloosheid, skaamte, woede, hartseer, isolasie en vrees, rig sy optrede, gedrag, besluitneming en kommunikasie. Die belangrikheid van die self bewussynsproses bly agterwee. As gevolg van bogenoemde word die belangrikheid van kennis en begrip vanuit die kind se persoonlike belewenis van sy leef wêreld beklemtoon en behoort praktykgerigte hulpverlening vir hierdie kinders ontwikkel te word met die nodige begrip, ondersteuning, aanvaarding, onderskraging en deernis.

In die volgende hoofstuk word daar aandag gegee aan die paradigmatiese perspektief as basis van hierdie studie op die plattelandse middelkinderjare kind wat aan alkoholmisbruik blootgestel word in sy primêre gesin en sal die ekologiese sisteem- en veldteorieë vanuit die gestaltperspektief bespreek word.

HOOFSTUK 3

‘N PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF OP DIE PLATTELANDSE MIDDELKINDERJARE KIND WAT AAN ALKOHOLMISBRUIK BLOOTGESTEL WORD IN SY PRIMÊRE GESIN

3.1 Inleiding

Alhoewel die gesin vir die kind tydens sy middellewensfase steeds sy basis van sekuriteit bly, behoort hy veiligheid te ervaar om naas sy gesin, aldus Rooth (1997:28) toenemend na sy skoolomgewing en portuurgroep uit te beweeg. Die kontak na buite en sy vermoëns om probleme te voorkom, hou met sy gesinsomstandighede verband en die wyse waarop hy dit bewerkstellig, vind plaas deur middel van spel. Oaklander (1988:3) sluit hierby aan aangesien sy spel beskou as die kind se natuurlike kommunikasiemiddel waardeur hy na ander mense uitreik asook hoe hy hulle en homself leer ken. Die kind behoort dus aan die eenkant die voorreg te ervaar om van sy eie vermoëns in sy eksterne omgewing bewus te word en te eksperimenteer, terwyl hy aan die ander kant tuis terselfdertyd deel vorm en as lid van die alkoholmisbruik-gesin moet funksioneer. Die kind gaan hierdie deel van sy ontwikkelingsproses as gevolg van sy belewenis van sy alkoholmisbruik-gesin en hul funksionering asook sy gebrek aan veiligheid en sekuriteit ’abnormaal‘ binne. Hierdie verskynsel beklemtoon die belangrikheid van die kind gefokusde ondersoek met spesifieke verwysing na die plattelandse kind, wat in die Wes-Kaap woonagtig is.

Die paradigmatiese perspektief en aanname bestaan vir hierdie ondersoek uit die ekosisteem teorie wat die lens sal wees waardeur die navorser na die gestelde probleem gaan kyk. Die veldteorie sluit hierby as teoretiese verwysingsraamwerk aan. Die ondersoek blyk ook van belang te wees indien dit in ag geneem word dat Viviers (2001:22) die ontwikkeling en toepassing van praktiese vermoëns gedurende hierdie fase as belangrik beskou. Om hierdie rede sal die navorsingsprobleem praktykgerig vanuit die gestaltperspektief aangespreek word.

Vanuit die gestaltperspektief as paradigmatiese beskouing word hierdie ondersoek dus gerig binne die konteks van teoretiese benadering en om die navorsingsprobleem praktykgerig aan te spreek. Teoretiese benaderings hou verband met die grondbeginsels wat van toepassing is op die eenheid van

ontleding, die verskynsel en bied nie noodwendig oplossings nie, maar is ook aldus Benjamin (2004:19) vir praktykgerigte hulpverlening rigtinggewend van aard. Dieselfde navorser voer redes hiervoor aan soos onder andere dat daar in die alkoholmisbruik-gesinne komplekse gesinprosesse aanwesig is wat begrip verg asook dat teoretiese riglyne rigtinggewend van aard is.

Wanneer daar kreatief met teorieë omgegaan word, word daar volgens Rose (2005:38) nie noodwendig van 'n enkele teorie gebruik gemaak nie, maar word konsepte, veral ten opsigte van gesinsfunksionering, geleen of gekombineer om met ondersoeke voort te gaan. Prochaska en Norcross (2003:201) verwys al 'n dekade gelede op 'n leemte in die gestaltbenadering, naamlik: "All the I-ness has driven out the we-ness" wat volgens die navorser behels dat die kind homself kan distansieer van sy gesin- en omgewingsisteme.

'n 'Perspektief'of 'n kombinasie daarvan, behels vir die navorser dat daar na die geheel van die alkoholmisbruik-gesin se funksionering en meer spesifiek na die belewenis daarvan vir die plattelandse kind wat in sy middelkinderjare lewensfase verkeer, gekyk kan word. Deur gebruikmaking van onlangse, minder onlangse bronne en ander hulpwetenskappe waar nodig, sal vanuit 'n navorsingsrol aandag geskenk word aan die ekologiese sisteem- en veld teorieë wat bymekaar aansluit aldus Parlett (2005:46). Die rede hiervoor is dat beide teorieë 'n omvattende perspektief daarstel waarbinne die kind en die belangrikheid van die interaksie met sy veld of omgewing herken sal word. Vanuit die gestaltbenadering wat ook holisties van aard is, sal geskikte toepasbare konsepte bespreek word om verder duidelikheid te verkry.

3.2 Die ekologiese sisteem- en veldteorie vanuit 'n gestaltperspektief

Ten einde 'n omvattende perspektief te verkry van die belangrikheid van die kind se interaksie met sowel sy onmiddellike as wyer omgewing, word die twee bogenoemde teorieë vanuit 'n gestaltperspektief kortliks voorgehou.

3.2.1 Die ekologiese sisteemteorie as teoretiese benadering

Die ekologiese sisteemteorie benadruk dat elke individu se groei en ontwikkeling geaffekteer word deur beide die onmiddellike sisteem waarbinne hy beweeg en die breë ekologiese kragte wat indirek sy lewe affekteer (Lewis, Lewis, Daniels & D'Andrea, 2003:186). Die teoretiese benadering postuleer dat alle individue binne

komplekse sisteme ontwikkel en dat enige sisteem weer uit interafhanklike elemente bestaan waarin die geheel altyd meer is as die som van sy dele (Loxton, 2004:41). So bestaan die gesinsisteem vanuit hierdie perspektief byvoorbeeld uit meer as die som van die eienskappe en vermoëns van al sy individuele lede wat vir Schwartz en Kaslow (1979:83) belangrik is aangesien veranderinge en probleme van een gesinslid al die ander lede beïnvloed. Dit blyk dus volgens die ekologiese sisteemteorie dat die kind (sy aanpassing by die alkoholmisbruik-gesin) en die omstandighede (die alkoholmisbruik) in 'n dinamiese interaktiewe verhouding verkeer.

3.2.1.1 Die kenmerke en bruikbaarheid van die ekologiese sisteemteorie

Die ekologiese sisteemteorie kan volgens die volgende kenmerke as beskrywend en bruikbaar beskou word: Die ekologiese sisteemteorie is volgens Becvar en Becvar (2006:11) nie voorskriftelik nie. Urie Bronfenbrenner voer gedurende 1979 in Loxton (2004:41-42) aan dat die ekologiese sisteemteorie rekenskap gee van alle interafhanklike sisteme wat die ekologiese omgewing beskryf. Laasgenoemde word beskou as 'n samestelling van vyf konsentriese sisteme, naamlik die mikro-, meso-, ekso-, makro- en kronosisteem wat voortdurend in interaksie met mekaar is.

Die konsep 'interaksie' impliseer en verwys in hierdie konteks na die totale manier waarop die kind met sy sisteme in wisselwerking verkeer (Reber & Reber, 2001:363). Die ontwikkeling van die kind vind dus in al hierdie areas plaas asook deur middel van wedersydse beïnvloeding as gevolg van 'n dinamiese tweerigting interaksie proses. Die ekologiese sisteemteorie, soos toegepas op al die onderlinge verbonde sisteme wat positief of negatief op die kind inwerk, beklemtoon die behoefte daaraan om kinders se selfontwikkeling binne hulle alledaagse omgewing beter te verstaan (Loxton, 2004:41–42; Lewis et al., 2003:186; Carlson, 1984:571). Die teorie kan dus as breë teoretiese raamwerk en vertrekpunt dien om die holistiese funksionering van die middelkinderjare kind in 'n gesin waarbinne alkoholmisbruik voorkom te begryp.

Elke laag van die omgewing word gesien as 'n deel wat 'n kragtige impak op die kind se ontwikkeling het en alhoewel die onderskeie sisteme as gevolg van die wisselwerking nie maklik geskei kan word nie, word dit kortliks vir studiedoeleindes onderskei en afsonderlik bespreek:

Die **mikrosisteem** omsluit die onmiddellike omgewing waarin die kinders hul bevind. Dit word gekenmerk deur daardie persone en gebeure wat op ŉ daaglikse basis ŉ invloed op die kind se funksionering en sy belewenis daarvan kan hê wat die gesin, skool en vriendekring insluit (Swart & Phasha, 2005:10–12) en die verhoudings is volgens Bronfenbrenner (1993:98) en Becvar en Becvar (2006:296) tweerigting wederkerig. Met ander woorde, volwassenes het ŉ uitwerking op kinders se reaksies, maar kinders se biologiese en sosiale kenmerke beïnvloed ook die gedrag van volwassenes. In die mikrosisteem word die interaksie tussen twee individue beïnvloed deur die teenwoordigheid en kwaliteit om die verhouding te versterk. ŉ Voorbeeld hiervan is wanneer ouers mekaar ondersteun in hul onderskeie kindergrootmaak- of ouerskap rolle, hulle meer effektiewe ouers is (Gottfried, 1988:3–8; Simons, 1992:1282–1301). Tydens hierdie ondersoek waar daar op die kind se belewenis van sy alkoholmisbruik-gesin se funksionering gefokus word, is die beïnvloeding en die kwaliteit van die uitkoms daarvan, dus belangrik.

Interafhanklikheid tussen ŉ kind en sy ouer of ouers binne ŉ sisteem, sy gesinsisteem, is ŉ kernbegrip van die ekologiese sisteemteorie en word deur Corwyn en Bradley (2005:470) soos volg beskryf: “One can not understand a family system, by looking at parents and children in isolation. Relationships and patterns of interaction ... are also critical.” Die kind se belewenis van sy alkoholmisbruik-gesin se graad en patrone van interaksie of sy alkoholmisbruik-gesin as sisteem, behoort so bemagtig te word, dat sy persoonlike of sy gesin se belewenis en gedrag meer funksioneel van aard sal wees.

Volgens Bronfenbrenner (1993:88) en Lewis et al. (2003:194) verbind die **mesosisteem** die mikrosisteme met mekaar. Dit verwys na die verhouding wat ontwikkel en bestaan tussen die verskillende mikrosisteme. Van belang is dat die onderskeie mikrosisteme in ŉ holistiese ondersteuningsnetwerk sal saamwerk om ŉ optimale omgewing vir die kind te skep waarbinne hy kan beweeg. ŉ Voorbeeld hiervan is dat kinders se akademiese vooruitgang nie net afhanklik is van dit wat in die klas plaasvind nie, maar ook bevorder word deur sy ouer of ouers se ondersteunende betrokkenheid.

Die **eksosisteem** behels die sosiale opset wat nie binne die onmiddellike ervaring van die individu bestaan nie, maar hom nogtans beïnvloed (Loxton, 2004:42). Dit

verwys na een of meer omgewings waarby die kind dus nie direk betrokke is nie, maar wat hom wel direk kan beïnvloed soos byvoorbeeld die onderwyssisteem, gesondheidsdienste, ouers se werkplek, gemeenskapsorganisasie of buurt (Swart & Phasha, 2005:10–12). 'n Baie gepaste voorbeeld is die invloed van die media, veral televisie, wat toon dat dit kinders se vrese kan beïnvloed.

Die buitenste vlak is volgens Bronfenbrenner (1993:98) en Lewis et al. (2003:202) die **makrosisteem** wat nie 'n spesifieke konteks is nie, maar wat bestaan uit kulturele waardes, wette en gebruike van 'n samelewing. Die makrosisteme is krities belangrik in die ontwikkeling van die kind, aangesien dit die potensiaal het om al die ander vlakke te beïnvloed. Laasgenoemde kan geïllustreer word in die buurt waarin die gesin woonagtig is, reëls en gewoontes wat heers asook die afwesigheid van hulp en steunstelsels soos die tekort aan geestesgesondheidsdienste vir kinders wat woonagtig is op die Wes-Kaapse platteland van Suid-Afrika. Deur iets te doen aan makrosistemiese kwessies, soos die beleid oor kinders se geestesgesondheidsbehoeftes, kan al die ander sisteme in die beste belang van die kind se ontwikkeling, dinamies beïnvloed word (Loxton, 2004:42). Die visuele voorstelling wat volg, word duidelikheidshalwe aan die leser voorgehou om die belewenis van die kind wat deel vorm van die alkoholmisbruik-gesin, se interaktiewe proses aan te toon.

Figuur 1: ’n Skematiese voorstelling van die ekologiese sisteemteorie en die verskillende kragte wat die kind indirek kan beïnvloed



Vanuit bogenoemde skema kan die leser dus kennis neem van die verskillende sisteme in die ekologiese sisteemteorie. Die verskeidenheid kenmerke binne die kind se gesin en groter geheel word ook aangedui., Die sosiale sisteem, wat die belangrikheid en aanwesigheid van betekenisvolle verhoudings beklemtoon soos met sy gesinslede, familie, vriende, portuurgroep, onderwysers, asook in die buurt en kerk waar kulturele waardes in ag geneem word, word dus aangetoon. Prochaskas en Norcros (2003:205) en Von Sydow (2002:79) vermeld juis dat ’n mens slegs begryp kan word indien die beïnvloeding van sy omgewing waarvan hy deel vorm, wat in interaksie verkeer en in ’n verhouding is, ook in ag geneem word. Hieruit blyk dit dat slegs emosionele betrokkenheid soos vanuit die gestaltbenadering, onvoldoende blyk te wees.

Tydens hierdie navorsing word dit ook as belangrik geag dat die kind se belewenis van sy alkoholmisbruik-gesin (sisteem) vanuit ’n geheel-perspektief beskou moet word aangesien die kind (sub-sisteem) wat deel van sy gesin vorm, nie

uiteenlopende belange ervaar nie en terselfdertyd ook deel is van en beïnvloed word, deurdat hy in ’n verhouding met sy suprasisteem (omgewing) verkeer. ’Holisme‘ is ’n konsep wat ook vanuit die gestaltperspektief benadruk word aldus Corwyn en Bradley (2005:470) waar ’sisteem‘ beskou word as meer as die ’somtotaal van sy dele‘.

Von Sydow (2002:86) vervolg verder vanuit ’n ander perspektief dat herformulering ’n begrip is wat eie is aan die ekologiese sisteemteorie deurdat aanvaarbare, alternatiewe gedrag gedefinieer kan word indien omstandighede of ’n situasie in ’n nuwe konteks geplaas kan word. Volgens Oaklander (1994:143-156) is herformulering en definiëring, begrippe wat eie en toepasbaar is binne die gestaltbenadering. Dit impliseer vir hierdie studie dat die alkoholmisbruik-gesin (sisteem) se gesinslede (sub-sisteme) op grond van hul belewenis, belangrik bly indien verandering nodig is.

Die uniekheid ten opsigte van ooreenkomste en verskille wat in ’n enkele sisteem asook in die saamgestelde dele aangetref word, word deur Irving & Benjamin (2002:22) as sirkulariteit in oorsaaklikheid geformuleer en beklemtoon. Die belewenis van die kind (as ’n enkele betrokkene) van sy gesin (al sy gesinslede en betrokkenes as ’n geheel) se funksionering, kan dus as gevolg van sy, maar ook hulle, unieke samestelling, en persoonlikheidstyl daartoe bydrae dat sy en elke ander gesinslid, se aanpasbaarheid verskil.

Die belangrike rol wat ’aanpasbaarheid‘ in die alkoholmisbruik-gesin se gesinsfunksionering speel sal die kind in sy middelkinderjare lewensfase se belewenis sekerlik ook beïnvloed veral wanneer die ouers, en nie die kind wat ook deel van die gesinsisteem vorm nie, vir hulp en ondersteuning in isolasie betrek word. Die nodige kennis ten opsigte van die kind se belewenis behoort bekom te word van die dinamiek in en uitkoms van gesinsfunksionering omdat dit nie onderskat behoort te word nie.

Vir die navorser behels dit dus dat die moontlikheid bestaan dat daar nie ’n geheelbeeld van die kind se belewenis van sy alkoholmisbruik-gesin, weergegee sal kan word, indien die res van die sisteme waarvan hy ’n deel vorm, nie ook in ag geneem word nie. Hierby kan ’aanpasbaarheid‘ vanuit die konteks van gesinsfunksionering in die alkoholmisbruik-gesin bygevoeg word, aangesien inligtingsinsameling die hele gesin raak. Die kind in sy middelkinderjare lewensfase

se belewenis van sy gesin, en nie slegs die van sy ouers nie, word dus ook beïnvloed. Sirkulariteit in oorsaaklikheid wat in sisteme voorkom, dra verder daartoe by dat die ekologiese sisteemteorie bruikbaar is vir hierdie ondersoek as in gedagte gehou word dat die belewenis van hierdie kind, kan verskil as gevolg van sy unieke samestelling en funksionering, sy gesinslede onderling en sy gesinsisteem (Irving & Benjamin, 2002:22). Dit blyk vanuit 'n navorsersrol of die aannames van die ekologiese sisteemteorie as gevolg van die buigsaamheid daarvan, ook as bruikbaar vir die paradigmatiese perspektief beskou kan word.

Vir 'n bespreking van die veldteorie, waar veld 'n kernbegrip van die gestaltperspektief is, word vervolgens kortliks op die kenmerke daarvan gefokus.

3.2.2 Veldteorie as teoretiese benadering

Vir hierdie studie wat daarop gerig is om die belewenis van die middelkinderjare kind van die alkoholmisbruik-gesin se funksionering vas te stel, was dit nodig om te fokus op die verskillende konsepte wat benut kan word en die bruikbaarheid van die veldteorie as teoretiese benadering. Binne die raamwerk van die veldteorie is dit moontlik dat die kind se belewenis van alkoholmisbruik in sy gesinsopset sowel verbale as nie-verbale gedrag van woede of aggressie of magteloosheid kan reflekteer as gevolg van die makrosisteem waarvan sy gesinsisteem en hyself deel vorm. Alkoholmisbruik het normaalweg vanuit 'n persoonlike mening 'n ontwrigtende uitwerking op die stabiele funksionering van die gesinsisteem en 'n ondersoek hieroor, behoort waardevolle inligting te bied om die belewenis van die kind te begryp.

3.2.2.1 Konsepte eie aan die veldteorie en die bruikbaarheid daarvan

Die konsep veld is een van die basiese begrippe in Gestalt. Vanuit die gestaltperspektief (Joyce & Sills, 2010:27) word die kind as 'n funksionele, organismiese-geheel gesien wat streef na hoër vlakke van potensiaal en aktualisering. Volgens Kirchner (2003:3) verwys die begrip veld na alle organismes/kinders wat volgens hom in 'n omgewing bestaan met wedersydse invloede op mekaar. Verder vermeld dieselfde navorser dat geen organisme/kind in komponente opgedeel kan word nie, maar slegs verstaan kan word in sy georganiseerde, interaktiewe, onderlinge verbintenis en afhanklike totaliteit. Elke

veld, hetsy eksperimenteel, sosiaal, of kultureel ensovoorts is deel van ’n eenheidsproses (Kirchner, 2003:3).

Die interne wêreld van die kind, die eksterne omgewing, en die dinamiese verhouding tussen hulle, word beskryf as die konsep veld Joyce & Sills, 2010:28). Volgens Joyce en Sills (2010:28) is die veldteorie met alles wat aanmekaar verbind is, in samevloeiing. Die kind moet binne sy omgewing of konteks gesien word as deel van ’n konstant veranderende veld, en dit sluit drie areas van ondersoek in naamlik die interne wêreld van die kind, die eksterne wêreld van sy omgewing en die wedersydse verhoudings tussen die twee wêrelde. Om hierdie rede sal inligting-insameling vanuit ’n empiriese perspektief, ten opsigte van die kind wat deel van die alkoholmisbruik-gesin vorm, hiervolgens plaasvind.

Perls, Hefferline en Goodman (1951:55) het reeds ses dekades gelede bevind dat ’n kind nie as ’n afsonderlike entiteit van sy omgewing beskou kan word nie, maar eerder in ’n kreatiewe kontakproses met sy leefwêreld of veld. Perls (in Clarkson, 2004:9) beskou verhoudinge in terme van die omliggende veld, omdat dit onmoontlik is om ’n kind te verstaan behalwe wanneer hy binne sy omgewing waargeneem word. Hierdie interverhouding van die kind met die omgewing is ook vanuit die gestaltperspektief ’n belangrike aspek omdat hy ’n integrale deel van sy veld vorm. Interessant is Mackewn, (1997:54) se mening dus dat enige proses, probleem, en die oplossing daarvan, die gevolg van die verhouding is tussen die veld, die kinders daarin en hulle persepsie daarvan. Volgens Mackewn (1997:54) is die konsep ’realiteit‘ gevolglik nie ’n objektiewe begrip is nie, aangesien die kind se ervaring of belewenis daarvan, ’n onlosmaaklike deel daarvan vorm.

Dit is belangrik dat daar begrip moet bestaan vir hoe die kind sy veld organiseer; aangesien dit sy vlak van bewustheid weerspieël. Daar sal vir studiedoeleindes vanuit Mackewn (1997:56) se bevindinge op twee aspekte gefokus word, naamlik die eksperimentele veld, met ander woorde dit waarvan die kind bewus is in sy alkoholmisbruik-gesin (sy realiteit) en wat uniek is aan hom, asook dit waarvan die kind nie onmiddellik bewus is nie, maar wat die potensiaal het om hom te beïnvloed.

Die ouer is veronderstel om in sy gesinsopset die rol van begeleier te vertolk wat impliseer dat die kind met behulp van die voorbeeld en gedrag van sy ouer in sy interne omgewing kan eksperimenteer. Perls (in Blom, 2004:8) huldig die mening

dat aangesien Gestalt humanisties van aard is, daar gefokus behoort te word op die uitkoms van die kind se proses ten opsigte van sy kommunikasie, besluitneming en gedrag of optrede. Om hierdie rede behoort hy dus bewus gemaak te word van sy emosies en denke wat sy gedrag (ook in die toekoms) gaan rig. Bewuswording vir die kind van sy behoeftes en vermoëns, is vanuit die konsepte of elemente van die gestaltbenadering moontlik met behulp van die fenomenologiese metode en tegniek (Mackewn, 1997:59). Inligtingsinsameling van die kind behoort daarom vanuit sy gesinsopset, met dialoog en eksperiment, bekom te word ten einde begelei te word tot begrip en eksperimentering, ook vir sy eksterne omgewing.

Skematies kan die kind se proses van sowel sy interne as eksterne omgewing soos volg weergegee word.

Figuur 2: Die organisme in die veld



Volgens Parlett (in Philipsson, 2011:1-3) is die invalshoek of vertrekpunt van die organisme in die veld, vanuit die gestalt-veldteorie, wat ook die sentrale saak is waaroor dit in die teorie gaan, waarneming vanuit die geheelbeeld of omgewing. Parlett (in Philipsson, 2011:1-3) sonder vyf beginsels uit rakende die veldteorie wat ook vanuit die gestaltperspektief belangrik is:

- **Die beginsel van organisasie**

  Volgens hierdie beginsel kan betekenis bekom word vanuit die totale situasie, naamlik die totaliteit van die bestaande feite van die kind wie deel vorm van die

alkoholmisbruik-gesin. Hoe hy dus dink, voel en doen, is gebaseer op sy interaksie met sy onmiddellike omgewing op daardie oomblik. Volgens Lewin (in Yontef, 1993:305) en Sills, Fish en Lapworth (1996:79) word elke gebeurtenis, ervaring, objek of organisme bepaal deur sy veld, waarvan hy deel vorm en wat hy as waarnemer beskou volgens sy huidige behoefte en omstandighede. Dit is dus vanuit hierdie ondersoek nodig om te fokus op die kind se belewenis van sy veld as geheel om inligting in verband met die moontlike uitkoms daarvan vir praktykbeoefening, te bekom.

- **Die beginsel van gelyktydigheid**

  Gelyktydigheid verwys na die hier en nou. Die kind word volgens Sills et al. (1996:79) nie slegs geaffekteer deur die verlede nie, maar deur die herinneringe van die verlede, verwagtinge en leeruitkomste van sy verlede. Sy belewenis word gevorm vanuit ’n deel van sy huidige veld asook sy herinneringe vanuit sy omgewing soos wat dit in die verlede daar uitgesien het. Volgens Sills et al. (1996:97) kan net die teenwoordige veld van gedagtes en fantasieë, gebaseer op die kind se geskiedenis van ander ervaringe wat ook deel word van die betrokke veld, verklaar hoe hy huidiglik voel. Die funksionering van die alkoholmisbruik-gesin soos vanuit die verlede bepaal vir die kind die toekoms en het dus ’n betekenisvolle invloed op sy belewenis van die hede.

- **Die beginsel van uniekheid**

  Elke kind se ervaring is uniek en daarom fokus ’n gestaltspelterapeut tydens terapie op ’n kind se unieke belewenis in ’n situasie (Sills et al. (1996:80). Waarneming, tydens sowel terapie as vir studiedoeleindes, is ook ’n unieke ervaringsproses wat saamhang met die waarnemer se unieke samestelling en lewensomstandighede. Volgens Yontef (1993:306) is ’n kind se vordering, ’n funksie van die hele veld en word sy vorderingsproses vanuit hulpverlening nie slegs bepaal deur sy gemotiveerdheid en vermoëns nie, maar ook deur aspekte soos die terapeut se vaardighede, en die verhouding tussen die familie en vriende wat deel vorm van die ondersoek. Dit is egter vanuit ’n persoonlike mening, uiters belangrik dat hulpverlening teoreties gegrond moet wees met behulp van die navorser se bydrae sodat teorie neerslag in die praktyk mag vind.

- **Die beginsel van veranderende proses**

  Die veld verander konstant wat veroorsaak dat homeostase en kreatiwiteit dus hand aan hand beweeg. Volgens Parlett (in Yontef, 1993:313) en Sills et al. (1996:80) verwys die beginsel van ’n veranderende proses na die feit dat ervaring

voorlopig, eerder as permanent is. Om hierdie rede kan ’n kind wat deel van die alkoholmisbruik-gesin vorm, nie geëtiketteer word as patologies nie op grond van sy gedrag, optrede, denkwyse, gesprekvoering en besluitneming om sy huidige belewenis weer te gee. Die proses kan aldus die navorser, as gevolg van die insameling van inligting, hulpverlening en/of insig ontwikkeling, verander en behoort volgens die navorser as ’n kreatiewe aanpassing oorweeg te word.

- **Die beginsel van moontlike relevansie**

  Aangesien enige deel van die veld moontlik relevant kan wees, behoort eksplorasie gedoen te word. Volgens Sills et al. (1996:81) is die beginsel van relevansie eintlik niks anders as bewuste waarneming nie. Daarom is die beginsel van relevansie onontbeerlik in die proses om die kind se belewenis te bepaal. Volgens die navorser behoort die gestaltspelterapeut oor kennis en inligting te beskik van die kind se belewenis oor die geheel asook die afsonderlike dele sodat assessering doelgerig sal kan plaasvind tydens hulpverlening.

Dis is dus duidelik dat die kind nie afsonderlik waargeneem kan word nie, maar ook as ’n geheel in sy omgewing om die realiteit van sy omstandighede te begryp. Triangulering sal beskikbare inligting van sowel sy interne en sy eksterne omgewing moontlik maak, wat dus die veld sal vorm van die ondersoek.

3.3.3 Die gestaltperspektief as metodologiese vertrekpunt

Die gestaltperspektief word as metodologiese vertrekpunt gebruik aangesien daar verskeie toepasbare sleutelbegrippe is wat ter ondersteuning dien vir die ekologiese sisteem- en veldteorie as teoretiese benaderings ten opsigte van die studie oor die belewenis van die middelkinderjare kind van alkoholmisbruik in hul primêre gesin.

Clarkson (1989:1) beskryf die begrip Gestalt soos volg: “...a variety of concepts: the shape, pattern, whole form and configuration. It connotes the structual entity which is both different from and much more than the sum of the parts.” Gestalt kan dus volgens die navorser beskou word as die geheel, veld en omgewing, waarvan die somtotaal meer is as die dele waaruit dit bestaan, wat oor ’n mate van struktuur beskik en wat herkenbaar is indien die verhouding wat tussen die dele bestaan, voortduur om die kind se geheel beter te begryp.

3.3.3.1 Konsepte vanuit ’n gestaltperspektief en die bruikbaarheid daarvan

Vervolgens word van die konsepte wat vir inligting insameling vir die doeleindes van hierdie ondersoek belangrik is, kortliks voorgehou naamlik, bewustheid, kontak, kontakgrensversteurings, selfregulering en homeostase, onvoltooidhede, die hier en nou, dialoog, die veld wat die navorser en kind deel, fenomenologiese ondersoek metode, onvoltooide sinne en eksperimentering.

Bewustheid

Die konsep bewustheid hou volgens die navorser vir die doeleindes van hierdie studie verband met die insameling van inligting oor die kind wat deel vorm van die alkoholmisbruik-gesin en in die middelkinderjare lewensfase verkeer, asook sy vlak van bewustheid ten opsigte van sy belangrike funksioneringareas.

Hierby voeg Yontef (1993:11) eerstens reeds twee dekades gelede by dat die navorser kennis moet bekom van die proses van bewuswording en erkenning by die kind oor sy denke, emosies, sensoriese waarneming en optrede. Die navorser se persoonlike mening hieroor is dat kennis insake die kind se proses van bewuswording waardevol sal wees en dit sy belewenis van sy gesinsfunksionering duidelik sal stel.

Tweedens sonder Schoeman (2006:65) ook verskillende aspekte uit wat soms ’n ooreenkoms toon met die van ander navorsers naamlik sy onvoltooidhede, polariteite en sterktes asook kennis in verband met sy emosies, selfkennis, selfaanvaarding, ervaringe, sterktes, om sy omgewing te begryp en om verantwoordelikheid vir homself in sy bepaalde omstandighede te aanvaar.

In die derde plek word uitreiking na en kontakmaak met ander asook om keuses uit te oefen, verder deur verskeie navorsers beklemtoon (Vergelyk ook Perls, 1973:5; Yontef, 1993:11; Blom, 2000:64; Schoeman, 2006:69; en Yontef & Fuhr, 2005:83 & 87). Die geïdentifiseerde aspekte waaroor inligting bestaan of bekom behoort te word, is egter sover vasgestel kon word, enersyds vanuit minder resente bronne bekom en nie in spesifieke areas verdeel nie, en andersyds vanuit ’n navorsersrol, nie heeltemal duidelik nie.

Vierdens verwys Aronstam (1989:640) na redes waarom kennis aangaande bewustheid nodig is om die kind se belewenis van sy situasie te begryp. Die kind verloor daarsonder kontak met homself en sy behoeftes asook met die spontane

vloei van behoeftebevrediging. Hierdeur gaan die kind erkenning van sy persoonlike vermoëns asook sy spontane en direkte wyse van kontakmaak met andere vermy.

Indien inligting van die proses van bewuswording dus bekom en in ag geneem kan word, behoort dit bruikbaar vir praktykgerigte navorsing te wees. So ook behoort die navorsingsinligting wat van hierdie studie bekom word oor die areas wat van belang is om die middelkinderjare kind se belewenis van sy huidige omstandighede vas te stel, waardevol te wees. Die samestelling en gebruikmaking van drie hulpmiddels, naamlik ŉ selfontwerpte vraelys vir die ouer/ouers en onderwyser/onderwysers as respondent en onvoltooide sinne vir die kinderrespondente asook ŉ semi-gestruktureerde onderhoud, behoort dus as hulpmiddels te dien ten einde genoemde inligting te bekom.

Kontak

Bewustheid vind plaas op ŉ kontinuum wat strek van waar die kind minimaal bewus is tot by die ander punt van die kontinuum waar hy ten volle bewus is van die self en die wyse waarop hy kontak maak met sy wêreld (Joyce & Sills, 2003:27). Kontak verwys na die aksie waarmee ŉ kind in aanraking kom of in interaksie verkeer met sy omgewingsveld, waar die ware ’ek’ dus gevorm word by die kontakgrens deurdat hy kontak maak of onttrek van die organismiese omgewingsveld (Yontef & Fuhr, 2005:84 & 87). Inligting in verband met sy besluitnemingsproses ten opsigte van ’kontakmaak‘ of ’vermyding‘ asook die wyse waarop hy te werk gaan, is aldus die navorser belangrik. Volgens Joyce en Sills (2003:112 & 114) behoort duidelikheid juis verkry te word oor die wyse waarop die kind kontak maak, aangesien dit voortdurend in sy veranderende wêreld aangepas sal moet word volgens elkeen se unieke toestand en belewenis. Aangesien die kind in verhouding staan met sy omgewing, is enige manier waarop hy ŉ ontmoeting of selfs ŉ dialoog vorm, deel van die wyse waarop hy kontak maak (Latner, 2000:22).

Kontakgrensversteurings

Volgens Clarkson (2004:53–54) kan kontak ook disfunksioneel plaasvind en kom dit voor wanneer die kind vasgevang bly in onvoltooidhede van die verlede deurdat hy homself weerhou van die bevrediging van behoeftes of positiewe kontak met

homself, ander persone en ook met sy omgewing. Indien inligting aangaande die kind, en nie slegs die volwassenes se belewenisse van die omstandighede nie, volgens die navorser beskikbaar is, behoort hy fisies betrokke gemaak te word, sy 'stem' of mening ook erken en gehoor te kan word sodat balans of sluiting tydens hulpverlening bewerkstellig kan word. Clarkson & Mackewn (2006:52) is van mening dat die kind konstant streef na 'n mate van balans en al word behoeftes op negatiewe maniere bevredig, is dit steeds 'n mate van balans vir daardie kind, op daardie spesifieke oomblik. Die negatiewe manier van behoeftebevrediging kan toegeskryf word aan kontakgrensversteurings, wat mettertyd as 'n normale werkswyse aangeleer word met die veronderstelling dat dit normaal is en die werklike belewenis nie sigbaar of uitgespreek mag word nie omdat dit ontken behoort te word. Die volgende kontakgrensversteurings word onderskei:

- Clarkson & Mackewn (2006:53) verwys ook na retrofleksie as 'n struikelblok tot kontak en wat ontwikkel as daar nie uitdrukking aan emosies soos jaloesie, woede, haat of pyn gegee word nie. Blom (2004:27) vermeld dat onderdrukking van emosies by die kind as 'n fisiese pyn soos hoofpyn, maagpyn of hiperaktiwiteit na vore kan kom. Gebruikmaking van ontkenning, onderdrukking of onkunde van die kind se belewenis in die alkoholmisbruik-gesin, kan volgens die navorser nie slegs fisiese pyn veroorsaak nie, maar sy funksionering, kontakmaak en om verhoudings in stand te hou, negatief beïnvloed.
- Kinders gebruik defleksie as hanteringstrategie vir pynlike ervarings deur uiting in woedeuitbarstings te gee, te fantaseer of te dagdroom (Blom, 2004:29). Corey (1990:326) en Thompson en Rudolph (1992:112) huldig die mening dat defleksie sigbaar word wanneer die kind nie aan 'n probleem of belewenis wil werk nie, en die kind deflekteer die probleem weg, deur nie aandag daaraan te gee nie. In die alkoholmisbruik-gesin, gaan die 'probleem' dikwels gepaard met vrees of angs wat vir die kind se persoonlike lewe verdere probleme tot gevolg kan hê as gevolg van die deflektering daarvan.
- Desensitasie verminder emosionele bewustheid om pyn te ontken deur nie daaroor te praat nie (Blom, 2004:40). Op hierdie manier kan die kind tydelik oorleef. Die kind wat alkoholmisbruik in hul gesin ervaar, wil volgens die navorser nie graag oor die probleme by die huis kommunikeer nie.
- Egotisme is die vermindering van spontaniteit deur doelbewuste introspeksie om seker te maak dat geen bedreiging, gevaar of risiko kan ontstaan nie (Clarkson &

Mackewn, 2006:54). Die kind in die alkoholmisbruik-gesin is volgens die navorser skaam, tree nie maklik op die voorgrond nie en is teruggetrokke.

Vanuit bogenoemde kontakgrensversteurings blyk dit, dat die middelkinderjare kind wat deel van die alkoholmisbruik-gesin vorm moontlik sy behoeftes op 'n negatiewe manier kan bevredig om balans in sy lewe te behou.

Selfregulering en Homeostase

Elke kind beskik oor 'n inherente neiging tot gesonde funksionering, ongeag of dit normaal is of nie wat die unieke kind se manier is om in 'n sekere situasie te funksioneer (Joyce & Sills, 2003:88). Enige organisme het volgens Blom (2004:11) 'n natuurlike strewe daarna om hulleself onder verskillende omstandighede te reguleer vir behoeftevervulling. Wanneer bevrediging wel realiseer van binne homself of vanuit sy omgewing, verdwyn die behoeftes na die agtergrond sodat hy 'n vlak van homeostase bereik wat ontwikkeling impliseer. Volgens Mackewn (1997:17) word hierdie vlak van homeostase gehandhaaf totdat 'n volgende ongemak of behoefte, teenstrydige waarde of begeerte op die voorgrond tree, aksie geneem word en die siklus dan herhaal word.

Aangesien daar sover vasgestel kon word, nie inligting bestaan of balans vir die kind in stand gehou kan word deur middel van gebruikmaking van 'n volgende teenstrydige optrede of begeerte nie, behoort sy belewenis as 'n gesinslid van 'n gesin waar alkoholmisbruik word, waargeneem te word. Kinders reageer op 'n krisis, soos in 'n alkoholmisbruik gesinsituasie, deur hulself te blameer volgens Blom (2004:18). In 'n poging om van sy behoeftes te bevredig of die intensiteit van sy belewenis te verlig, tree hy byvoorbeeld aggressief op.

Onvoltooidhede

Volgens Joyce & Sills (2003:130) is onvoltooidhede moeilike of traumatiese situasies in die kind se verlede wat nie volkome bevredig of afgehandel is nie. As die kind nie oor genoeg bronne of ondersteuning beskik om sy probleme of behoeftes te hanteer nie, kan kontak nie plaasvind nie en belemmer dit positiewe groei (Joyce & Sills, 2003:130; en Mackewn, 1997:17). Wanneer kontak egter verbreek word, veroorsaak dit 'n onvoltooide behoefte wat nie bevredig word nie en eerder konstante negatiewe energie vereis (Mackewn, 1997:24). Hierdie behoeftes of frustrasies kan in die vorm van liggaamlike spanning, emosies of kognitiewe

blokkasies voorkom wat organismiese selfregulering en groei belemmer (Yontef & Fuhr, 2005:89).

Indien daar meer spesifiek op die belewenis van die middelkinderjare kind wat deel vorm van die alkoholmisbruik-gesin gelet word, is dit belangrik vir hierdie kind wat volgens Freud (Louw et al. 1998:49) in die latente stadium verkeer, om met sy ouer van dieselfde geslag te identifiseer. Ouers wat alkohol misbruik kry nie die geleentheid om tyd met hul kinders te spandeer nie, wat op sy beurt ŉ onvoltooidheid by die kind veroorsaak deur die afwesigheid van nabootsing. Kinders kan ook die alkoholmisbruik- gedrag van hul ouers naboots.

Hier en Nou

Die gestaltperspektief onderskryf die konsep dat die kind in die hede moet funksioneer volgens Schoeman (2006:70). Insiggewend meld Groenewald (2002:49) dat die enigste realiteit waarmee hy kan werk, dit is wat hy in die 'hier en nou' ervaar. Die vraag ontstaan wat die realiteit is waarmee hy werk as lid van die alkoholmisbruik-gesin. Hiermee saam verduidelik Corey (1995:294) dat hy ten volle bewus moet wees van dit wat hy 'nou' ervaar. Volgens die navorser se persoonlike mening moet hy dus gefokus wees op sy ontvlugting van dit wat hy tuis beleef, sy huidige funksionering en hoe hy dit kan verberg. Dieselfde navorser naamlik Corey (1995:294), noem verder dat die verlede vir die kind herinneringe inhou en die toekoms bied geleenthede vir fantasieë wat meebring dat die hede vir hom ŉ holistiese beeld en die realiteit daarvan, ŉ anker behoort te wees. Dus bestaan die moontlikheid dat die kind se onvoltooidhede soos skuldgevoelens, selfverwyt en kritiek hom kan verhoed om kontak te maak in die 'nou' situasie. O'Leary (1992:17), stel dit duidelik dat groei in ŉ kind slegs kan plaasvind as so ŉ kind deeglik bewus is van homself in die 'hier en nou'.

Dialoog

Volgens Mackewn (1997:80-82) word dialoog beskou as ŉ essensiële komponent in die gestaltperspektief. Dialoog moet wederkerig wees en is gebaseer op die aanvaarding van die kind soos hy werklik is. Deur middel van navorsing met die kinderrespondent en gebruikmaking van dialoog asook waarneming, beoog die navorser om sowel verbaal as nie-verbaal by die kind aan te sluit.

Vier kenmerke van dialoog word onderskei wat vir Yontef (1993:9) belangrik is en wat vanuit ’n navorsersrol met die kinderrespondent in ag geneem behoort te word:

- **Insluiting.** Vanuit ’n navorsersrol behoort die navorser haarself doelbewus in die situasie van die kind te plaas; insluiting is om eties korrek op te tree en empaties toe te tree sonder veroordeling, analisering en interpretasie. Die navorser, wat die kinderrespondent vir inligting insameling insluit, tree op vanuit ’n navorsersrol en het dus nie ’n terapeutiese verhouding met die kind nie. Daarom is dit moontlik dat die kind kan voel dat hy die navorser nie met inligting oor sy belewenis as lid van die alkoholmisbruik-gesin kan vertrou nie, dat niemand omgee nie en hy geen impak binne sy veld kan uitoefen nie.
- **Teenwoordigheid.** Die navorser poog om ten volle teenwoordig te wees binne die hier en nou wat impliseer dat die kind gerus gestel behoort te word oor hoe sy inligting ten opsigte van die studie hanteer sal word en wat die waarde daarvan in die toekoms kan wees. Teenwoordigheid behels dus bewustheid van die kinderrespondent se persoonlike emosies, optrede, omstandighede en veld. Waarneming, persoonlike ervaringe en gedagtes wat soms gedeel word, moedig ook vertroue en wedersydse respek aan.
- **Toewyding.** ’n Besondere kontakverhouding kan volgens die navorser ontstaan as gevolg van toewyding tussen die navorser en kinderrespondent indien die betrokke partye beide hulself daarvoor oopstel wat beslis eties nougeset hanteer behoort te word. Die navorser laat kontak toe om plaas te vind, eerder as om dit te manipuleer en die uitkoms daarvan te kontroleer.
- **Aktief.** Dialoog en waarneming wat as aktiewe deelname beskou kan word, vind plaas deur verbale en nie-verbale betrokkenheid en behels wedersydse interaksie wat die vloei van energie behels. Dit kan verder aangemoedig word en ook plaasvind met behulp van musiek, beweging, metafore en woorde.

Die veld wat die navorser en kind deel

Volgens Polster en Polster (1999:126) deel die navorser en kind ’n nuwe veld, terrein of realiteit binne die navorsingsmilieu. In hierdie nuwe veld gaan inligting vanuit die navorser en die kind se persoonlike veld of realiteit aanwesig wees tydens die semi-gestruktureerde onderhoud, vraelys vir die volwasse respondent asook voltooiing van onvoltooide sinne vir die kinderrespondente. Behalwe dat die ondersoek-milieu ’n nuwe veld bied, is daar ook nuwe grense aanwesig wat verskil

van die veld waaraan die kind gewoond is en toon ook nie ’n ooreenkoms met dit van die terapeutiese omgewing nie.

Die ondersoekveld of -terrein behoort die geleentheid te skep vir gesonde kontak wat volgens Polster en Polster (1999:127) verkry kan word met behulp van vyf noodsaaklike aspekte naamlik:

- Ontwikkeling van ’n nuwe interaktiewe klimaat;
- Die navorser as ’n unieke persoon;
- Die uitbreiding van grense;
- Verskerping van kontakfunksies;en
- Ontwikkeling van eksperimente.

Deur middel van die navorser se unieke karakter en haar optrede teenoor sowel die volwasse- as die kinderrespondente is laasgenoemdes se ervaring van die nuwe veld anders as hul persoonlike omgewing (Polster & Polster, 1999:131). Verder verskil dit ook ten opsigte van die atmosfeer en die doel van die gesprek. Hierdie navorsers, is van mening dat dit ’n deel van die navorser se rol is om ’n omgewing of ’n veld te skep waarbinne die respondente veilig voel deur byvoorbeeld bewus te wees van fisiese aspekte binne die gespreksforum, asook haar persoonlike voorkoms, wat die deelnemers se kontak mag beïnvloed. Vanuit ’n navorsersrol behoort die navorser ook streng volgens die etiese kodes te handel. Die volwasse- en die kinderrespondente moet van inligting, soos die navorsingsdoel voorsien word om hom gerus te stel vir die hantering van sy inligting en deelname (Polster & Polster, 1999:131).

Figuur 3: ’n Diagrammatiese voorstelling van die konsepte wat vanuit ’n gestaltperspektief van belang is en die bruikbaarheid daarvan.



Die fenomenologiese ondersoek-metode

Die fenomenologiese ondersoek-metode is volgens Mackewn (1997:59) praktykgerig om die navorser behulpsaam te wees om beperkte persepsies op die agtergrond te plaas. Vir studiedoeleindes is die navorser, ouer of ouers en onderwysers as volwasse respondente asook die kind as kinderrespondent, dus gesamentlik in die navorsingsproses besig om die verskeidenheid persepsies te ondersoek.

Volgens Joyce en Sills (2010:17–18) behels dit dat die navorser so na as moontlik aan die respondente se ervaringsveld in die hier en nou moet bly eerder as om ’n interpretasie van waarneembare gedrag te maak. Vier aspekte is van belang tydens die benutting van die fenomenologiese ondersoek-metode naamlik dat die navorser:

- Tydelik sy idees, waardes, aannames en oordeel op die agtergrond skuif, of in ‘hakies’ plaas, om sodoende ’n oop gemoed te skep en bewus te wees van die uniekheid van die respondente vir hierdie navorsing.
- Inligting wat deur middel van waarneming deur die sintuie bekom word waarvan die navorser bewus is ten opsigte van wat in die hier en nou plaasvind, moet beskryf word.
- Waarneming van sowel nie-verbale as verbale optrede word belangrik beskou as inligting vir navorsing. Vir die doeleindes van hierdie navorsing, word daar spesifiek na verkennende en beskrywende navorsing verwys.
- ’n Opregte navorsingsingesteldheid word van die navorser verwag ten einde elke respondent naamlik die ouer of ouers en kind, wat deel van die alkoholmisbruik gesin vorm, asook die betrokke onderwysers wat ook respondente van die navorsing vorm, se inligting te bekom. Sodanige inligting behoort met behulp van triangulering eerstens ’n betekenisvolle beeld van die groter veld te bied. Tweedens behoort dit bruikbaar te wees oor die wyse waarop die gebeure vanuit die respondent se waarneming, hul omstandighede met mekaar verband hou en ’n beïnvloedende rol speel. Derdens moet die doel van die studie aangespreek word, naamlik die belewenis van die middelkinderjare kind wat deel vorm van die alkoholmisbruik-gesin.

Die navorser sal dus vanuit ’n navorsersrol, vir die volwasse respondent oop vrae formuleer ten einde inligting te bekom oor sy mening ten opsigte van die belewenis van die middelkinderjare kind wat deel vorm van die alkoholmisbruik-gesin. Dit sal vir studiedoeleindes ook nodig wees om vir die kinderrespondent onvoltooide sinne te formuleer om inligting te bekom deur na sy ’stem‘, mening en belewenis te luister om as ’n gesinslid deel te vorm van die alkoholmisbruik-gesin.

Onvoltooide sinne

Wanneer die navorser onvoltooide sinne formuleer en gebruik, dien dit as ’n oop projeksie ten einde inligting te bekom deurdat onvoltooidhede dikwels na vore kom en dit ’n aanduiding gee van waar die kind homself bevind. (Schoeman, 2006:101). Navorsers soos onder andere Porter (1983:317), Graver en Morse (1986:50) asook Thompson en Rudolph (1992:115) het van onvoltooide sinne gebruik gemaak om die kind se werklike behoefte vas te stel deurdat dit op die voorgrond sigbaar word. ’n Voorbeeld van ’n onvoltooide sin vir studiedoeleindes is: “Wanneer my ouers

drink ...", waar die kind dan aangemoedig word om die sin te voltooi sodat inligting ten opsigte van sy belewenis daarvan asook sy ware behoeftes na vore kan kom (Thompson & Rudolph, 2000:169; Korb, 1999:18; en Coetzee, 1997:27).

Eksperimentasie

Navorsing wat as 'n eksperiment beskou kan word bied aan die kind die geleentheid om bewus te word van sy patrone van gedrag en sy konfigurasie van sy veld volgens Mackewn (1997:134). Die doel van die gestalt-eksperiment word ook deur Mackewn (1997:134–135) beskryf as:

- Waarneming van die kind se persepsies en sy metode van interaksie binne sowel sy persoonlike as die eksterne veld, moontlik te maak;
- Lewenstemas te ondersoek wat belangrik is vir die kind;
- Fenomenologiese ondersoek-metode; en
- Inligting ten opsigte van kragte en onvermoëns te ondersoek wat teenwoordig is in sy persoonlike- en omliggende veld.

Eksperimente wat volgens Mackewn (1997:134–135) tydens verkennende en beskrywende navorsing vir veral kinders gebruik kan word, is drome, fantasieë en visualisering, onvoltooide sinne, die roosboom- en leëstoeltegniek. Onvoltooide sinne sal in hierdie navorsingsondersoek vir die kinderrespondente as eksperiment gebruik word.

3.3 Samevatting

Die ekologiese sisteemteorie vanuit die gestaltbenadering beklemtoon die multi-dimensionaliteit van invloede op die middelkinderjare kind wat deel vorm van die alkoholmisbruik-gesin. Hierdie teorie verskaf 'n unieke wetenskaplike perspektief wat dien as breë raamwerk vir die beskrywing van die onderlinge verbintenis tussen die kind en alkoholmisbruik- omgewing met betrekking tot die verskillende areas van sy funksionering.

Die veldteorie is 'n fenomenologiese benadering, en verplig die navorser om in hierdie studie so na as moontlik aan die respondente se ervaring in hulle veld te bly om sodoende hulle wêrelde te verstaan. Die kind en ook sy 'probleem' word nie as geïsoleerde aspekte gesien nie. Alles in die kind se interne en eksterne veld is verweef en beïnvloed mekaar gevolglik.

Vanuit albei teorieë is daar na die geheel van die alkoholmisbruik-gesin se funksionering en die belewenis daarvan vir die plattelandse kind wat in sy middelkinderjare lewensfase verkeer, gekyk. Daar is verder aandag gegee aan die konsepte van die gestaltperspektief wat vir inligting insameling vir die doeleindes van die ondersoek bruikbaar is.

In die volgende hoofstuk word daar aandag gegee aan die navorsingsmetodologie met betrekking tot die empiriese ondersoek en integrering van bevindinge.

HOOFSTUK 4

NAVORSINGSMETODOLOGIE: EMPIRIESE ONDERSOEK EN INTEGRERING VAN BEVINDINGE

4.1 Inleiding

Die doel van die studie was tot dusver om deur middel van verkenning en beskrywing die belewenis van die plattelandse middelkinderjarekind wat aan alkoholmisbruik in sy primêre gesin blootgestel word, met behulp van triangulering te ondersoek. In hoofstuk twee is vanuit die bestaande navorsingsbevindinge, die profiel van die plattelandse middelkinderjarekind wat in sy primêre gesin aan alkoholmisbruik blootgestel word, uiteengesit en in hoofstuk drie het ŉ paradigmatieseperspektief daarop gevolg. In hierdie hoofstuk sal gepoog word om ŉ uiteensetting te gee van die navorsingsmetodologie en –proses op empiriese vlak.

Die trianguleringsproses word dus voortgesit. Binne die bestek van hierdie hoofstuk sal meer spesifiek die bevindinge en die empiriese resultate soos verkry vanuit die sinsvoltooiing van drie middelkinderjare kinders as kinderrespondente vir die voorondersoek en die sinsvoltooiing van 5 middelkinderjare kinders as kinderrespondente vir die hoofondersoek asook die voltooide selfontwerpte vraelys en semi-gestruktureerde onderhoude met vyf ouers en onderwysers uiteengesit word. Die doel en wyse waarop doelbereiking gerealiseer het, sal ook aandag geniet. Die studie is afgebaken tot die identifisering van belewenisse, gevoelens en gedragsreaksies as gevolg van alkoholmisbruik in die gesin waarvan die kind ŉ deel vorm en in interaksie met sy omgewing verkeer. Die empiriese ondersoek en navorsingsbevindinge vanuit die bestaande literatuur as konseptuele raamwerk, sal dus met mekaar in verband gebring word ten einde duidelikheid te verkry van die ekologies-sistemiese omgewing van die plattelandse middelkinderjare kind wat deel vorm van sy alkoholmisbruik-gesin en sy belewenis daarvan.

Die uiteensetting sal met behulp van ŉ aangepaste skematiese voorstelling van die navorsingsproses in tabelformaat (tabel 2) aangebied word.

4.2 Navorsingsproses vir die empiriese studie

Volgens Leedy (in Fouché & Delport, 2011:62) kan die navorsingsproses figuurlik gesproke as spiraalvormig voorgestel word. Fouché en Delport (2011:74) huldig die mening dat die beskrywing van die inhoud in beide die aanvanklike en formele beplanning van die implementering van die empiriese ondersoek, asook die wetenskaplike weergawe van die navorsingsbevindinge, deel vorm van die navorsingsmetodologie. Gevolglik sal die leser se kennis en begrip ten opsigte van bogenoemde sirkulêre navorsingsproses wat in hierdie studie gevolg is, deur middel van tabel 2, in vier fases soos wat dit deur De Vos en Fouché (2011:70) gebruik word, aangespreek word.

Tabel 2: Skematiese voorstelling van die kwalitatiewe navorsingsproses

4.2.1 **Aanvanklike beplanning vir die navorsing en probleemformulering** **(Hoofstuk 1 tot 3)**
• Identifisering van die navorsingsonderwerp ➢ Praktykervaring ➢ Konsultasie met kundiges ➢ Navorsingsoorsig ➢ Akademiese opleiding • Formulering van die navorsingsprobleem en –vrae asook die paradigmatiese perspektief van die studie • Informele voorondersoek ➢ Sinsvoltooiing met drie kinders • Doel en doelwitte
4.2.2 **Formele beplanning vir die navorsing** **(Hoofstuk 1 tot 3)**
• Inligting insameling ➢ Literatuurstudie ➢ Profiel van die middelkinderjare kind wat aan alkoholmisbruik blootgestel

word in sy primêre gesin
- ’n Paradigmatiese perspektief vanuit die ekologiese sisteem- en veldteorie asook ’n gestaltperspektief

• Navorsingsbenadering
- Kwalitatiewe studie

• Soort navorsing
- Verkennend en beskrywend

• Navorsingstrategie
- Fenomenologiese studie
- Sinsvoltooiing
- Semi-gestruktureerde onderhoude met behulp van ’n selfontwerpte vraelys

• Universum, populasie en steekproef
- Doelgerigte steekproefneming

• Data insameling
- Triangulering
  - literatuurstudie
  - voltooiing van onvoltooide sinne (kinderrespondente)
  - semi-gestruktureerde onderhoude met ouers en onderwysers (volwasse respondente) met behulp van ’n selfontwerpte vraelys
  - voltooiing van selfontwerpte vraelys (volwasse respondente)

4.2.3

Implementering van die empiriese navorsing

(Hoofstuk 1 tot 3)

• Semi-gestruktureerde onderhoude
- Met behulp van sinsvoltooiing met vyf kinderrespondente (Bylaag 2)

• Semi-gestruktureerde onderhoude
- Met behulp van ’n selfontwerpte vraelys met vyf ouers en onderwysers (Bylaag 3)

4.2.4 **Die prosessering van inligting, interpretering en integrering daarvan (Hoofstuk 4)**
• Data-analise • Kodering ➢ Vorme – tabelle – bespreking • Verbande tussen teorie en praktyk ➢ Literatuurkontrole vanuit die profiel van die plattelandse middelkinderjare-kind(volgens Hoofstuk 2) en die paradigmatiese perspektief (volgens Hoofstuk 3) • Gevolgtrekkings en aanbevelings (Hoofstuk 5)

Aangepaste skematiese voorstelling van die navorsingsproses: Fouché & Delport (2011:61–76).

Green, Stanley, Smit & Goldwyn (2000:107) huldig die interessante mening dat kwalitatiewe data holisties gevul is wat kompleksiteit meebring as gevolg van die soektog na invloedryke inligting oor die werklikheid van die fenomeen. Verder vind die insameling van die inligting en die bestudering daarvan, oor ŉ verloop van tyd plaas. Vervolgens word die navorsingsdata met behulp van die vier fases (4.2.1, 4.2.2., 4.2.3 en 4.2.4) in die bogenoemde tabel, vanuit die kwalitatiewe navorsingsproses, bespreek.

As eerste fase, word die aanvanklike beplanning vir die navorsing en die probleemformulering, aangespreek.

4.2.1 Aanvanklike beplanning vir die navorsing en probleemformulering

Die identifisering van die navorsingsonderwerp, is vir die doeleindes van die empiriese ondersoek, as eerste stap geneem (Fouche & Delport, 2011:79). Hieruit het die navorsingsprobleem, die doel en doelwitte voortgevloei, en uiteindelik die duidelikheid om die navorsingsonderwerp vir die studie te formuleer. Hiervoor het hoofsaaklik vier aspekte as motivering gedien, naamlik die navorser se praktykervaring, konsultasies met onderwysers, akademiese opleiding en bestaande navorsingsbevindinge.

Praktykervaring van die navorser, as psigometris en skoolsielkundige vir die afgelope jaar en inwoner van die platteland, het as gevolg van daaglikse kontak met kinders en gesinne wat deur alkoholmisbruik beïnvloed word, ŉ leemte geïdentifiseer naamlik om spesifiek by die plattelandse middelkinderjare kinders meer toepaslike inligting te bekom ten opsigte van hulle belewenis hiervan in hul primêre gesinne.

In **konsultasies** met onderwysers by skole in die Oudtshoorn distrik, is dieselfde leemte bevestig naamlik dat die impak op en die belewenis van die middelkinderjare kind wat deel vorm van die alkoholmisbruik-gesin, nie duidelikheid vir hulpverlening bied nie. Vanuit die navorser se **akademiese opleiding** om deur middel van die literatuurstudie as ŉ deel van die navorsingsproses kollektiewe inligting te bekom en deur spelterapie met kinders te werk, het dit ook in ŉ persoonlike behoefte ontwikkel naamlik om toepaslike inligting van hierdie kind self te bekom. Die rede hiervoor is om waarde toe te voeg in die opleiding van ouers en onderwysers en ook om hulpverlening aan die kind ten opsigte van sy persoonlike proses te bied. In die **oorsig oor die bestaande navorsing**, met die oog op die aanvanklike beplanning van die navorsingsproses en voorlegging van die navorsingsvoorstel, het die navorser veral gefokus op **probleemformulering** waar dit duidelik geword het dat daar ŉ leemte bestaan oor die eiesoortige literatuur van die middelkinderjare kind wat aan alkoholmisbruik in sy gesin blootgestel word in Suider Afrika.

Aangesien inligting ten opsigte van spesifiek die plattelandse middelkinderjare kind se belewenis en impak van ŉ alkoholmisbruik-gesin ontbreek, behoort kennis en begrip vanuit die perspektief van die kind, met die oog op hulpverlening ingewin te word. Die navorsingsprobleem kan dus geformuleer word as dat daar sover vasgestel kon word, nie navorsingsdata as ŉ teoretiese basis vanuit die middelkinderjare kind se perspektief bestaan, oor sy belewenis om deel van ŉ alkoholmisbruik-gesin te vorm nie.

Vanuit die probleemstelling het die navorser dus die volgende **navorsingsvraag** geïdentifiseer: Wat is die belewenis van kinders van plaaswerkers in die Oudtshoorn distrik rakende alkoholmisbruik in hul primêre gesinne? Hierna is vanuit ŉ praktiese perspektief ŉ **informele voorondersoek** deur sinsvoltooiing met drie

middeljarige kinderster aanvulling gedoen met die oog daarop om persoonlike inligting te bekom ten opsigte van hul belewenis van hul funksionering.

Soos in die algemene inleiding aangetoon is, is die **doel** van hierdie studie om te bepaal wat die belewenis van die plaaswerkerkind in die middelkinderjare op die Wes-Kaapse platteland, in die besonder die Oudtshoorn distrik is ten opsigte van funksionering in ’n gesin waarbinne alkoholmisbruik voorkom. Hieruit het die volgende **doelwitte** voortgevloei:

Eerstens word gedurende die eerste gedeelte van die trianguleringsproses met behulp van ’n literatuurstudie op twee sentrale temasgefokus.Die verkenning en beskrywing van die temas word soos volg omskryf:

- ’n Profiel van die plattelandse middelkinderjare kind wat aan alkoholmisbruik blootgestel word in sy primêre gesin; en
- ’n Saamgestelde teoretiese verwysingsraamwerk bestaande uit die veldteorie en Bronfenbrenner se ekologiese-sisteemteorie, waarbinne alkohol en alkoholverwante problematiek van die kind en die belangrikheid van die interaksie met sy veld as kennisbasis herken sal word.

Tweedens is die trianguleringsproses voortgesit en word verdere inligting ingesamel deur middel van:

- ‘n Empiriese ondersoek met behulp van sinsvoltooiing met vyf kinderrespondente asook die voltooiing van ’n selfopgestelde vraelys wat opgevolg is met semi-gestruktureerde onderhoude met vyf ouers en onderwysers as respondente.

Derdens is die data geanaliseer volgens Creswell se data analise spiraal asook die identifisering van moontlike temas en subtemas.

Vierdens word ’n literatuurkontrolering deur die verifiëring van inligting aan die hand van bestaande literatuur gedoen, asook gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak ten opsigte van die belewenis van die plattelandse middelkinderjare kinders wat deel vorm van die alkoholmisbruik-gesin.

Vervolgens word die tweede fase van die navorsingsproses aangespreek, naamlik die formele beplanning van die navorsing.

4.2.2 Formele beplanning vir die navorsing

Tydens die formele beplanning van die navorsingsproses was daar gefokus op die insameling van inligting, navorsingsbenadering, soort navorsing, navorsingstrategieë en metodes van data-insameling.

Die skrywers Fouché en Delport (2011:75) is van mening dat **inligting insameling** ten opsigte van die kwalitatiewe benadering minder gestruktureerd plaasvind en dat indien verskeie inligting insamelingsmetodes gebruik word, dit die geldigheid van waarneming vir studiedoeleindes verhoog omdat daar vanuit verskillende invalshoeke na ŉ bepaalde aspek gekyk word. Hierdie navorsers verklaar verder dat die proses bekend staan as triangulering. Vir doeleindes van hierdie studie het triangulering deur middel van ŉ omvattende literatuurstudie soos vervat in hoofstukke twee en drie, sinsvoltooiing deur kinders (bylaag 2) asook semi-gestruktureerde onderhoude met behulp van ŉ selfontwerpte vraelys (bylaag 3) met ouers en onderwysers as proefpersone, plaasgevind.

Die verkenning en bestudering van twee sentrale temas het die grondslag vir die studie gevorm, te wete die:

- profiel van die plattelandse middelkinderjare kind wat aan alkoholmisbruik blootgestel is in sy primêre gesin; en
- paradigmatieseperspektief vanuit die ekologiese sisteem- en veldteorie asook ŉ gestaltperspektief.

Bevindings vanuit die **literatuurstudie** word deur Rubin en Babbie (in Fouché & Delport, 2011:134) beskou as ŉ uitstekende vertrekpunt om ŉ kennisbasis te vorm en het daarop gedui dat die kind in die middelkinderjare se belewenis weens alkoholmisbruik in die gesin, veel verder blyk te strek as bloot die ouer se preokkupasie met alkohol. Alhoewel die emosionele, kognitiewe, sosiale, morele, fisiese en selfkonsep implikasies wat alkoholmisbruik in die gesin ten opsigte van die kind se maatskaplike funksionering inhou, oorweldigend blyk te wees, kon sover vasgestel word, nie inligting van sy persoonlike belewenis van sy eko-sistemiese omgewing gevind word nie.

Die **ekologiese sisteemteorie** beklemtoon die multi-dimensionaliteit van invloede op die mens en sy omgewing. Die teorie het dieselfde moontlikheid geskep tydens die ondersoek na die belewenis van die middelkinderjare kind, wat deel vorm van

die alkoholmisbruik-gesin. Hierdie teorie het ’n unieke wetenskaplike perspektief gebied wat kon dien as breë raamwerk vir die beskrywing van die onderlinge verbintenis tussen die kind en sy alkoholmisbruik-omgewing met betrekking tot die verskillende areas van sy funksionering.

Die **veldteorie** is ’n fenomenologiese benadering en het die navorser verplig om tydens die studie so na as moontlik aan die respondente se ervaring in hulle veld te bly om sodoende hulle wêrelde te verstaan. Die kind en ook sy ’belewenis‘ van sy ’probleem‘ is nie as geïsoleerde aspekte gesien nie aangesien sy interne en eksterne veld verweef is en mekaar gevolglik beïnvloed.

Altwee teorieë het die paradigmatiese perspektief gebied wat dit vir die navorser moontlik gemaak het om na die geheel van die alkoholmisbruik-gesin se funksionering en die belewenis daarvan vir die plattelandse kind wat in sy middelkinderjare lewensfase verkeer, te kyk. Die verkenning, beskrywing en gebruikmaking van konsepte vanuit die **gestaltperspektief** was prakties toepasbaar en het inligting insameling vir die doeleindes van die ondersoek, gerig. Eksplorering en waarneming ten opsigte van sinsvoltooiing as ’n kommunikasiemedium met die kind, het insameling van bruikbare inligting moontlik gemaak. Die kinders, ouers en die geselekteerde onderwysers was na aanleiding van ’n bepaalde kriteria as respondente geselekteer.

Soos reeds in die inleidende hoofstuk uiteengesit is, was die navorsingsbenadering wat gebruik is om die navorsingsvraag te beantwoord en die doel te bereik, ’n **kwalitatiewe benadering**. Mouton (1992:11) verwys dekades gelede asook Neuman (2003:145) meer onlangs, na kwalitatiewe metodes wat bestaan uit die omskrywing van gebeure, waar die fokus op onderliggende betekenisse en patrone van verhoudings sentreer. Dit is verder gepas, aangesien kwalitatiewe navorsing holisties van aard is en poog om die betekenis wat mense aan hul lewe heg, te verken en te begryp (Creswell, 2009:15). Die produk van kwalitatiewe navorsing is dus ’n direkte, subjektiewe beskrywing van ’n spesifieke ervaring of belewenis.

Vir die doel van die studie het die navorser, navorsing met ’n **verkennende en beskrywende** aard gebruik om die faktore te verken, om die resultate en bevindinge te beskryf en gevolgtrekkings en aanbevelings te maak (Fouché & De Vos, 2011:95–96; en Ruane, 2005:11–13).

Die fenomenologiese studie, sinsvoltooiing en selfontwerpte vraelys voltooiing en semi-gestruktureerde onderhoude is as **navorsingstrategieë** gebruik vir die formele beplanningsfase wat ook met Delport et al. (2011:304-305) se mening ooreenstem. Die **fenomenologiese ondersoek-metode** is volgens Mackewn (1997:59) praktykgerig om die navorser behulpsaam te wees om beperkte persepsies op die agtergrond te plaas en te kon fokus op die betekenis wat die individu aan ’n ervaring in die lewe van elke dag gee. Vir studie doeleindes was die navorser, ouers en onderwysers as volwasse respondente, asook die kinders as kinderrespondente dus gesamentlik in die navorsingsproses besig om die verskeidenheid persepsies te ondersoek.

Volgens Greeff (2011:351-353) kan die navorser vanuit ’n navorsersrol, met die volwasse respondente kontak maak deur middel van die voltooiing van ’n selfontwerpte vraelys en **semi-gestruktureerde onderhoude** ten einde inligting te bekom oor die belewenis van die middelkinderjare kind wat deel vorm van die alkoholmisbruik-gesin. Vir die kinderrespondent is **onvoltooide sinne** as navorsingstrategie geformuleer om inligting te bekom waardeur aan hom die geleentheid gebied word om na sy ’stem‘, persoonlike mening en belewenis te luister as ’n gesinslid wat deel vorm van die alkoholmisbruik-gesin.

Die **universum of totale populasie** soos uiteengesit deur Strydom en Delport (2011:390–396) waarin die navorser belangstel, het bestaan uit alle kinders van plaaswerkers wat verwys is vir hulpverlening weens alkohol en alkoholverwante probleme na welsynsorganisasies in die Wes-Kaap. Die **populasie,** wat verteenwoordigend is van die universum soos omskryf is deur Bless en Higson-Smith (2004:84)en Strydom en Delport (2011:390) het alle plaaskinders vanplaaswerkers ingesluit wat verwys is vir hulpverlening weens alkohol en alkoholverwante probleme na die Oudtshoorn distrik se welsynsorganisasies.

Die subgedeelte van die totale populasie, staan bekend as die steekproef (Bless & Higson-Smith, 2004:84) en **doelgerigte steekproefneming** (Bless & Higson-Smith, 2004:86) is benut om deelnemers as respondente te identifiseer.

Na aanleiding van die navorser se mening ten opsigte van toeganklikheid vanuit aanmeldings, en wat tipiese kenmerke van die populasie openbaar, is een skool, naamlik De Rust Primêr, by hierdie studie betrek. Een onderwyser vanuit die skool is versoek om vyf kinders as proefpersone volgens ’n voorafsaamgestelde kriteria te

selekteer vir deelname aan die studie(Strydom & Delport, 2011:394–395). Die kriteria vir insluiting tot die studie was soos volg:

- Vyf ouers, bruin en landsburgers van Suid-Afrika, woonagtig in die Oudtshoorn distrik van die Wes-Kaap, wat alkoholmisbruik in hul gesinne ervaar, vir die voltooiing van ŉ selfontwerpte vraelys en semi-gestruktureerde onderhoude;
- Vyf plaaswerker-kinders (manlik/vroulik, tussen die ouderdom van sewe tot twaalf jaar) wat deel vorm van die gesinne van bogenoemde ouers en wat skoolgaan by De Rust Primêr vir sinsvoltooiing;
- Afrikaans of Engels as spreektaal verstaan;
- Ten minste een ouer moes skriftelik toestemming gee tot vrywillige deelname asook dat hul middeljarige kind aan die studie kon deelneem;
- Kinders moes by biologiese ouers woon; en
- Aanmelding moes by een van die welsynsorganisasies in die Oudtshoorn distrik plaasgevind het.

Die navorser het die deelnemers se ouers persoonlik besoek om die doel van die studie aan hulle te verduidelik; om hulle te versoek om aan die studie deel te neem en om skriftelike toestemming om aan die studie deel te neem te ontvang. Die skriftelike toestemming is vervat in bylaag 1.

4.2.3 Implementering van die empiriese navorsing

Deur die implementering van die empiriese navorsing te bespreek, word die inligting, net soos tydens die insameling daarvan onderverdeel en gekonseptualiseer om weer hersaamgestel te kan word (Strydom & Delport, 2011:394–395). Die middelkinderjare kind se belewenis van sy alkoholmisbruik-gesin, is vanuit ŉ individuele perspektief van naderby ondersoek. Om hierdie rede word daar op inligting vanaf die kind self en ouers en onderwysers gefokus wat verband hou met sy belewenis vanuit ŉ ekologiese sisteem perspektief. Verder bestaan die kind wat aan sy alkoholmisbruik-gesin blootgestel word se samestelling van sy profiel uit verskeie ontwikkelingsterreine waarop gefokus behoort te word om sy belewenis daarvan te begryp. Behalwe vir die onderverdeling vir groter begrip van die kind se belewenis van sy alkoholmisbruik-omgewing, is drie groepe, naamlik die kinder-, ouer- en onderwyser respondente geselekteer en is ook van drie insamelingsmetodes gebruik gemaak.

Ten einde ’n visuele skematiese voorstelling van die geselekteerde respondente weer te gee volgens die kriteria vir doelbewuste steekproeftrekking, word dit in tabelformaat aangebied.

Tabel 3: ’n Skematiese voorstelling van die geselekteerde respondente volgens die kriteria vir doelbewuste steekproeftrekking

					Respondent	
Respondent	**Ouderdom**	**Geslag**	**Etnisiteit**	**Taal**	**Ouer**	**Onderwyser**
Respondent 1	11	Vroulik	Bruin	Afr	Moeder	Register
Respondent 2	11	Vroulik	Bruin	Afr	Moeder	Register
Respondent 3	12	Manlik	Bruin	Afr	Moeder	Register
Respondent 4	12	Manlik	Bruin	Afr	Moeder	Register
Respondent 5	12	Vroulik	Bruin	Afr	Moeder	Register

Vanuit bogenoemde voorstelling is dit duidelik dat vyf Afrikaanssprekende kinderrespondente, waarvan twee seuns en drie meisies tussen die ouderdom elf en twaalf jaar was, en wie se gesinne weens alkoholmisbruik by welsynsorganisasies aangemeld is, met behulp van doelgerigte steekproefneming, geselekteer is. Die vyf ouerrespondente was die biologiese moeders by wie die kinders woon en die vyf onderwyserrespondente was die skool se registeronderwysers vir die kinders. Die etnisiteit van al 15 respondente wat aan die empiriese ondersoek deelgeneem het, was bruin.

Die vyf geselekteerde kinders moes **onvoltooide sinne** voltooi wat deur die navorser self opgestel is en verband hou met sy persoonlike belewenis van die alkoholmisbruik-gesin vanuit twee perspektiewe. Die eerste perspektief was op die verskillende ontwikkelingsterreine naamlik die emosionele, kognitiewe, sosiale, morele, fisiese en selfkonsepgefokus. Die tweede fokus was vanuit die paradigmatieseperspektief wat gerig is op die ekosistemiese interaksie. Die uitsluitlike doel van die onvoltooide sinne (bylaag 2) was om die leefwêreld, emosionele belewenisse, denke en gedragreaksies van die kinderrespondente te ondersoek, veral met die fokus op hul belewenis om deel te vorm van hul alkoholmisbruik-gesin. Blom (2004:231) beskryf die benutting van onvoltooide sinne as ’n metode om aan die kind die geleentheid te bied om sy ervaringe uit te druk.

Die navorser het van **semi-gestruktureerde een-tot-een onderhoude** gebruik gemaak om ’n gedetailleerde perspektief van die ouers en onderwysers se persepsie

te kry (Greeff, 2011:351–353). Semi-gestruktureerde een-tot-een onderhoude kan gedefinieer word as ’n uitgebreide en meer informele gesprek, waarvan die doel nie is om antwoorde op vrae te kry nie, maar eerder om die ervaring van ’n individu en die betekenis wat hy daaraan heg, te verstaan (Greeff, 2011:351–352). Die doel van hierdie onderhoudvoering was om vanuit die perspektief van die ouer en onderwyser die middelkinderjare kind wat deel vorm van die alkoholmisbruik-gesin se belewenis, te ondersoek.

Die **vyf** kinders se **ouers en klasonderwysers** het as proefpersone deelgeneem aan die onderhoudvoering. Daar is gefokus op ’n kort oorsig van die agtergrondgegewens waarna die kind se belewenis van sy alkoholmisbruik-gesin, soos deur die ouers en onderwysers as respondenente waargeneem is, aan die beurt gekom het. ’n **Selfontwerpte vraelys**, met behulp van oop vrae, is as hulpmiddel vir gesprekvoering gebruik (aangeheg as bylaag 3). Greeff (2011:351–353) huldig die mening dat die **semi-gestruktureerde onderhoude**, met voorafopgestelde oopvrae, van waarde is aangesien dit buigsaam is en vrye deelname van die respondent aanmoedig.

Vervolgens word die vierde fase van die navorsingsproses, naamlik die prosessering van die inligting, interpretering en integrering daarvan, aan die leser voorgehou.

4.2.4 Die prosessering van inligting, interpretering en integrering daarvan

Die **data analise** spiraal vir data ontleding van Creswell (2009:185–190); en De Vos (2005a:334–339), gaan gevolg word. Dit sluit in die gebruik van kleurkodes, transkripsies van onderhoude, die maak van memo’s en die identifisering van kategorieë, temas en patrone. Vir geldigheid gaan ’n literatuurkontrole met behulp van triangulering (Creswell, 2009:191) uitgevoer word waar ’n literatuurstudie en gesprekvoering met kundiges, tesame met data uit rekords verkry, gebruik sal word om temas wat na vore kan kom, te valideer.

Om die data meer toeganklik te maak, is die onderhoude getranskribeer. Die data-analitiese spiraal van Creswell (in De Vos, 2005a:334) het hierop gevolg. Die volgende stappe, soos beskryf in De Vos (2005a:336–338) is gevolg in die proses van data-analise:

- **Bestuur van data.** Alle toestemmingsvorms is versamel en in ’n lêer geplaas. Die onderhoude is getranskribeer nadat onderhoudvoering plaasgevind het en is

apart in die lêer georganiseer. Die selfopgestelde vraelyste en onvoltooide sinne is oorgetik in kleurkodes en is ook in die lêer georganiseer.

- **Deurlees en skryf van notas.** Die navorser het herhaaldelik deur die getranskribeerde onderhoude, vraelyste en onvoltooide sinne gelees. Dit het aan die navorser 'n oorsig gegee van die data wat versamel is en notas is gemaak om voorlopige temas te identifiseer.
- **Ontwikkeling van hooftemas.** Die data is vir 'n tweede en derde maal deurgelees. Die navorser het van verskillende kleure penne gebruik gemaak om data te merk wat verwant is aan die hooftemas.
- **Kodering van data.** Die verskillende temas is verder gekodeer deur data te merk wat verwant is aan dieselfde tema om sodoende die temas te beperk en subtemas te vorm.
- **Toetsing van begrippe en soeke na alternatiewe verduidelikings.** Data is geanaliseer vir bruikbaarheid in die betrokke studie en die vraag is gevra of die data moontlik met 'n ander verduideliking in die navorsing self kan skakel.

Vervolgens gaan die kinderrespondente se sinsvoltooiing asook die ouers en onderwysers se gegewens op die selfontwerpte vraelyste en semi-gestruktureerde onderhoude in tabelformaat weergegee en daarna kortliks bespreek word.

Tabel 4: Die kinderrespondent van die alkoholmisbruik-gesin se gesinsfunksionering en sy emosionele belewenis van sy betrokke gesin (4.1), homself (4.2), skool (4.3), maats, buurt en omgewing (4.4)

Tabel 4.1: Die kinders se emosionele belewenis van hulle betrokke gesinne as gevolg van die ouers se drinkgedrag en die wyse waarop hulle ouers uitdrukking aan hul emosies gee

Kontakgrensversteurings en kinders as respondente se emosionele belewenisse van hulle betrokke gesinne as gevolg van die ouers se drinkgedrag wat waargeneem is, het na vore gekom omdat hulle:

- **lief** is vir hul ouers, hulle mis en dat hul 'saam doen dinge' geniet soos hulp met skoolwerk;
- **nie daarvan hou** om betrokke te wees by die roetine werk soos om skottelgoed, vloere of klere te was nie;
- **ongelukkig** voel as hul met ander oor hul ouers praat;

- **erken** het dat hul ouers drink (soms vanaf soggens vroeg);
- **hartseer** voel en selfvertroeteling benodig; en
- **verantwoordelik** voel vir die versorging van hul broers of susters.

Kinders as respondente se emosionele belewenisse van hulle betrokke gesinne as gevolg van die ouers se uitdrukking van hul emosies wat waargeneem is, het getoon dat hul:

- **ouers hartseer** is en huil met die gevolg dat die kind die ouer jammer kry en troos;
- **ma kwaad, ongeskik** raak, met die kind raas en/of wegloop;
- **pa kwaad**word, ma slaan, na musiek luister, slaap en/of wegloop; en
- **ouers kwaad** word en baklei, voel hul hartseer, word self getugtig of gedissiplineer en as gevolg daarvan weg te loop of om te gaan speel.

Vanuit bogenoemde uiteensetting van die sinsvoltooiing ten opsigte van gesinsfunksionering, blyk dit dat kinders betekenisvolle emosionele belewenisse ervaar op grond van twee aspekte naamlik hulle ouers se drinkgedrag en die emosies wat hulle op grond daarvan toon. Verder sluit die kinders se perspektief vanhulle gesinslewe hierby aan deurdat hulle steeds bly hoop en wens dat hulle hulle gesin as basis van sekuriteit kan beskou en dat kinders graag veiligheid sal wil ervaar om wyer uit te beweeg, sy vermoëns te ontdek en te eksperimenteer volgens Oaklander in Bekker (2004:171). As gevolg van hulle betrokkenheid by hul gesinne voel hul verplig om mede-verantwoordelikheid te aanvaar.

Tabel 4.2: Die kind se emosionele belewenis van homself as persoon

Die kind as respondent se belewenis van homself wat waargeneem is, het navore gekom deurdat hy:

- **wens** om eendag ’n kar of huis te kan besit;
- **voel** dat sy moeder hom nodig het;
- **bekommerd** is oor sy moeder;
- ’n **begeerte** het om ’n rolmodel na te streef;
- **nie daarvan hou** as ander baklei nie;
- gereeld **maag-** en/of **hoofpyn** kry; en
- **daarvan hou** om te slaap.

Hieruit blyk dit dat die kind op emosies, wense en gedrag wat verband hou met die toekoms konsentreer en simptomatiese belewenisse ervaar. Verder is daar nie inligting bekom ten opsigte van sy belewenis van homself (Ntshangase, 2008:78) die 'hier en nou' (Schoeman, 2006:70) asook positiewe denke nie.

Tabel 4.3: Die kind se emosionele belewenis van die skool

Die kind as respondent se belewenis van skool wat waargeneem is, is dat:

- dit **aangenaam** is omdat hul dan met maats kan speel;
- leeswerk **lekker** en maklik is;
- somme vir hulle **belangrik** is, hoewel soms maklik en soms moeilik;
- ander persone as die ouers **hulp** met skoolwerk verleen; en
- hulle **sukkel** met hul skoolwerk.

Weer eens blyk dit dat skoolbesoek, naamlik die behoefte en geleentheid om sosiaal uit te beweeg, bevredig en dus met die ekologiese sisteem teorie ooreenstemming toon. 'n Moontlike rede hiervoor is om die verskillende kragte wat hom indirek beïnvloed, te beleef en betekenisvolle verhoudings te ervaar (Prochaskas & Norcros, 2003:205). Dit blyk egter dat steunstelsels om sukses te ervaar ten opsigte van sy skoolwerk ontbreek.

Tabel 4.4:Die kind se emosionele belewenis van sy maats, buurt en omgewing

Die kinderrespondente se emosionele belewenis van hul maats, buurt en omgewing wat waargeneem is, is dat hulle:

- dit **aangenaam** vind om naweke en na skool met maats te speel;
- **daarvan hou** om te speel en gelukkig is in hul omgewing;
- bure en ander volwassenes naweke **baklei**;
- bure **vriendelik** is, **omgee** vir mekaar en **veilig** voel;
- kliniek **hulp** verleen indien hulle siek voel;
- die polisie **roep** as daar moeilikheid in die omgewing is; en
- dit **geniet** om kerk toe te gaan en daar te sing.

Dit is duidelik dat die kind se sosiale skakeling ’n positiewe emosionele belewenis is en dat moontlike kontakmaking met die polisie aan die ander kant, ‘n gevoel van veiligheid gee. Vriendskappe vorm ’n sosiale netwerk wat plesier verskaf, ondersteuning en beskerming bied (Wait, 2004:137–138).

Tabel 5: Die volgende bespreking hou verband met die ouers as respondente van die alkoholmisbruik-gesin se emosionele belewenis van sy betrokke gesin (5.1), kind se selfkonsep (5.2), kind se skool gedrag (5.3), maats, buurt en omgewing (5.4).

Tabel 5.1: Ouers se belewenis van hul betrokke gesin

Ouers as respondente se belewenis van hul kinders in die gesin wat waargeneem is, is dat hulle:

- ’n **goeie verhouding** met hul ouers het;
- **verantwoordelik** is en soms die huistake wil oorneem;
- **goeie interaksie** het met ander gesinslede, maar baklei soms met broers of susters;
- met ’n ander persoon ’n **goeie emosionele verhouding** het;
- na skool **huis toe kom** en dan by **maats gaan speel**;
- **gedissiplineer** word deur te raas met hul as hul verkeerd opgetree het;
- **geen gesinsgeweld of seksuele misbruik** ervaar nie;
- geen ernstige/kroniese **siekte** het nie;
- gereeld **maag- en/of hoofpyn** kry; en
- min tyd tuis spandeer.

Die ouers as respondente beleef die kinders in die gesin as positief. ’n Moontlike rede hiervoor is dat die ouers nie op die waarde van ’n gesinsverhouding fokus of besef nie. Die kind se persoonlike behoeftes word nie tuis aangespreek nie, moontlike vaardighede word nie in ag geneem nie en geen betrokkene beleef samesyn nie. Die minimum bekommernisse wat voorkom hou verband met die tydsfaktor wat die kind tuis deurbring en dat geen ernstige/kroniese siekte toestande voorkom nie. Die disfunksionele alkoholmisbruik gesinslede voel bang en onseker. Weinig belangstelling en ondersteuning word in gesinsverband ontvang (Wood, 1992:33; en Van Wormer, 1995:205)

Tabel 5.2: Ouers se belewenis van hul kinders se selfkonsep

Ouers as repondente se belewenis van hul kind se selfkonsep wat waargeneem is, is dat die kind:

- **vanhomself hou**;
- se positiewe eienskappe **gehoorsaamheid en goeie maniere** is;
- **maklik en deelnemend** is; en
- **soms teneergedruk** voel.

Vanuit die ouers as repondente se visie blyk dit dat die kind met homself en sy huislike omstandighede hoofsaaklik gelukkig is. Beïnvloeding vind tydens hierdie fase deur sowel sy ouers as onderwysers plaas en indien positief en ontwikkelingsgerig hanteer word, ontwikkel hy as mens ook gesond. (Louw et al., 1998:348; en Schoeman, 2006:15.)

Tabel 5.3: Ouers se belewenis van hul kinders se gedrag by die skool

Ouers as respondente se belewenis van die kind se gedrag by die skool wat waargeneem is, is dat kinders:

- elke dag **skool toe gaan** en hul vordering goed is;
- **nie probleme** by die skool ervaar nie; en
- **geprys word** as hul goed doen in hul skoolwerk.

Die ouers se belewenis van die kind by die skool hou verband met hulle waarneming ten opsigte van skoolbywoning wat nie ’n betrokke, volledige weergawe en insig bied nie. Sover vasgestel kon word stel Clayton (1995:140) dit dat die oorsaak hiervan geleë is in die feit dat die kind in die alkoholismisbruik-gesin selde deur die ouers aangemoedig en gemotiveer word om take te voltooi deurdat hy bykans geen erkenning vir enige voltooide take kry nie en gevolglik ’n onvermoë openbaar om projekte af te handel.

Tabel 5.4: Ouers se belewenis van maats, buurt en omgewing

Ouers as respondente se belewenis van maats, buurt en omgewing wat waargeneem is, is dat die kinders:

- **daarvan hou** om by die maats te gaan speel; en
- ’n **goeie verhouding** het met die mense in die gemeenskap.

Weer eens toon die ouers aan dat hul kind, soos in die geval van skoolbywoning, sosiale skakeling positief beleef. Interessant is egter dat hulle tydens hierdie lewensfase meer geneig is om met ander kinders van dieselfde geslag en ouderdomsgewys in interaksie te verkeer (Louw et al., 1998:368).

Tabel 6: Onderwysers as respondente van die betrokke alkoholmisbruik-gesin se emosionele belewenis van die betrokke gesin (6.1), kind se selfkonsep (6.2), sy skool gedrag (6.3), maats, buurt en omgewing (6.4).

Tabel 6.1: Onderwysers se belewenis van die betrokke gesin

Onderwysers as respondente se belewenis van die gesin wat waargeneem is, is dat die kinders:

- **verantwoordelik optree** deurdat hulle soms van die **huistake moet oorneem**;
- **tuis min** indien enige **erkenning** kry;
- na skool in **grootouers** se sorg verkeer;
- die beste **emosionele verhouding** het met hul **ouma**;
- **nie** oor die probleme tuis wil **praat nie**;
- **tuis gestraf** word as hul verkeerd opgetree het;
- **goeie verhouding** het met gesinslede;
- **min gesinsvermaak** ervaar;
- **geen** ernstige/kroniese **siektes** ervaar nie;
- **geen gesinsgeweld** of **seksuele misbruik** ervaar nie; en
- **gereeld** kla van **maag**- en/of **hoofpyn**.

Vanuit bogenoemde blyk dit dat die kind tuis self funksionerend optree, dissiplinering toegepas word, die terugvoering taakgesentreerd en hoofsaaklik negatief is, grootouers betrokke is en gesinsfunksionering as privaat beskou word. Volgens Barnett (2003: 467-472) het families wat alkohol misbruik hulle eie stel reëls, norms, kommunikasie patrone en grense. ’n Algemene reël is dat die gesin se disfunksionalisme, wat die familie geheim is, ten alle koste bewaar moet word.

Tabel 6.2: Onderwysers se belewenis van die kinders se selfkonsep

Onderwysers as respondente se belewenis van die kinders se selfkonsep wat waargeneem is, is dat die kinders:

- se positiewe eienskappe **vriendelikheid en gehoorsaamheid** is;
- besonder **verantwoordelik** voorkom;
- **deelnemend** en **betrokke** is;
- **nie woede uitbarstings** kry nie; en
- **soms onseker**, angstig en depressief voorkom.

Die begrip selfkonsep word in hierdie opsig gekenmerk as vriendelikheid, gehoorsaamheid, verantwoordelike optrede, deelnemende betrokkenheid, bykans geen woede uitbarstings toon nie en soms met onsekere gedrag na vore kom. In die waarneming word dus grootliks op goeie gedrag gefokus en die verskillende dimensies van die selfkonsep soos selfliefde en –vertroue bly agterweë.

Tabel 6.3:Onderwysers se belewenis van die kind se skool gedrag

Onderwysers se belewenis van die kinders se skool gedrag wat waargeneem is,is dat die kinders:

- se **skoolbywoning** goed en die **akademiese vordering** na wense is;
- se **verhouding** met die betrokke onderwyser goed is;
- **geen probleme** by die skool ervaar word nie; en
- **woelig** voorkom en **sukkel om te konsentreer**.

Bogenoemde weergawe toon dat die kind se skoolbesoek, verhoudings en gedrag positief ervaar word. Swak konsentrasie vermoëns deur die kind word egter ook beleef. Behalwe die basiese skolastiese vaardighede van lees, skryf en reken wat hy moet bemeester, moet hy ook leer om sosiaal met maats en onderwyser te verkeer (Louw et al., 1998:363–367 en Wenar & Kerig, 2000:35–36).

Tabel 6.4:Onderwysers se belewenis van die kind se maats, buurt en omgewing

Onderwysers se belewenis van die kinders se maats, buurt en omgewing wat waargeneem is, is dat die kinders:

- ’n goeie verhouding met die mense in sy gemeenskap het.

Negatiewe inligting ten opsigte van die kind se skakeling met sy maats, in die buurt en omgewing is nie vanuit die onderwysers as respondente vermeld nie.

Samevattend is die multi-dimensionaliteit van invloede op die plattelandse middelkinderjare kind se belewenis wat deel vorm van die alkoholmisbruik-gesin beskryf vanuit die kind se persoonlike belewenis en dié van sy ouers en onderwysers.

Deur te fokus op die kind van die middelkinderjare se belewenis wat blootgestel is aan alkoholmisbruik in sy primêre gesin, gaan daar vervolgens op die inligting vanuit sowel die literatuur (kollektiewe inligting) as empiriese ondersoek (persoonlike en praktykgerigte inligting) gekonsentreer word. Om hierdie rede is dit dus nodig om ook die weergawe van die kinder-, ouer- en die onderwyser respondente in ag te neem en in te sluit. Die aanbieding van die navorsingsdata ten opsigte van die belewenis van die drie respondente-groepe as geheel maak dit dus verder moontlik om dit in ’n geïntegreerde formaat te doen na aanleiding van die kind se sistemiese interaksie met sy betrokke gesin, homself, sy skool en omgewing.

Die aanbieding sal in tabelformaat weergegee word, waarna ’n bespreking van die inhoud sal volg en **verbande, as vorm van literatuurkontrole, tussen die teorie en praktyk**, dus getrek word. Die aanbieding sal plaasvind vanuit die:

- profiel van die kind (hoofstuk 2);
- teoretiese verwysingsraamwerk (hoofstuk 3); asook
- gegewens wat verkry is van die drie respondente groepe naamlik kinders, ouers en onderwysers en wat bekom is deur middel van drie hulpmiddels naamlik onvoltooide sinne en semi-gestruktureerde onderhoude met die volwasse respondente met behulp van ’n selfopgestelde vraelys.

Tabel 7: Respondente se belewenis van die gesin (7.1), die kind self (7.2), skool (7.3) en omgewing (7.4)

Tabel 7.1: Die respondente se belewenis van die betrokke gesin

In die kinderrespondente se weergawe van hul gesinsfunksionering word onderskeid getref tussen die drinkgedrag en die emosionele uitlewing van hulle ouers. Daar word van verskillende emosionele begrippe gebruik gemaak, soos byvoorbeeld liefde, hartseer, kwaad en ongelukkigheid (**Voorbeelde van kinderrespondente**: *Ek en mamma is baie lekker saam by die huis,... is lief vir mekaar,... maak huis skoon. As my ma hartseer is,... kry ek haar jammer,... huil ek saam met haar,... troos ek haar. As pa kwaad is dan slaan my pa my ma,... gaan hy slaap,... speel hy musiek.* Vergelyk ook bylaag 2).

In die ouerrespondente se weergawe van hul gesinsfunksionering word op slegs hul emosionele belewenis gefokus byvoorbeeld, positiewe en minimum bekommernisse (**Voorbeelde van ouerrespondente**: *Kind wil huistake oorneem, baie verstandig; praat my moed in oor haar pa en wil huiswerkies doen; kom goed klaar met ander; pa gaan soms vir 'n jaar weg, wil nie verantwoordelikheid aanvaar nie en is min by die huis.* Vergelyk ook bylaag 3*).*

In die onderwyserrespondente se weergawe van die gesinsfunksionering word veral op die kind se gedrag gefokus byvoorbeeld, self funksionerend, dissiplinering wanneer nodig, grootouers se betrokkenheid en privaatheid van gesin (**Voorbeelde van onderwyserrespondente:** *Tree by maats behulpsaam op en verrig huistake soos skottelgoed was;kind is in ouma en oupa se sorg na skool; kind wil nie oor probleme tuis praat nie; kind word gestraf deurdat hy skottelgoed moet was.* Vergelyk ook bylaag 3).

Vanuit die inligting van die drie groepe respondente ten opsigte van die betrokke gesin se funksionering, blyk dit dat die kinderrespondente betekenisvol fokus op emosies. Alhoewel daar na beide liefde en jammerte verwys word, word vrees en onsekerheid oor wat gaan volg, ook beleef. Die vrees en onsekerheid wat gaan volg rig hul gedrag. Emosionele belewenisse word vanuit die middelkinderjare

lewensfase beskou as ’n periode van verhoogde emosionele volwassenheid (Ntshangase, 2008:77).

Ten opsigte van die ouer- en onderwyserrespondente is ’n betekenisvolle verskil waargeneem; hulle gebruik of verwoord nie die begrip alkoholmisbruik nie. Tlhoaele (2003:24) huldig vanuit bestaande bevindinge die mening dat daar ’n stigma daaraan kleef wat ’n moontlike rede is dat die alkoholmisbruik as ’probleem‘ ontken en beskerm word en dus ook as gevolg daarvan instand gehou word.

Die ekonomiese kostes van alkoholmisbruik is deur al die respondente geïgnoreer.Die ekonomiese onkostes skep volgens die Provinsiale Minister van Landbou ’n enorme probleem in die Wes-Kaap. Verder het die kinderrespondente oor die impak van alkoholmisbruik op die gesinslewe melding gemaak van vreemde ’onspannende‘ slaappatrone, wat aldus die navorser met onttrekking en ontkenning van die gesinsprobleem verband hou. ’‘n Slanery‘ waarna verwys word, word as geweld beskryf (Dowry, 2007:1). Gmel en Rehm (2003:50-62) verwys ook na angstigheid in die familie wat ’n uitwerking op sosialiseringsgeleenthede kan hê.

Volgens die Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders (Nevid et al.,2003:300) word daar uit die perspektief van die volwassene verwys na negatiewe gevolge ten opsigte van ouerskap, werksverpligtinge, die gereg en interpersoonlike verhoudinge. Dus is dit duidelik dat ouerrolle en verhoudings negatief beïnvloed word en ouers onkundig is wat impliseer dat daar nie ondersteunend gefokus kan word op die normale middelkinderjare kind se behoeftes nie soos op hul emosionele, kognitiewe-, sosiale-, morele-, fisiese- en selfkonsep ontwikkelingsterreine nie (Vergelyk ook NACOA, 2011:1–3 asook Hoofstuk 2).

Barnett (2003:467–472) gebruik die term disfunksionele gesin om aan te toon dat elke persoon op sy eie manier ongelukkigheid ervaar en dat die kinders die ouers se rolle oorneem. Daar bestaan so ver vasgestel kon word nie inligting oor die kind as betrokkene se belewenis van die verskuiwing van die van ’n kinderrol na die van ’n volwasse- of ouerrol nie. Hierby kan ook die onsekerheid oor die belewenis van oorbelading gevoeg word. Wat wel betekenisvol na vore gekom het, is dat die kinderrespondente huistake oorneem. Verantwoordelikheid, take en daarmee saam oorlewingsrolle wat die kind oorneem, word juis deur Castro et al. (2004:205) verwoord as ’oorbelading‘ wat nie bevorderlik is vir die kind se normale ontwikkeling

nie. Barnett (2003:467–472) verwys daarna dat hierdie gesinne hul eie stel reëls het wat deur die kinderrespondente as 'geen reëls' verwoord word.

Fisher en Harrison (200:172) beklemtoon hul onvermoë om aan gevoelens uitdrukking te gee asook die hantering van probleme naamlik dat hul dit projekteer na invloede van buite of van die buurt. Dit is vanuit hierdie navorsingsbevindinge opvallend en bied betekenisvolle inligting dat die kinderrespondente 'n onderskeid getref het tussen hul ouers se drinkgedrag en emosies en laasgenoemde beklemtoon.

Die kind het volgens die navorser veral gefokus op negatiewe emosies, die ouers belê nie in hul ouerrolle nie (nie betrokke of op kind se proses/leefwêreld ingestel nie), moontlik ook nie in hul huweliksrolle nie en die onderwysers was oningelig. Alhoewel die gesinne by welsynsorganisasies geregistreer is, word daar slegs in een gesin na die maatskaplike werker as hulpbron verwys. Daar is na geen ander vorm van hulpbronne verwys nie.

Tabel 7.2: Respondente se belewenis van die kind self

Die kinderrespondent se belewenis van sy onvermoë ten opsigte van sy selfkonsep asook sy negatiewe denke wat daarmee verband hou, kom in die sinsvoltooiing na vore. (**Voorbeelde van kinderrespondente**: *Ek wens ek kan eendag 'n kar hê,... ek word eendag 'n soldaat,... ek slaag. Wat ek nodig het, is my mamma en my ouma,... my ma. Eendag wil ek graag 'n onderwyser wees, ...'n huis hê,...'n prokureur word.* Vergelyk ook bylaag 2)

Die ouerrespondente se terugvoering oor die kind self was oordrewe positief en is baie gefokus op die gedrag van die kind. Daar is 'n emosionele binding en/of verhouding met die grootouers, teenoor die ouer-kind binding wat as afwesig beskou word. (**Voorbeelde van ouerrespondente**: *Die kind hou van homself; die kind se positiewe eienskappe is dat hy goeie maniere het en gehoorsaam is; die kind is deelnemend en betrokke; die kind kom soms terneergedruk voor.* Vergelyk ook bylaag 3)

Die onderwyserrespondente se weergawe van die kind se selfkonsep vind veral plaas deur middel van positiewe eienskappe wat die kind se deelname en

gedrag in die klaskamer as aangenaam kan beskryf. (**Voorbeelde van onderwyserrespondente:** *Die kind se positiewe eienskappe is dat hy vriendelik en gehoorsaam is; die kind kom besonder verantwoordelik voor;hy is deelnemend en betrokke; die kind kry nie woede uitbarsting nie; die kind kom soms onseker voor.* Vergelyk ook bylaag 3)

Die belangrikheid wanneer die kind nie oor selfbewussyn beskik nie word deur Schoeman (2006:65) uitgesonder, deurdat kennis ontbreek ten opsigte van sy sterk eienskappe, emosies en selfaanvaarding om sy omgewing te begryp en verantwoordelikheid vir homself in sy bepaalde omstandighede te aanvaar. Aronstam (1989:640) beklemtoon ook dat kennis aangaande bewustheid, ten opsigte van die 'hier en nou', nodig is om sy situasie te begryp en te poog om behoeftebevrediging te bewerkstellig. Groenewald (2002:49) meld dat die enigste realiteit waarmee die kind kan werk, dit is wat hy in die 'hier en nou' ervaar. Aldus die navorser is inligting van die kind as kinderkliënt se proses van bewuswording en hoe hy sy omstandighede kan hanteer, met die oog op hulpverlening, derhalwe nodig. Mackewn (1997:54) se mening bevestig juis ook dat die interverhouding vir enige proses, probleem en die oplossing daarvan nodig is en dat dit 'n onlosmakende deel vorm vir die kind se ervaring of belewenis.

Volgens Clayton (1995:128) het die kind 'n sterk behoefte aan goedkeuring en aanvaarding en omdat hy dit nie tuis ontvang nie, sal hy opoffer, selfs verander of aanpas om sy behoeftes te bevredig met die gevolg dat hy sy unieke identiteit verloor.

Sover vasgestel kon word kon slegs navorsingsinligting (Wood, 1992:33; en Van Wormer, 1995:205) van bykans twee dekades gelede gevind word wat verband hou met die kind wat deel vorm van die alkoholmisbruik-gesin waar weinig belangstelling en ondersteuning in gesinsverband waargeneem is. Die gevolg is dat die ondersteuning vir die ontwikkeling van unieke kreatiewe individue vanuit gesinsverband, nie moontlik is nie.

Sonder die nodige inligting oor die kind se belewenis van sy gesinsomstandighede, sal ouers nie opgelei en tot insig gebring kan word nie. Daar behoort ook onderskeid getref te word tussen die huweliks- en ouerskapsrolle. Pretorius (1998:45–48) en Berk (2006:604–605) se menings sluit waardevol hierby aan

naamlik dat ouer bewusmaking en opleiding gebruik behoort te word wat verband hou met die kind se optrede as gevolg van nabootsing vanaf ouers se gedrag, verwagtinge vanuit sosiale byeenkomste en genoegsame positiewe beïnvloeding.

Tabel 7.3: Respondente se belewenis van die skool

In die kinderrespondent se belewenis van die skool fokus hy op sosialisering en interaksie deur middel van spel, met die gevolg dat hy dit positief beleef. (**Voorbeelde van die kinderrespondent:** *By die skool speel ek by my maats,... is ek gelukkig en ons speel,... speel ek met my maats en dan eet ons. Lees is maklik,... baie goed en maklik. Somme is maklik,... maklik en moeilik,... belangrik vir my. Ek sukkel met my skoolwerk,... met my huiswerk.* Vergelyk ook bylaag 2)

Die ouerrespondente se weergawe van die kind se gedrag by die skool spreek van onbetrokke, oningeligte en onkundige waarneming. (**Voorbeelde van ouerrespondente:** *Die kind se skoolbywoning is goed en die vordering is ook goed; die kind ervaar nie probleme by die skool nie; ons prys hom vir sy skoolwerk.* Vergelyk ook bylaag 3)

In die onderwyserrespondente se belewenis van die kind se skoolgedrag word sy gedrag oorhoofs verwoord as betrokke, deelnemend, gelukkig maar word verwys na swak konsentrasie. (**Voorbeelde van die onderwyseronderwyserrespondente:** *Die kind se skoolbywoning is goed en sy akademiese vordering is na wense; my verhouding met die betrokke kind is goed; die kind ervaar geen probleme by die skool nie; die kind se onaanvaarbare gedrag is dat hy is woelig is en sukkel om te konsentreer.* Vergelyk ook bylaag 3)

Fisher en Harrisson (2000:178) is van die navorsers wat dit beklemtoon dat wanneer die kind van die alkoholmisbruik-gesin met alkoholmisbruik as fokus-onderwerp tuis gepreokkupeer word, dit op sy voorgrond is, en hy ook van vriende en ander ondersteunende volwassenes afgesonder word, dit sy belewenis van en perspektief op skool, verander (NACOA, 2011:1–3). Hiermee word bedoel dat die kind die onderwerpe waarop hy gedurende sy skooldag moet fokus, stimulerend en

positief-ontwikkelend van aard kan vind. Verder beleef hy die interaksie met maats en ander ondersteunende volwassenes as positief opbouend.

Volgens Piaget in Blerk (2006:242–245) is die kind in hierdie lewensfase in staat tot operasionele of simboliese denke aangesien hul denke konkreet en nie abstrak is nie. In die alkoholmisbruik-gesin hanteer hy sy waarneembare realiteit op grond van sy gevoelens. Papalia et al. in Wait (2004:132) bevestig die kind se vermoëns en prosesse gedurende hierdie lewensfase. Die leemte word verder deur National Association for Children of Alcoholics (2011:3) beklemtoon dat die kind van die alkoholmisbruik-gesin nie self in staat is om na die volgende fase van abstrakte denke te vorder nie. Hierby voeg Stahl (1999:116) dat die onbetrokke, oningeligte en onkundige ouer se leefwyse hoofsaaklik vir eksperimentering nie goeie voorbeelde en gedrag bied nie. Dissiplinering, veiligheid en sekuriteit wat deur middel van grense geskep behoort te word, teenoor die kind se daaglikse belewenis van sy situasie by die skool realiseer ook nie. Deur hierop te fokus beskou Perls (in Blom, 2004:8) dit as die uitkoms van die kind se proses ten opsigte van sy kommunikasie, besluitneming en gedrag.

Wait (2004:141) verwys na drie belangrike kenmerke van deelname aan spanwerk wat bevorderlik is vir die kind se sosialisering en inskakeling in die klas situasie. Die rede wat dieselfde navorser hiervoor noem is dat die kind se persoonlike doelwitte, wat geïdentifiseerd behoort te wees, ondergeskik moet wees aan groepsdoelwitte asook die toepassing van doelgerigte deelname en taak verdeling.

Tabel 7.4: Respondente se belewenis van die omgewing

Kinderrespondente se belewenis van die omgewing is dat dit blyk dat die kind positief is ten opsigte van sosiale skakeling hetsy opbouende en positiewe interaksie of skakeling met afbrekende gevolge. (**Voorbeelde van kinderrespondente:** *Naweke is ek gelukkig en speel ek,... gaan speel ek by my vriende. In die middag na skool gaan ek huis toe en dan gaan speel ek by my maats. Ons bure is vriendelik,... gee om vir ons. As ek kliniek toe gaan gee hulle medisyne,... dan gee hulle vir my pille. Ek voel veilig in ons buurt. Die polisie vang die mense,... kom vang die dronk mense. By die kerk sing die mense,... is ek gelukkig want ons maak musiek.* Vergelyk ook bylaag 2)

In die ouerrespondente se weergawe van die kind se omgewing word weereens aangetoon dat die kind in sy interaksie en tydens sy sosiale skakeling, geen probleme ondervind nie. (**Voorbeelde van ouerrespondente:** *Die kind kom goed klaar met almal; hy gaan speel graag by sy maats.* Vergelyk ook bylaag 3)

In die onderwyserrespondente se weergawe van die kind se omgewing word geen negatiewe inligting ten opsigte van sy omgewing vervat nie. (**Voorbeelde van onderwyser respondente:** *Die kind het goeie interaksie met ander en toon ten alle tye respek vir ouer persone.* Vergelyk ook bylaag 3)

Hierdie is 'n tydperk waar waardevolle leergeleenthede volgens Erik Erikson en Jean Piaget in Wait (2004:131) geskep word deur ouers, maats en onderwysers vir die voorbereiding van sosiale vaardighede. Hierdie vaardighede hou verband en het ook 'n positiewe uitwerking op toekomstige veranderinge van intellektuele en emosionele ontwikkeling.

Verskeidenheid in die sosiale omgewings van die kind kan positief daartoe bydra dat hy bewus raak van ouderdomverwante rolle, waar dit in die alkoholmisbruik-gesin eerder van oorbelading spreek (Ntshangase, 2008:77). Hierby kan ook die belewenis van die kind wat deel vorm van die alkoholmisbruik-gesin se wyer interaksionele proses gevoeg word. Hiermee word die beïnvloeding van sy omgewing waarvan hy deel is, bedoel naamlik dat die alkoholmisbruik-gesin (sisteem) vanuit 'n geheelperspektief beskou moet word aangesien die kind (subsisteem) terselfdertyd deel vorm van sy suprasisteem (omgewing). Corwyn en Bradley (2005:470) beskou 'sisteem' as meer as die 'somtotaal van sy dele' wat ook vanuit die gestaltperspektief benadruk word en wat as die konsep 'holisme' beskryf word(Joyce & Sills, 2010:27). As gevolg van die kind se unieke samestelling en funksionering streef hy voortdurend na hoër vlakke van potensiaal en aktualisering. Die ontwikkelingsproses vind in die alkoholmisbruik-gesin (en omgewing) waarskynlik nie plaas nie aangesien die plattelandse middelkinderjare kind, wat as gevolg van sy seksuele ontwikkeling self voortydig ouerskap kan beleef.

Vanuit bogenoemde inligting en die ekologiese sisteemteorie kan herformulering moontlik gemaak word vir aanvaarbare alternatiewe gedrag in die alkoholmisbruik-

gesin(Von Sydow, 2002:86). Die aanbeveling daarvoor is moontlik dat indien al die betrokkenes, met spesifieke verwysing na die kind wat deel van sy gesinsisteem vorm en wat wedersyds beïnvloed word vanuit die veldteorie betrek word by en begryp word deur die dinamiek en uitkoms van hulle gesinsfunksionering(Kirchner, 2003:3).

Volgens Perls in Clarkson (2004:9) is dit duidelik dat die kind nie as ’n afsonderlike entiteit van sy omgewing beskou behoort te word nie, maar eerder in ’n kreatiewe kontakproses met sy leefwêreld of veld. Dit is dus onmoontlik om die kind te verstaan behalwe wanneer hy, soos tydens hierdie navorsingsproses, binne sy omgewing waargeneem word. Hierdie belewenis en ervaring van sy omgewing, staan bekend as die kind se ’realiteit‘ wat dus in hierdie opsig nie ’n objektiewe begrip is nie. Hoe die kind sy veld of gesin as interne omgewing organiseer hou ook verband met sy vlak van bewustheid ten opsigte van sy eksterne omgewing(Mackewn, 1997:56).

4.3 Samevatting

Deur middel van verkenning en beskrywing is die belewenis van die plattelandse middelkinderjare kind wat aan alkoholmisbruik in sy primêre gesin blootgestel is met behulp van die trianguleringsproses ondersoek. Die navorsingsmetodologie en –proses is op empiriese vlak uiteengesit. Die triangulerinsproses wat gebruik is, sluit ‘n literatuurstudie in en die bevindinge van die empiriese resultate, soos verkry vanuit die sinsvoltooiing van vyf middeljarige kinders as kinderrespondente asook vanuit die voltooide selfontwerpte vraelyste en semi-gestruktureerde onderhoude met vyf ouers en onderwysers. Die empiriese resultate en navorsingsbevindinge vanuit die bestaande literatuur as konseptuele raamwerk is met mekaar in verband gebring ten einde duidelikheid te verkry van die ekologiese-sistemiese omgewing van die plattelandse middelkinderjare kind wat deel vorm van sy alkoholmisbruik-gesin en sy belewenis daarvan.

Die kwalitatiewe benadering in die navorsingsproses het ook aandag geniet aangesien die vier fases van De Vos en Fouché (2011:70) gevolg is naamlik: die aanvanklike beplanning en probleemformulering; formele beplanning vir die navorsing; implementering van die empiriese navorsing en die prosessering van die inligting, en die interpretering en integrering daarvan.

In die hoofstuk wat volg, wat die slothoofstuk sal wees, word beplan om die samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings uiteen te sit.

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 Inleiding

Vanuit hierdie navorsing kon ’n omvattende literatuurstudie gedoen word waartydens ’n teoretiese perspektief op die belewenis van die plattelandse kind in sy middelkinderjare wat deel vorm van die alkoholmisbruik-gesin, gebied word. Alle konsepte, elemente asook die empiriese ondersoek wat daaruit voortgespruit het, is bespreek.

Die doel van hierdie hoofstuk is om deur middel van die literatuurstudie en empiriese ondersoek gevolgtrekkings en aanbevelings te maak ten opsigte van die belewenis van die plattelandse middelkinderjare kind wat deel vorm van sy alkoholmisbruik-gesin. Om hierdie rede sal eers op die navorsingsprobleem en -vraag gefokus word, waarna die doel en doelwitte bespreek sal word ten einde vas te stel of doelbereiking gerealiseer het. Na afloop hiervan, volg ’n samevatting van die literatuuroorsig (hoofstukke 2 en 3), die navorsingsmetodologie (hoofstuk 4) asook die gevolgtrekkings en aanbevelings wat ten opsigte van die studie gemaak word.

5.2 Navorsingsprobleem en –vraag

Die rasionaal en motivering vir die studie het bygedra tot die probleemformulering van die ondersoek, naamlik dat sowel kollektiewe as persoonlike inligting ontbreek van die belewenis van die plattelandse middeljarekind van Suider-Afrika wat deel vorm van sy alkoholmisbruik-gesin. Die navorsingsvraag wat vanuit die probleem-formulering voortgevloei het, was: **Wat is die belewenis van kinders van plaaswerkers in die Oudtshoorn distrik rakende alkoholmisbruik in hul primêre gesinne?**

Die navorsingsvraag is beantwoord met behulp van die resultate van die empiriese data waar aangedui is dat daar verskeie aspekte is wat bydra tot die plattelandse kind van die middelkinderjare se belewenis van hul alkoholmisbruik-gesin. ’n Beskrywing van die ouer en onderwyser se belewenis van die betrokke kinders is ook gegee.

5.3 Bereiking van doel en doelwitte

Aangesien die doel en doelwitte aan die begin van die studie in hoofstuk een gestel is om die studie te rig, ag die navorser dit noodsaaklik om daarop te fokus ten einde vas te stel of dit wel bereik is.

Soos in die algemene inleiding aangetoon is, is die **doel van hierdie studie om te bepaal wat die belewenis van die plaaswerkerkind in sy middelkinderjare op die Wes-Kaapse platteland en in die besonder die Oudtshoorn distrik is, ten opsigte van funksionering in ’n gesin waarbinne alkoholmisbruik voorkom**.

Na aanleiding van bogenoemde navorsingsprobleem, vraag en navorsingsdoel, is vasgestel dat die doel deur middel van ’n triangulering proses bereik is. Dit sluit in ’n literatuurstudie en die bevindinge van die empiriese resultate soos verkry vanuit die sinsvoltooiing van vyf middeljarige kinders as kinderrespondente asook die voltooiing van die selfontwerpte vraelyste en semi-gestruktureerde onderhoude met vyf ouers en onderwysers. Die empiriese resultate en navorsingsbevindinge vanuit die bestaande literatuur as konseptuele raamwerk is met mekaar in verband gebring ten einde duidelikheid te verkry van die ekologies-sistemiese omgewing van die plattelandse middeljarige kind wat deel vorm van sy alkoholmisbruik-gesin en sy belewenis daaraan.

Konkrete en uitvoerbare doelwitte is geformuleer om bogenoemde doel te bereik. Die doelwitte van die studie sal vervolgens afsonderlik bespreek word.

Doelwit 1: Gedurende die eerste gedeelte van die trianguleringsproses is met behulp van ’n literatuurstudie op twee sentrale temas gefokus, te wete die verkenning en beskrywing van:

- ’n Profiel van die plattelandse middelkinderjare kind wat aan alkoholmisbruik blootgestel word in sy primêre gesin; en
- ’n Saamgestelde teoretiese verwysingsraamwerk bestaande uit die veldteorie en Bronfenbrenner se ekologiese sisteemteorie, waarbinne alkohol en alkoholverwante problematiek van die kind en die belangrikheid van die interaksie met sy veld as kennisbasis herken sal word.

Hierdie doelwit is bereik, aangesien die navorser met behulp van die bestaande literatuur inligting ingesamel het en ’n teoretiese basis opgebou het oor

alkoholisme, ouerlike alkoholmisbruik en die ontwikkelingstake tydens die middelkinderjare.

Kortliks en oorhoofs is die volgende belangrike inligting ten opsigte van die twee sentrale temas bekom:

Ten opsigte van die eerste sentrale tema naamlik die profiel van die plattelandse middelkinderjare kind wat aan alkoholmisbruik blootgestel word in sy primêre gesin, is die volgende inligting as waardevol beskou**.** Die tydperk tussen ongeveer die sesde en twaalfde lewensjare staan algemeen bekend as die middelkinderjare. Die paradigmatiese perspektief oor die voorkoms van alkoholmisbruik en die pynlike aard van die kind wat deel vorm van die alkoholmisbruik-gesin se belewenis en die feit dat hy skade kan ly, regverdig 'n kind- gefokusde ondersoek.

Duidelikheidshalwe is die bestaande navorsingsdata dus ondersoek vir kennisname ten opsigte van die voorkoms van alkoholmisbruik en die diagnostiese kriteria daarvan, komponente van gesinsfunksionering en die verskil tussen die funksionele en disfunksionele gesin, rolle wat die kind aanneem as gevolg van alkoholmisbruik in die gesin en die ontwikkelingsareas van die kind in die middelkinderjare en die impak van ouerlike alkoholmisbruik op sy ontwikkeling. Die middelkinderjare is in terme van emosionele, kognitiewe, sosiale, fisiese, en selfkonsep ontwikkeling bespreek, om sodoende 'n holistiese perspektief te kry van watter take sentraal tot hierdie ontwikkelingstadium van die middelkinderjare spreek.

Ten opsigte van die tweede sentrale tema naamlik, 'n paradigmatiese perspektief op die plattelandse middelkinderjare kind wat aan alkoholmisbruik blootgestel word in sy primêre gesin, is die volgende inligting as belangrik beskou**.** Die paradigmatiese perspektief en aanname het vir hierdie ondersoek bestaan uit die ekologiese sisteemteorie wat die lens was waardeur die navorser na die gestelde probleem gekyk het. Die veldteorie het hierby aangesluit as teoretiese verwysingsraamwerk. Vanuit die gestaltbenadering as paradigmatiese perspektief is hierdie ondersoek dus gerig binne die konteks van teorie en om die navorsingsprobleem praktykgerig aan te spreek. Teoretiese benaderings hou verband met die grondbeginsels wat van toepassing is op die eenheid van ontleding, die verskynsel en bied nie noodwendig oplossings nie, maar is ook vir praktykgerigte hulpverlening rigtinggewend van aard (Benjamin, 2002:19). Benjamin voer redes hiervoor aan soos onder andere dat daar in die

alkoholmisbruik-gesinne komplekse gesinsprosesse aanwesig is wat begrip verg asook dat teoretiese riglyne rigtinggewend van aard is, en wat ook aan die navorser rigting vir sy ondersoek bied.

'n 'Perspektief' of 'n kombinasie daarvan, behels vir die navorser dat daar sowel na die geheel van die alkoholmisbruik-gesin se funksionering as meer spesifiek na die belewenis daarvan vir die plattelandse kind wat in sy middelkinderjare lewensfase verkeer, gekyk is. Deur gebruik te maak van 'n rekenaar soektog, resente, minder resente bronne en ander hulpwetenskappe waar nodig, is vanuit 'n navorsingsrol aandag geskenk aan die ekologiese sisteem- en veld teorieë wat bymekaar aansluit (Parlett, 2005:46; en Scieppi *et al*., 2000:45). Die rede hiervoor was dat albei 'n omvattende perspektief daarstel waarbinne die kind en die belangrikheid van die interaksie met sy veld of omgewing herken is. Vanuit die gestaltbenadering wat ook holisties van aard is, is geskikte toepasbare konsepte bespreek om verdere duidelikheid te verkry.

Doelwit 2: Die tweede doel was om die trianguleringsproses voort te sit en verdere inligting in te samel deur middel van:

- 'n Empiriese ondersoek met behulp van sinsvoltooiing met vyf kinderrespondente asook die voltooiing van 'n selfontwerpte vraelys wat opgevolg is met semi-gestruktureerde onderhoude met vyf ouers en onderwysers as respondente.

Die empiriese studie is uitgevoer deurdat die navorser die fenomenologies ondersoekmetode gebruik het om die kind van die middelkinderjare se belewenis van alkoholmisbruik in sy gesin weer te gee. Die doelwit is bereik, aangesien data ingewin is van die kind self, ouers en onderwysers, wat daartoe gelei het dat verskeie aspekte geïdentifiseer is van die middeljarige kind wat alkoholmisbruik in sy gesin beleef en met bestaande literatuur in verband gebring is. Hierdie inligting is in hoofstuk 4 weergegee.

Doelwit 3: Die derde doelwit was om data te analiseer volgens Creswell se data analise spiraal asook om die volgende moontlike temas en subtemas te identifiseer:

Kinderrespondente se persoonlike belewenis van

- sy alkoholmisbruik-gesinsfunksionering;
- homself as persoon;

- die skool; en
- maats, buurt en omgewing.

Ouers se belewenis van hul

- betrokke gesin;
- die kind se selfkonsep;
- die kind se gedrag by die skool; en
- die kind se skakeling met die maats, buurt en omgewing.

Onderwysers se belewenis van die

- betrokke gesin;
- die kind se selfkonsep;
- die kind se skoolgedrag; en
- die kind se maats, buurt en omgewing.

Doelwit 4: ’n Literatuurkontrolering deur die verifiëring van inligting aan die hand van bestaande literatuur is gedoen.

Aan die een kant is navorsingsbevindinge ten opsigte van die kollektiewe stem van die kind bekom en tydens die empiriese studie is praktykgerigte inligting deur middel van sinsvoltooiing met kinders ten opsigte van hul persoonlike belewenis en semi-gestruktureerde onderhoude met ouers en onderwysers, bekom.

Die studie is afgebaken tot die identifisering van belewenisse, gevoelens en gedragsreaksies as gevolg van alkoholmisbruik in die gesin waarvan die kind ’n deel vorm en in interaksie met sy omgewing verkeer. Die empiriese ondersoek en navorsingsbevindinge vanuit die bestaande literatuur as konseptuele raamwerk, is met mekaar in verband gebring ten einde duidelikheid te verkry van die ekologies-sistemiese omgewing van die plattelandse middeljarige kind wat deel vorm van sy alkoholmisbruik-gesin en sy belewenis daarvan.

Gevolgtrekkings en aanbevelings vir die bereiking van die bogenoemde doelwitte is geformuleer en word in hierdie betrokke hoofstuk weergegee.

5.4 Gevolgtrekkings

Die volgende gevolgtrekkings word gemaak vanuit die verkreë empiriese data, wat ingesamel is met behulp van die sinsvoltooiing van vyf middeljarige kinders as

kinderrespondente asook die voltooide selfontwerpte vraelys en semi-gestruktureerde onderhoude met vyf ouers en onderwysers:

- Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat die doel en doelwitte wat voor die aanvang van die studie gestel is, bereik is. ’n Empiriese ondersoek na die kind se belewenis van alkoholmisbruik in sy primêre gesin, suksesvol uitgevoer is deur die sinsvoltooiing van vyf middeljarige kinders asook die voltooide selfontwerpte vraelys en semi-gestruktureerde onderhoude met vyf ouers en onderwysers. Verder is die navorser van mening dat die navorsingsvraag beantwoord is, deurdat die empiriese data wat ingewin is die aard van die belewenis duidelik uitgelig het.
- Dit is duidelik uit die empiriese studie dat om met alkoholmisbruik in die gesin saam te leef, ’n definitiewe invloed het op die kind se belewenis van sy gesin.
- Die kinderrespondent hartseer voel oor die ouers se drinkgedrag en dat hy self vertroeteling benodig.
- Die kinderrespondent voel as gevolg van sy betrokkenheid by sy gesin verplig om medeverantwoordelikheid te aanvaar.
- Alhoewel skoolbesoek op sig self, naamlik die behoefte en geleentheid vir die kinderrespondente om sosiaal uit te beweeg met die ekologiese sisteemteorie, ooreenstemming toon, ontbreek die belewenis van sukses ten opsigte van skoolwerk.
- Dit is duidelik dat die kind se sosiale skakeling ’n positiewe emosionele belewenis is en dat moontlike kontakmaak met die polisie aan die ander kant, ’n gevoel van veiligheid gee.
- Die ouers as respondente beleef die kinders in die gesin as positief omrede die sosialisering realiseer. Die minimum bekommernisse wat voorkom hou verband met die tydfaktor wat die kind tuis deurbring en geen ernstige en of kroniese siekte toestande wat voorkom nie.
- Vanuit die ouers as respondente se visie blyk dit dat die kind met homself en sy huislike omstandighede grotendeels gelukkig is.
- Die ouers se belewenis van die kind by die skool hou verband met hulle waarneming ten opsigte van skoolbywoning wat nie ’n betrokke, volledige weergawe en insig bied nie.
- Dit blyk dat die kind tuis self funksionerend optree, dissiplinering van toepassing is, groot ouers betrokke is en gesinsfunksionering as privaat beskou word.

- Die onderwyserrespondente beleef slegs die volgende selfkonsep-eienskappe van die kind, naamlik vriendelikheid, gehoorsaamheid, verantwoordelike optrede, deelnemende betrokkenheid, bykans geen woede uitbarstings en soms onsekere gedrag.
- Onderwyserrespondente toon aan dat die kind se skoolbesoek, verhoudings en gedrag positief ervaar word, maar dat die kind swak konsentrasie vermoëns beleef.
- Negatiewe inligting ten opsigte van die kind se skakeling met sy maats, in sy buurt en omgewing is nie beskikbaar nie.
- Vanuit die inligting van die ouer- en onderwyserrespondente is ’n betekenisvolle verskil waargeneem deurdat hulle nie die begrip alkoholmisbruik gebruik of verwoord nie wat bevestig dat daar ’n stigma aankleef.
- Die ekonomiese kostes van alkoholmisbruik is deur al die respondente geïgnoreer.
- Verder het die kinderrespondente oor die impak van alkoholmisbruik op die gesinslewe melding gemaak van vreemde ’ontspannende‘ slaappatrone en ’n slanery’
- Hierdie betrokke alkoholmisbruik-gesinne het hul eie stel reëls wat deur die kinderrespondente as ’geen reëls‘ verwoord is.
- Dit is vanuit hierdie navorsingsbevindinge opmerklik dat die kinderrespondente ’n onderskeid getref het tussen ouers se drinkgedrag en emosies en laasgenoemde is beklemtoon.
- Verantwoordelikheid, take en daarmee saam oorlewing rolle wat die kind oorgeneem het, , ook ten opsigte van ouer rolle, verwys na oorbelading wat nie bevorderlik is vir die middelkinderjare kind se normale ontwikkeling nie.
- Die kinderrespondente het veral gefokus op negatiewe emosies wat sprekend was van die onderwysers se oningeligtheid.
- Die afwesigheid van selfkennis ten opsigte van die kind se sterktes, emosies en selfaanvaarding, ook om sy omgewing te begryp en verantwoordelikheid vir homself in sy bepaalde omstandighede te aanvaar, toon aan dat die kind nie oor ’n selfbewussyn beskik nie.
- Kennis aangaande bewustheid, ten opsigte van die ’hier en nou‘, is nodig om sy situasie te begryp en te poog om behoeftebevrediging te bewerkstellig.

- Die kind het ’n sterk behoefte aan goedkeuring en aanvaarding en omdat hy dit nie tuis ontvang nie, sal hy opoffer, selfs verander of aanpas in die samelewing om sy behoeftes te bevredig met die gevolg dat hy sy unieke identiteit verloor.
- Daar is weinig belangstelling en ondersteuning in gesinsverband waargeneem met die gevolg dat die ondersteuning vir die ontwikkeling van unieke kreatiewe individue vanuit gesinsverband nie moontlik is nie.
- Deurdat alkoholmisbruik die onderwerp is waarmee die kind tuis gepreokkupeer word en dit op sy voorgrond is, en hy van vriende en ander ondersteunende volwassenes afgesonder word, bied sy belewenis van skool ’n ander perspektief. Hiermee word bedoel dat die kind die onderwerpe waarop hy moet fokus by die skool stimulerend en positief ontwikkelend van aard vind. Verder beleef hy die interaksie met maats en ander ondersteunende volwassenes as positief opbouend.
- Die kind van die alkoholmisbruik-gesin vorder nie na die volgende fase van abstrakte denke nie.
- Die onbetrokke, oningeligte en onkundige ouer se leefwyse vir eksperimentering deur die kind bied nie goeie voorbeelde en gedrag nie.
- Dissiplinering, veiligheid en sekuriteit wat deur middel van grense geskep behoort te word teenoor die kind se daaglikse belewenis van sy situasie by die skool’ realiseer ook nie
- Verskeidenheid in die sosiale omgewing van die kind kan positief daartoe bydra dat hy bewus raak van ouderdomsverwante rolle, in teenstelling met die van die alkoholmisbruik-gesin waar dit van oorbelading spreek.
- Die kind behoort nie as ’n afsonderlike entiteit van sy omgewing beskou te word nie, maar eerder in ’n kreatiewe kontakproses met sy leefwêreld of veld. Dit is dus onmoontlik om die kind te verstaan behalwe wanneer hy binne sy omgewing waargeneem word. Hierdie belewenis of ervaring van sy omgewing, staan bekend as die kind se ’realiteit‘ wat dus in hierdie opsig nie ’n objektiewe begrip is nie.

5.5 Aanbevelings

Na aanleiding van die voorafgaande gevolgtrekkings kan die volgende aanbevelings gemaak word:

- Ouers en onderwysers moet bewus gemaak word van die impak van alkoholmisbruik in die gesin op die kind in die middelkinderjare.
- Die enigste realiteit waarmee die kind kan werk is dit wat hy in die ’hier en nou‘ ervaar, dus is inligting van die kind se proses van bewuswording, met die oog op hulpverlening nodig.
- Ouer bewusmaking en opleiding wat verband hou met nabootsing van ouers se gedrag, verwagtinge vanuit sosiale byeenkomste en genoegsame beïnvloeding is nodig .
- Herformulering vanuit die gestaltperspektief en die ekologiese sisteemteorie moet moontlik gemaak word vir alternatiewe gedrag in die alkoholmisbruik-gesin. Hierdie aanbeveling is moontlik indien al die betrokkenes, met spesifieke verwysing na die kind wat deel van sy gesinsisteem vorm en wat wedersyds beïnvloed word vanuit die veldteorie, betrek word by en begryp word deur die dinamiek en uitkoms van hulle gesinsfunksionering.
- Die kind wat alkoholmisbruik in sy primêre gesin beleef se ’stem‘ behoort in ag geneem te word ten einde sy persoonlike belewenis te begryp, en hulp en ondersteuning te ontvang in die vorm van spelterapie. Hiermee saam behoort ouers wat deel vorm van die alkoholmisbruik-gesin, opgelei te word om ’n onderskeid te kan tref tussen hul onderskeie rolle, naamlik hul huwelik- en ouerskap rolle, om as ’ouers‘ hul verantwoordelikhede na te kom.

5.6 Moontlike tekortkominge in die studie

Moontlike tekortkominge in die betrokke studie sal kortliks bespreek word:

- Daar kon nie inligting bekom word ten opsigte van die kind se belewenis van homself as mens en sy ervaring van positiewe denke nie.
- Die term en konsep disfunksionele gesin toon aan dat elke persoon op sy eie manier ongelukkigheid ervaar en dat die kind die ouers se rolle oorneem. Daar bestaan sover vasgestel kon word nie inligting oor die kind as betrokkene se belewenis daarvan nie.
- Indien meer respondente in so ’n studie betrek word, is dit moontlik dat meer temas geïdentifiseer sal word. Die studie was van ’n beperkte omvang en kan nie na die algemene populasie veralgemeen word nie.

5.7 Aanbevelings vir verdere navorsing

In hierdie afdeling maak die navorser sekere aanbevelings vir verdere studies:

- Die ontwikkeling van ’n program vir plattelandse middelkinderjare kinders, ouers en onderwysers waarmee alkoholmisbruik in die primêre gesin aangespreek kan word, en waarvan die effektiwiteit getoets kan word, word aanbeveel.
- ’n Verdere ontwikkeling van die voorgestelde program sodat dit op verskillende lewensfases en in kultuurgroepe toegepas kan word.

5.8 Algemene slotbeskouing

Die gesin het deur die eeue besondere betekenis gehad. Die funksies van die gesin, ook die gesin waarin alkoholmisbruik voorkom, is sosialisering, statusgewing en persoonlikheidsontwikkeling. Dit is ook in gesinsverband waar die kind en sy ouers leer om probleme te hanteer en waar hy tot volle ontplooiing kom indien sy ouerhuis positiewe waardes bied. Die gesin moet as eenheid gekoester word.

In hierdie studie is daar gefokus op die belewenis van die plattelandse middelkinderjare kind van alkoholmisbruik in sy primêre gesin. Dit bied aan gesinne in hierdie situasie en professionele individue in diensberoepe, belangrike insae in hierdie kinders se lewens en skep ’n bewuswording van die implikasies en belewenisse van alkoholmisbruik in die gesin.

LITERATUUROORSIG

AACAP. 1998. Facts for Families: Children of Alcoholics. Retrieved November 25, 2010 from the World Wide Web: http://www.alcoholism.miningco.com/msubkids.htm.

AMERICAN ACADEMY FOR CHILD AN ADOLESCENT PSYCHIATRY. Retrieved October 25, 2009 from the World Wide Web: http://www.aacap.org

ARMSWORTH, M.W. & HOLADAY, M. 1993. The effects of Psychological Trauma on Children and Adolescents. Journal of Counselling and Development. 72, September: 49-56.

ARONSTAM, M. 1989. Gestaltterapie. In Suid Afrikaanse Handboek van Abnormale Gedrag. Geredigeer deur D.A. Louw. Halfweghuis: Southern Boekuitgewers.

BARNETT, A.B. 2003. All in the family: resources and referrals for alcoholism. Journal of the American Academy of Nurse Practitioners, 15(10):467-472.

BECVAR, D.S. & BECVAR, R.J. 2006. Family therapy: a systemic integration. Sixth edition. Boston: Pearson Education, Inc.

BEKKER, G. 2004. ‘n Spelterapeutiese program vir die emosioneel beseerde pre-adolessent: ‘n Gestaltbenadering. In Oaklander, V. 1992. The relationship of Gestalt therapy to children. The gestalt journal 5(1)

BENJAMIN, R.D. 2004. Strategies to manage impasses. In Folberg, J. (Eds.) Divorce and Families, Models, Techniques and Approaches. New York: Guilford Press.

BERK, L.E. 2006. Child development. 7de Uitgawe. USA: Allyn & Bacon.

BLACK, C. 1981. It Will Never Happen To Me: Children of Alcoholics as Youngsters, Adolescents and Adults. Denver: Mac Publishing.

BLESS, C. & HIGSON-SMITH, C. 2004. Fundamentals of Social Research Methods. An African Perspective. Third Edition. Landsdowne: Juta Education.

BLOM, B. 2000. ‘n Gestaltspelterapeutiesehulpprogram in maatskaplike werk vir juniorprimêre skoolkinders se emosionele intelligensie. Ongepubliseerde PhD. Proefskrif (Maatskaplike Werk). Bloemfontein: Universiteit van Oranje Vrystaat.

BLOM, R. 2004. Handbook of Gestalt Play Therapy. South Africa: Rinda Blom

BRANDIS, A. 1998. Adult Children of Alcoholics. Retrieved November 25, 2010 from the World Wide Web: http://www.alcoholism.miningco.com/msubkids.htm.

BRONFENBRENNER, U. 1979. The ecology of human development. Cambridge, MA: Harvard University Press.

BRONFENBRENNER, U. 1981. Ecology of Human Development: Experiments by Nature and Design. USA: Harvard University Press.

BRONFENBRENNER, U. 1993. The ecology of cognitive development: Research models and fugitive findings, in Wozniak, R.S. & Fischer, W. Development in context. New York: Erlbaum.

BUDDY, T. 1998. Growing Up in an Alcoholic Home. Retrieved November 25, 2010 from the World Wide Web: http://www.alcoholism.miningco.com/msubkids.htm.

CASTRO, D.M., JONES, R.A. & MIRSALIMI, H. 2004. Parentification and the imposter phenomenon: an empirical investigation. The American journal of family therapy, 32:205-216.

CLARKSON, P. & MACKEWN, J. 2006. Key figures in Counselling and Psychotherapy: Fritz Perls. London: Sage Publishers.

CLARKSON, P. 1989.Gestalt Counseling in Action. London: Sage

CLARKSON, P. 2004. Gestalt Counselling in Action. London: Sage.

CLAYTON, L. 1995. Coping with a Drug-Abusing Parent. New York: The Rosen Publishing Group, Inc.

COCORES, J. 1990. The 800-Cocaine Book of drug and Alcohol Recovery. New York: Villard Books.

COETZEE, L. 1997. Selfondersteuning as bousteen vir selfvertroeteling in spelterapie: ‘n Maatskaplikewerk-perspektief. M.Ed Verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

COMER, R.J. 2007. Abnormal Psychology. New York: Worth

COREY, G. 1995. Theory and practice of group counseling. 4th edition. California: Brooks/Cole Publishing Company.

CORWYN, R.F. & BRADLEY, R.H. 2005. Socioeconomic status and childhood externalizing behaviours. In Bengtson, V.L., Acock, A.C., Dilworth-Anderson, P. & Klein, D.M. Sourcebook of family theory and research. Thousand Oaks: Sage Publications.

CRESPI, T.D. & SABATELLI, R.M. 1997. Children of Alcoholics an Adolescence: Individuation, Development, and Family Systems, Adolescence, 32(126), Summer: 407-417.

CRESWELL, J.W. 2009. Research Design: Qualitative, Quantitative and Mixed Methods Approaches. Third Edition. Sage Publications.

DAYTON, T. 2011. Portrait of an Alcoholic Family: Forgotten Children; Right Next Door? Retrieved June 20, 2011 from the World Wide Web: http://www.nacoa.org

DE BEER, N. 2000. ‘n Intervensieprogram met die laerskoolkind van die alkoholis: ‘n Maatskaplikewerkperspektief. Unpublished Phd.- Dissertation. Pretoria: University of Pretoria.

DE KLERK, R. & LE ROUX, R. 2004. ‘n Praktiese gids vir ouers en onderwysers: emosionele intelligensie vir kinders en tieners. Kaapstad: Human & Rossouw.

DELPORT, C.S.L., FOUCHÉ, C.B. & SCHURINK, W. 2011. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 4th edition. Pretoria: Van Schaik Publishers.

DE VILLIERS, J. 2004. Terapeutiese perdry ter bevordering van bewustheid by die kind met Fetale alkohol sindroom. M.Diac-tesis. Pretoria: Universiteit van Suid Afrika.

DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHÉ, C.B. & DELPORT, C.S. L. 2011. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 4th edition. Pretoria: Van Schaik Publishers.

DOWRY, C. 2007. Alcohol and Substance Abuse in Rural Areas. Cape Gateway, 11 Junie:1.

FAS-PROJEKTE. Retrieved November 15, 2009 from the World Wide Web: http://www.fasdsa.org/research.html

FISHER, G.L. & HARRISON, T.C. 2000. Substance Abuse: Information for school Counselors, Social Workers, Therapists, and Counselors. United States of America: Allyn & Bacon

FOUCHÉ, C.B. & DE VOS, A.S. 2011. Formal formulations. In De Vos, A.S. (ed). Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 4th edition. Pretoria: Van Schaik Publishers.

FOUCHÉ, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2011. Introduction to the research process. In De Vos, A.S. (ed). Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 4th edition. Pretoria: Van Schaik Publishers.

FOUCHÉ, C.B. & SCHURINK, W. 2011. Qualitative research designs. In De Vos, A.S. (ed). Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 4th edition. Pretoria: Van Schaik Publishers.

GMEL, G. & REHM, J. 2003. Harmful alcohol use. Alcohol Research and Health, 27(1):50-62.

GOTTFRIED, A.E. 1988. Maternal employment family environment and children's development: Infancy through the school years. Greenwich: CT Press.

GRAVER, C.M. & MORSE, L.A. 1986. Helping children of divorce: A group leader's guide. Illinois: Charles C Thomas.

GREEFF, M. 2011. Information collection: Interviewing. In De Vos, A.S. (ed). Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 4th edition. Pretoria: Van Schaik Publishers.

GREEN, J., STANLEY, C., SMIT, V. & GOLDWYN, R. 2000. A new method of evaluating attachment representations in young school-age children. The Manchester Child Attachment Story Task. Attachment and Human Development. 2(1).

GROENEWALD, E.M. 2002. 'n Gestaltterapeutiese program vir die toesighoudinde moeder in 'n egskeidingsituasie: 'n Maatskaplike werk perspektief. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Tesis)

HANCOCK, D.R. & ALGOZZINE, B. 2006. Doing Case Study Research: A Practical Guide for Beginning Researchers. Teachers College Press.

HERBET, M. & HARPER-DORTON, K. 2002. Working with children, adolescents and their families. Derde uitgawe. London: MPG Books Limited.

IRVING, H.H. & BENJAMIN, M. 2002. Therapeutic families: helping families resolve conflict. Thousand Oaks: Sage.

JOYCE, P & SILLS, C. 2003. Skills in Gestalt Counselling and Psychotherapy. London: SAGE Publishers Ltd.

JOYCE, P & SILLS, C. 2010. Skills in Gestalt Counselling and Psychotherapy. Second edition. London: SAGE Publishers Ltd.

KAIJ, L. 1960. Alcoholism in Twins. Studies on the etiology and sequels of abuse of alcohol. Stocholm: Almqvist & Wiksell Publishers.

KAPLAN, P.S. 2000. A Child's Odyssey: Child & Adolescent Development. 3de Uitgawe. USA: Wadsworth.

KELLY, M. & MARE, R.D. 2006. Recent Trends in the Inheritance of Poverty and Family Structure. Journal of Social Science Research. 35(2):471-499.

KELLY, V. A. & MYERS, J.E. 1996. Parental Alcoholism and Coping: A comparison of female Children af Alcoholics with Female Children of Nonalcoholics. Journal of Counselling and Development, 74, May: 501-504.

KIRCHNER, M. 2003. Gestalt Therapy Theory: An Overview. Gestalt! Vol. 4. Nr.3. Gestalt Global Corporation.

KNOP, J., TEASDALE, T.W., SCHULSINGER, F. & GOODWIN D.W. 1985. A prospective study of young men at high risk for alcoholism: School behavior and achievement. Journal of Studies on Alcohol. 46(4): 273-278.

KORB, M.P. 1999. Redefininf maturity and maturational processes. The Gestalt Journal. Vol. XXII. No. 2 (1-24). Spring.

KROLL, B. 2004. Living with an elephant: growing up with parental substance misuse. Child and Family Social Work, 9:129-140.

KUSHNER, M., SHER, K.J. & BEITMAN, B. 1990. The relation between alcohol problems and the anxiety disorders. American Journal of Psychiatry. 147: 685-695.

LAMBI, G.W. & SIAS, S.M. 2005. Children of alcoholics: implications for professional school counselling. Professional School Counselling, 8 (3):266-273.

LATNER, J. 2000. The Theory of Gestalt Therapy. In Nevis, E. C. Gestalt Therapy; Perspectives and Applications. Cambridge: GestaltPress.

LEWIS, J.A., LEWIS, M.D., DANIELS, J.A. & D'ANDREA, M.J. 2003. Community Counseling: Empowerment Strategies fo a Diverse Society. 3de uitgawe. United States of America: Thomson Brooks/Cole.

LEWIS, S. 1999. Childhood trauma: Understanding childhood trauma in South Africa. South Africa: David Phillip Publishers

LOUW, D. & EDWARDS, D. 1998. Sielkunde: 'n Inleiding vir studente in Suider-Afrika. 2de uitgawe. Johannesburg: Heinemann

LOUW, D.A., VAN EDE, D.M. & FERNS, I. 1998. Die middelkinderjare. In Louw, D.A., Van Ede D.M. & Louw A.E. (ed). Menslike ontwikkeling. 3de Uitgawe. Kaapstad: Kagiso Tersiêr.

LOWENSTEIN, D. 2011. Children of Alcoholics. Retrieved June 20, 2011 from the World Wide Web: http://www.nacoa.org

LOXTON, H. 2004. Enkele ander ontwikkelingsteorieë. In Wait, J., Meyer, J. & Loxton, H. Menslike ontwikkeling 'n psigososiale perspektief. Parow Oos: Ebony Books.

MACKEWN, J. 1997. Developing Gestalt Counselling. London: Sage Publishers.

MALHERBE, B.R. 1993. Die Maatskaplike Funksionering van die Kind van die Alkoholis: ‘n Verkenningstudie. Maatskaplike Werk, 29(3): 253-267.

MARLIN, E. 1988. Hope, New Choices and Recovery. Strategies for Adult Children of Alcoholics. New York: Harper & Row Publishers.

MASH, E.J. & WOLFE, D.A. 2005. Abnormal Child Psychology. Third Edition. Wadsworth: United States of America.

MCLEOD, J. 2003. Doing Counselling Research. 2nd Edition. London, New Delhi: Sage Publications.

MILLER, D. & JANG, M. 1977. Children of alcoholics: A 20-year longitudinal study. Social Work Research & Abstracts. 13: 23-29.

MOUTON, J. 2002. Understanding Social Research. Pretoria: Van Schaik.

MOUTON, J. & MARAIS, H.C. 1992. Basiese begrippe: Metodologie van die Geesteswetenskappe. Derde druk. Pretoria: RGN Uitgewers

MWAMWENDA, T.S. 1996. Educational Psychology: An African Perspective. 2de Uitgawe. Durban: Butterworths.

NATIONAL ASSOCIATION FOR CHILDREN OF ALCOHOLICS 2011. Children of Addicted Parents: Important Facts. Retrieved June 20, 2011 from the World Wide Web: http://www.nacoa.org

NATIONAL INSTITUTE ON ALCOHOL ABUSE AND ALCOHOLISM, 2000-2011. Retrieved October 25, 2011 from the World Wide Web: http://www.niaaa.nih.gov/Publications/AlcoholResearch/Pages/default.aspx

NELSON, D.A. & CRICK, N.R. 2002. Parental psychological control: Implications for childhood physical and relational aggression. In Barber, B.K. Intrusive parenting: How phsycological control affects children and adolescents. Washington: American Psychological Association.

NEVID, J.S., RATHUS, S.A. & GREENE, B. 2003. Abnormal Psychology in a changing world. 5de Uitgawe. United States of America: Prentice Hall.

NEUMAN, W.L. 2003. Social Research Methods Qualitative and Quantitative Approaches. Boston: Allyn and Bacon.

NIEUWNHUIS, J. 2007. Introducing qualitative research. In Maree, K. First Steps in Research. Pretoria: Van Schaik Publishers.

NIXON, S.J. & TIVIS, L.J. 1997. Neuropsychological Responses in COAs. Alcohol Health an Research World. Vol.21, No.3:232-235.

NTSHANGASE, S. 2008. Middle childhood. In Swartz, L., de la Rey, C., Duncan, N. & Townsend, L. (ed). Psychology an introduction. 2nd edition. South Africa: Oxford.

O'LEARY, E. 1992. Gestalt Therapy: Theory, practice and research. London: Chapman Hall.

OAKLANDER, V. 1988. Windows to Our Children: A Gestalt Therapy Approach to Children and Adolescents. New York: Real People Press.

OAKLANDER, V. 1994. Gestalt play therapy. In O'Conner, K. & Schaefer, C., ed. Handbook of play therapy. New York: John Wiley.

OCTOBER, A. 2010. Alkohol is erger as tik, sê De Lille by drankkonferensie. Die Burger: 24, 2 Okt.

POTGIETER, R. 1999. RP Model in Kinderassessering. Sesde druk. Pretoria: RP Training Institute

PARLETT, M. 1991. Reflections on Field Theory. British Gestalt Journal. Vol.1 No. 1

PARLETT, M. 2005. Comtemporary Gestalt theory: field theory in Woldt, A.L. & Toman, S.M. Gestalt Therapy – History, Theory and Practice. Thousan Oaks, CA: Sage.

PERLS, F. 1976. The Gestalt Approach: Eye Witness to Therapy. United States of America: Science and Behavior Books, Inc.

PERLS, F.S. 1973. The gestalt approach and eye witness to therapy. California: Science and Behavior Books.

PERLS, F.S., HEFFERLINE, R.F. & GOODMAN, P. 1951. Gestalt Therapy: Excitement and Growth in the Human personality. London: Souvenir.

PHILIPPSON, P. 2011. A map of Gestalt therapy. Manchester: Gestalt Centre.

PHILIPPSON, P.A. 2001. A Field Approach to Supervision. Manchester: Gestalt Centre.

POLSTER, E. & POLSTER, M. 1999. From the Radical Centre. Cambridge: GIC Press.

PORTER, C. 1983. Spelterapie met die sorgbehoewende kind. Unpublished D.Phil thesis. Pretoria: University of Pretoria.

PRETORIUS, J.W.M. 1998. Sosiopedagogiek. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

PROCHASKAS, J.O. & NORCROSS, J. 2003. Systems of psychotherapy: a transtheoretical analysis. Fith Edition. United States of America: Books/Cole.

REBER, A.S. & REBER, E.S. 2001. The penguin dictionary of psychology. Third edition. England: Penguin Books.

REDDY, K. 2009. Adolescents'experience of the impact of alcoholism in thei families. M-Thesis. Pretoria: University of South Africa

ROBINSON, B.E. 1989. Working with Children of Alcoholics. The Practitioner's Handbook. Lexington: Lexington Books.

ROSE, H.A. 2005. Application of Pepper's world hypothesis to family theories. In Bengtson, V.L., Acock, A.C., Dilworth-Anderson, P. & Klein, D.M. Sourcebook of family theory and research. Thousand Oaks: Sage Publications.

ROOTH, E. 1997. Introduction to lifeskils: Hand-on approaches to lifeskills education. Pretoria: Via Africa.

RUANE, J.M. 2005. Essentials of Research Methods. Malden MASS: Blackwell Publications.

RUSSELL, M., HENDERSON, C., & BLUME, S.B. 2004. Children of alcoholics a review of the literature. New York: Children of Alcoholics Foundation, Inc.

SCHOEMAN, J.P. 2006. Spelterapie: Die onontbeerlike vaardigheid in terapie met die kind. Wellington: Sentrum vir Spelterapie.

SCHURINK, W., FOUCHÉ, C.B. & DE VOS, A.S. 2011. Qualitative data analysis and interpretation. In De Vos, A.S. (ed). Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 4th edition. Pretoria: Van Schaik Publishers.

SCHWARTZ, L.L., & KASLOW, F.W. 1979. Painful Partings. New York: John Wiley & Sons Inc.

SEILHAMER, R.A. 1991. Effects of Addiction on the Family. In Daley, D.C. & Raskin, M.S. Treating the Chemically Dependent and Their Families. London: Sage Publications.

SHAFFER, D.R. 1999. Developmental psychology: childhood and adolescence. 5de Uitgawe. Pacific Grove: Brooks/Cole Uitgewers.

SHAFFER, D.R. 2002. Developmental psychology. 6de Uitgawe. London: Thompson Wadsworth.

SILLS, C., FISH, S. & LAPWORTH, P. 1996. Gestalt Counselling. United Kingdom: Winslow Press.

SIMONS, R.L. 1992. Support from spouse as a mediator and moderator of the disruptive influence of economic strain on parenting. Child development. (63) 1282-1301.

SLAVIN, R.E. 1997. Educational Psychology: Theory and Practice. 5de Uitgawe. Boston: Allyn and Bacon.

SOUTH AFRICA. Department of Trade and Industry. 2003. Liquor Act 59 of 2003. Retrieved August 23, 2011 from the World Wide Web: http://www.trevenna.net/nla/nationalliquorlaw.htm

STAHL, M.P. 1999. Complex issues in child custody evaluations. London: Sage Publications.

STRYDOM, H. & DELPORT, C.S.L. 2011. Sampling and pilot study in qualitative research. In De Vos, A.S. (ed). Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 4th edition. Pretoria: Van Schaik Publishers.

STRYDOM, H. 2011. Ethical aspects of research in the social science and human service professions. In De Vos, A.S. (ed). Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 4th edition. Pretoria: Van Schaik Publishers.

SWART, E. & PHASA, T. 2005. Family and Community Partnerships. In Addressing Barriers to Learning. Asouth African Perspective. Geredigeer deur Landsberg, E. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

THOMPSON, C.L. & RUDOLPH, L.B. 1992. Counselling children. Pacific Grove. California: Brooks/Cole Publishing Company.

THOMPSON, C.L. & RUDOLPH, L.B. 2000. Counselling children. 5de Uitgawe. USA: Brooks/Cole Publishing Company.

TLHOAELE, O.O. 2003. The effect of alcoholism in the family on young offenders. M-tesis. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

TRUSTEE STUDENT LIFE, HEALTH AND ATHLETICS COMMITTEE, 1999. Report on the trustee initiative on alcohol abuse. Princeton University. Retrieved
VAN WORMER, K. 1995. Alcoholism Treatment: A Social Work Perspective. Chicago: Nelson-Hall Publishers.

VON SYDOW, K. 2002. Systemic attachment theory and therapeutic practice: a proposal. Clinical Psycology and Psychotherapy, 9:77-90.

WAIT, J. 2004. Die middel-kinderjare. In Wait, J., Meyer, J. & Loxton, H. Menslike ontwikkeling ‘n psigososiale perspektief. Parow Oos: Ebony Books.

WEGSCHEIDER, S. 1981. Alcoholism: From the Family Trap to Family Freedom. Maryland: Aspen Publishers, Inc.

WEISS, L. & WEISS, J.B. 1989. Recovery from Co-Dependancy. It’s Never to late to Reclaim Your Childhood. Florida: Health Communications Inc.

WENAR, C. & KERIG, P. 2000. Developmental psychopathology (4de uitgawe). USA: McGraw Hill.

WILSON, S.D. 1989. Counseling Adult Children of Alcoholics. London: Word Publishing.

WOITITZ, J.G. 1983. Adult Children of Alcoholics. Hollywood: Communications, Inc.

WOLF, C.T. & Peregoy, J. J. 2003. Assessing Parenting Capability. In Handbook of Couple and Family Assessment. Edited by K. Jordan. New York: Nova Science Publishewrs, Inc.

WOOD, B.L. 1992. Raising Healthy Children in an Alcoholic Home. New York: The Crossroad Publishing Company.

YONTEF, G. 1993. Awareness, Dialogue and Process: Essays on Gestalt Therapy. New York: The Gestalt Journal Press.

YONTEF, G.M. & FUHR, R. 2005. Gestalt Therapy Theory of Change. In Woldt, A.L. & Toman, S.M. Gestalt Therapy History, Theory, and Practice. California: Sage Publications, Inc.

ZAAIMAN, S.J. 2003. Navorsing. Module 5. Ongepubliseerde studiegids vir M Diac-studente. Wellington: Hugenote Kollege.

ZEENA, 2004. Family relationships: Family violence. Retrieved June 25, 2011 from the World Wide Web: http://www.northstar.k12.ak.us/schools/tan/health/family/james.html.

BYLAAG 1

KONTRAK VIR TOESTEMMING EN KONFIDENSIALITEIT

Ek, Saryna van der Westhuizen onderneem dat alle inligting en gegewens wat tydens die navorsing met die kinders van plaaswerkers in die Oudtshoorn distrik wat alkoholmisbruik in hul primêre gesinne beleef, as konfidensieel hanteer sal word en dat die verskillende partye se belange ten alle tye op die hart gedra sal word.

_____ _____

Saryna van der Westhuizen Datum

Ek _____ die ouer/voog van _____

gee hiermee toestemming dat die bovermelde kind by die navorsing mag inskakel.

_____ _____

Handtekening Datum

BYLAAG 2: Onvoltooide sinne aan kinders

STRENG VERTROULIK

Ouer/Voog: ..... Datum: .....

Naam: ..... Ouderdom: .....Geslag: .....

1. Ons gesin bestaan uit .....gesinslede en ek staan.....in die gesin.
2. Ek en mamma .....
3. Ek en pappa .....
4. Pappa en mamma drink .....
5. Meeste tannies/mammas .....
6. Meeste ooms/pappas .....
7. As my ma hartseer is .....
8. As my ma kwaad is .....
9. As my pa hartseer is .....
10. As my pa kwaad is .....
11. As my ouers drink .....
12. As my ouers baklei .....
13. As ek slaap .....
14. Naweke .....
15. Gedurende die week .....
16. Dinge by die huis wat ek moet doen, is .....
17. In die middag na skool .....
18. Wanneer ek wakker word en reg maak vir skool .....
19. .....maak kos in die oggend.
20. Ek hou daarvan as mamma/pappa my by die huis help met .....
21. Ek word gestraf .....
22. .....versorg vir boetie of sussie.
23. Ek is gelukkig wanneer ek .....
24. Ek wens .....
25. Ek voel hartseer .....
26. Partykeer wil ek .....
27. My maag en kop .....
28. Ek is lief vir .....
29. Liefde is ....

30. Omgee is .....
31. Wanneer ek bang is.....
32. As ek kwaad is .....
33. Ek sukkel .....
34. Ek praat met ander oor my ouers en dan voel ek .....
35. Ek mis.....
36. Wat ek nodig het, is.....
37. Dit pla my as .....
38. Ek is jammer .....
39. Dit is my skuld .....
40. Ek is bekommerd .....
41. Ek voel alleen .....
42. Ek is gelukkig as.....
43. My grootste geheim .....
44. Eendag wil ek graag .....
45. Ek hou van .....
46. Ek hou nie van nie .....
47. Ek mis .....
48. Lees is .....
49. Somme is .....
50. By die skool .....
51. .....help my met my huiswerk.
52. My huiswerkboekie word .....
53. Waar ons woon.....
54. Ons bure .....
55. By die kerk .....
56. As ek kliniek toe gaan .....
57. Die polisie .....
58. Ek voel veilig/onveilig in ons buurt .....
59. Ek speel graag .....
60. My maats hou .....

BYLAAG 3: Vraelys deur die ouer en onderwyser ten opsigte van die kind.

STRENG VERTROULIK

Ouer/Voog/Opvoeder: _____ Datum: _____

Naam van kind: _____ Ouderdom:_____ Geslag: _____

Beantwoord asseblief elke vraag so eerlik en versigtig as wat u kan

Ontwikkelingsmylpale

1. Beskryf die betrokke kind se skoolbywoning en akademiese vordering huidiglik.

_____

_____

_____

2. In wie se sorg is die kind na skool?

_____

3. Met wie het die kind na jou mening die beste emosionele verhouding en sal hy/sy in sy/haar vertroue neem?

_____

Mediese geskiedenis

4. Operasies/ Ernstige siektes/ gebreke: _____
5. Enige diagnose soos ADHA, ADD, Epilepsie, Allergieë? _____

_____

6. Beleef die kind enige omstandighede wat vir hom/haar stres veroorsaak, bv. die dood van ‘n dier/bekende persoon, seksuele misbruik of gesinsgeweld? Indien wel, omskryf die omstandighede en sy gedrag en vermeld asseblief indien hy/sy terapie ontvang.

_____

_____

_____

Temperament of Persoonlikheid

7. Wat is die kind se positiewe eienskappe?

_____
_____

8. Wat is die kind se negatiewe eienskappe?

_____
_____

9. Beskryf u verhouding met die betrokke kind.

_____
_____
_____

10. Beskryf die kind se mees aanvaarbare gedrag?

_____
_____
_____

11. Beskryf die kind mees onaanvaarbare gedrag?

_____
_____
_____

12. Beskryf die kind se interaksie tuis in die gesin, voor ander mense, met ander kinders by die skool of in die buurt.

_____
_____
_____

13. Ervaar die kind enige probleme by die skool? Indien ja verduidelik.

_____
_____
_____

14. Is die kind soggens betyds vir skool? Beskryf aard van probleme tydens skooldag of huiswerk.

_____
_____
_____

15. Ervaar die kind enige probleme tuis? Beskryf die aard van die probleme.

_____
_____
_____

16. Ervaar die kind enige woede uitbarstings? Indien wel, omskryf die aard daarvan.

_____
_____
_____

17. Blyk dit of die kind u emosioneel/fisies/finansieel/met verantwoordelikhede wil ondersteun? Indien wel, omskryf.

_____
_____
_____

18. Tree die kind besonder verantwoordelik tuis/by maats/skool op? Indien wel, omskryf.

_____
_____
_____

19. Merk u gedrag by die kind op wat blyk asof hy/sy depressief, angstig of arrogant is?

_____
_____

20. Beskryf die kind as mens met een van die volgende begrippe: Maklik, Moeilik, Skaam en teruggetrokke, deelnemend en betrokke.

_____
_____

21. Kla die kind van maag- of hoofpyn? Indien wel, waar en wanneer kom dit voor?

_____
_____

22. Hoe dink jy sien die kind homself?

_____
_____
_____

<u>Ouerskapstyl</u>

23. Beskryf die aard van die kind se verhouding/verbintenis met sy/haar gesin. (Bv. Aard van kontak, opstaan- en slaap tye)

_____
_____
_____

24. Hoe dikwels (wanneer, waar en hoe) doen julle iets saam en watter tipe van gesinsvermaak?

_____
_____
_____

25. Wanneer, (tuis, skool, buurt) waarvoor en hoe kry die kind erkenning?

_____
_____
_____

26. Wanneer, (tuis, skool, buurt) waarvoor en hoe ontvang hy/sy straf?

_____

_____

_____

27. Onderstreep moontlike aspekte en terreine waaroor u bekommerd is ten opsigte van die kind se grootword proses bv. voorregte, geleenthede, tekortkominge, fisies, emosioneel, veiligheid, verhoudings, wyse van besluitneming, gesagsposisie, betrokkenheid, opdragte, optrede gesprekvoering, konflikhantering.
28. Is daar enige ander inligting wat u sou wou byvoeg oor die kind?

_____

_____

_____

_____

HANDTEKENING

DANKIE VIR U SAMEWERKING, DIT WORD WAARDEER